

1 KONINGS

Inleiding 1 en 2 Konings

Die naam *1 en 2 Konings* is 'n vertaling van die Hebreeuse naam van die twee boeke, en hou verband met die hooffigure daarin, naamlik die konings van Israel en Juda. Hierdie boeke vorm saam met *Josua, Rigters*, en *1 en 2 Samuel* 'n groep wat bekend staan as die Vroeë Profete. In die Septuagint word *1 en 2 Samuel* en *1 en 2 Konings* as een geskiedenis beskou en word dit *1, 2, 3 en 4 Konings* genoem.

Die boeke *1 en 2 Konings* het in die tyd van die Babiloniese ballingskap hulle finale vorm gekry. Die laaste historiese verwysing in *2 Konings* is die vrylating van Jojagin in 560 vC (2 Kon 25:27-30). Dit is duidelik dat die uiteindelijke samestellers van *1 en 2 Konings* waarskynlik uit profetekringe gekom het, en gebruik gemaak het van bestaande mondelinge en skriftelike oorlewering. Bronne wat vermeld word, is die Geskiedenis van Salomo (1 Kon 11:41), die Kronieke van die konings van Israel (bv 1 Kon 14:19) en die Kronieke van die konings van Juda (bv 1 Kon 14:29). Verder was daar oorspronklik selfstandige vertellings wat in die boeke opgeneem is, soos die vertelling oor die troonopvolging (dele van 2 Sam en 1 Kon 1 — 2), oor Elia en Elisa (1 Kon 17 — 19; 21; 2 Kon 1), en oor Agab (1 Kon 20; 22:1-38). Die eerste lesers van die twee boeke was waarskynlik Judese ballinge in Babilonië.

Die boeke *1 en 2 Konings* is in die vorm van prosa, met drie kort dele poësie (1 Kon 19:11-12; 2 Kon 19:21-34; 21:12-15) en 'n lys (1 Kon 4:1-19). Dit dek die verloop van Israel en Juda se koningsgeskiedenis vanaf Salomo tot die Babiloniese ballingskap.

Die konings word beoordeel aan die hand van die wette van die boek *Deuteronomium* (vgl 1 Kon 2:3), en ongehoorsaamheid daaraan word voorgehou as die rede vir die wegvoering van Israel (2 Kon 17:1-23) en Juda (2 Kon 24:20) in ballingskap. Dawid dien deurgaans as voorbeeld van 'n koning wat gedoen het wat die HERE verwag, en Jerobeam, seun van Nebat, wat die rykskeuring gelei het, word voorgehou as 'n voorbeeld van hoe 'n koning nie moet optree nie. Die finale redakteurs gee aan profete 'n belangriker rol as aan konings en priesters. Al die wonderwerke gebeur byvoorbeeld waar profete teenwoordig is, en die boodskap is deurgaans dat profesieë vervul word. Teen die agtergrond van die Babiloniese ballingskap, toe daar geen koning of priester was nie, is dit begryplik. Die ballinge word by implikasie opgeroep om hulle hoop te vestig op dié profesieë wat 'n nuwe toekoms vir die volk van God voorsien het. Om gehoorsaam te wees aan die wil van God, soos vervat in die boek *Deuteronomium*, en om ag te slaan op die profete se waarskuwings, was die voorwaardes vir 'n toekomstige herstel van die volk.

Die boeke kan soos volg ingedeel word:

1 Kon 1 — 11 Koning Salomo en die tempelbou

1 Kon 12 — 16 Die vroeë geskiedenis van die koninkryke van Israel en Juda

1 Kon 17 — 2 Kon 8:15 Die profete Elia en Elisa

2 Kon 8:16 — 17:41 Die geskiedenis van Israel en Juda, tot die val van Samaria

2 Kon 18 — 25 Die geskiedenis van Juda tot die Babiloniese ballingskap

1

Salomo die nuwe koning

¹ Toe koning Dawid oud en gevorderd in jare was,^{*} het hulle hom met klere^a toegemaak, maar hy kon nie warm word nie. ² Sy dienaars sê toe vir hom: “Laat hulle vir my heer die koning 'n jong meisie, 'n maagd, soek wat by die koning diens kan doen. Sy kan die koning versorg en teen u bors lê, sodat my heer die koning warm kan word.”

³ Hulle het toe in die hele gebied van Israel na 'n mooi jong meisie gesoek. Hulle het Abisag, uit Sunem,^b gekry en haar vir die koning gebring. ⁴ Die jong meisie was besonder mooi. Sy het die koning versorg en het hom bygestaan, maar die koning het nie met haar intiem verkeer nie.

⁵ Adonia, seun van Gaggit,^c het homself verhef deur te sê: “Ek is die een wat koning gaan word!” Hy het vir homself strydwaens en spanne perde^d aangeskaf en vyftig man wat voor hom uit hardloop.^{*} ⁶ Sy lewe lank het sy pa hom nie tereggewys deur te sê, “Hoekom tree jy so op?” nie. Ook hy was 'n besonder aantreklike man. Sy ma^e het hom ná Absolom in die wêreld gebring. ⁷ Adonia het met Joab, seun van Seruja,^{*}

^{*}1:1 koning ... was: 2 Sam 5:4; 1 Kon 2:10-11

^a1:1 klere: Dit verwys hier waarskynlik na die bokleed wat ook snags as kombers kon dien; vgl Deut 24:13.

^b1:3 Sunem: 'n Dorpie langs die Jisreëlvlakte, 12 km noordwes van die berg van Gilboa en 15 km noordwes van Megiddo; vgl 1 Sam 28:4.

^c1:5 Gaggit: Een van Dawid se vroue; vgl 2 Sam 3:4.

^d1:5 spanne perde: Kan ook vertaal word “strydwabemanning”.

^{*}1:5 Hy ... hardloop: 2 Sam 15:1

^e1:6 ma: Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel. Hy en Absalom het nie dieselfde ma gehad nie; vgl 2 Sam 3:4.

^{*}1:7 Joab ... Seruja: 1 Sam 26:6; 2 Sam 8:16

en met Abjatar, die priester,* onderhandel, en hulle het hulle gewig agter hom ingegooi.^f ⁸ Sadok, die priester,* Benaja, seun van Jojada,* Natan, die profeet,* asook Simeï* en Reï en die helde in diens van Dawid,* het hulle nie by Adonia geskaar nie.

⁹ Adonia het toe kleinvee, beeste en vetgemaakte kalwers geslag by die klip van Sogelet, wat langs Rogelfontein* is. Hy het al sy broers, die koning se seuns, uitgenooi, asook al die manne van Juda, die amptenare van die koning. ¹⁰ Maar Natan, die profeet, en Benaja, asook die helde en sy broer Salomo,* het hy nie genooi nie. ¹¹ Natan sê toe vir Batseba, Salomo se ma:* “Het u nie gehoor dat Adonia, seun van Gaggit, koning geword het, terwyl ons heer Dawid nie daarvan weet nie? ¹² Kom dan nou, laat ek u tog met raad bedien, sodat u u lewe en die lewe van u seun Salomo kan red. ¹³ Gaan in na koning Dawid en sê vir hom, ‘Het u, my heer die koning, nie self 'n eed afgelê vir u dienaressie, met die woorde: “Salomo, jou seun, sal beslis ná my koning word. Dit is hy wat op my troon sal sit.” Waarom het Adonia dan koning geword?’ ¹⁴ Kyk, terwyl u dan nog daar besig is om met die koning te praat, sal ek ná u binnekom en u woorde beaam.”

* **1:7 Abjatar, die priester:** 1 Sam 30:7; 2 Sam 8:17; 15:35; Mark 2:26

^f**1:7 gewig ... ingegooi:** Die bronteks lui “agter Adonia hulp verskaf”.

* **1:8 Sadok, die priester:** 2 Sam 8:17; 1 Kron 6:8,12; 24:6

* **1:8 Benaja ... Jojada:** 2 Sam 1:8; 23:20-33; 1 Kon 4:4

* **1:8 Natan die profeet:** 2 Sam 7:2,17; 12:1,7

* **1:8 Simeï:** 2 Sam 16:5-13; 19:16-23

* **1:8 helde ... van Dawid:** 2 Sam 23:8-39

* **1:9 Rogelfontein:** Jos 15:7; 18:16; 2 Sam 17:17

* **1:10 sy broer Salomo:** 2 Sam 5:14

* **1:11 Batseba ... ma:** 2 Sam 11:1-27; 12:24

¹⁵ Batseba gaan toe in na die koning in die kamer. Die koning was baie oud, en Abisag, uit Sunem, het die koning bygestaan.* ¹⁶ Batseba het gekniel en diep gebuig voor die koning. Die koning sê toe: “Wat het jy op die hart?”^g ¹⁷ Sy het hom geantwoord: “My heer, u het self by die HERE u God, vir u dienares 'n eed afgelê, ‘Salomo, jou seun, sal beslis ná my koning word. Dit is hy wat op my troon sal sit.’ ¹⁸ En kyk, nou het Adonia koning geword, en u,^h my heer die koning, weet dit nie eers nie. ¹⁹ Hy het 'n groot aantal beeste, vetgemaakte kalwers en kleinvee geslag en al die seuns van die koning, en ook Abjatar, die priester, en Joab, die aanvoerder van die leër, genooi. Salomo, u dienaar, het hy nie genooi nie. ²⁰ En nou,ⁱ my heer die koning: Die oë van die hele Israel is op u gerig om aan hulle bekend te maak wie op die troon van my heer die koning gaan sit ná hom. ²¹ Dit kan gebeur dat, sodra my heer die koning by sy voorouers gaan rus,* ek en my seun Salomo as skuldiges uitgemaak sal word.”

²² Juis toe, terwyl sy nog besig is om met die koning te praat, kom Natan, die profet, binne. ²³ Hulle het vir die koning die aankondiging gemaak: “Natan, die profet, is hier!” Hy het ingekom tot voor die koning en toe diep gebuig voor die koning, met sy gesig teen die grond. ²⁴ Natan sê toe: “My heer die koning, is dit u wat gesê het, ‘Adonia sal ná my koning word; dit is hy wat op my troon sal sit’? ²⁵ Want hy het vandag afgegaan en 'n groot aantal beeste, vetgemaakte kalwers en kleinvee geslag, en al die seuns van die koning, die leëraanvoerders en Abjatar, die priester, genooi. Hulle is juis besig om voor hom te eet en

* **1:15 Die ... bygestaan:** 1 Kon 1:1-3

^g**1:16 Wat ... hart:** Letterlik ‘Wat is daar vir jou’.

^h**1:18 en u:** Verskeie Hebraëuse mss, die •Septuagint, •Peshitta, •Targum en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “en nou”.

ⁱ**1:20 En nou:** Verskillende Hebraëuse mss, die Targum en Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “En u”.

* **1:21 sodra ... rus:** 2 Sam 7:12

te drink, en hulle sê, ‘Lank lewe koning Adonia!’²⁶ *Maar vir my, ek wat u dienaar is, en Sadok, die priester, en Benaja, seun van Jojada, en Salomo, u dienaar, het hy nie genooi nie.²⁷ As hierdie saak van u af kom, my heer die koning, dan het u nie aan u dienaar bekend gemaak wie ná u op die troon van my heer die koning sal sit nie.”

²⁸ Koning Dawid het hierop gereageer en gesê: “Ontbied Batseba vir my!” Toe sy in die koning se teenwoordigheid kom, het sy voor die koning gaan staan.²⁹ Die koning lê toe 'n eed af en sê: “So waar as die HERE leef, Hy wat my lewe uit alle nood gered het:³⁰ Wat ek vir jou gesweer het by die HERE, die God van Israel, met die woorde, ‘Salomo, jou seun, sal beslis ná my koning word; hy is die een wat in my plek op my troon sal sit’, presies dít gaan ek vandag doen.”³¹ Batseba het gekniel met haar gesig na die grond, en diep voor die koning gebuig. Sy het gesê: “Mag my heer, koning Dawid, vir ewig lewe!”³² Koning Dawid het gesê: “Ontbied vir my Sadok, die priester, Natan, die profeet, en Benaja, seun van Jojada.*” Toe hulle voor die koning verskyn,³³ het die koning vir hulle gesê: “Neem die dienaars van julle heer met julle saam, en laat my seun Salomo op die muil ry* wat aan my behoort. Julle moet hom na Gihon^j laat afgaan,³⁴ en dan moet Sadok, die priester, en Natan, die profeet, hom daar self as koning oor Israel.* Blaas op die ramshoring en roep dan uit, ‘Lank lewe koning Salomo!’³⁵ Kom dan weer hierheen op, agter hom aan. Hy moet inkom en op my troon gaan sit. Hy is die een wat in my plek koning moet word — hom het ek

*1:26 1 Kon 1:8,10

*1:31 Mag ... lewe: Neh 2:3; Dan 2:4; 3:9; 5:10

*1:32 Sadok ... Jojada: 1 Kon 1:26

*1:33 op ... ry: Vgl 2 Sam 13:29; 18:9

^j1:33 Gihon: Dit was 'n fontein in die Kidrondal digby Jerusalem.

*1:34 self ... Israel: 1 Kron 29:22; vgl 1 Sam 10:1; 16:12-13

daarvoor bestem om 'n leier^k oor Israel en oor Juda te wees.”³⁶ Benaja, seun van Jojada, het die koning geantwoord en gesê: “Amen! Mag die HERE, die God van my heer die koning, dit bekragtig!³⁷ Soos die HERE met my heer die koning was, mag Hy net so met Salomo wees!* Mag Hy sy troon nog groter maak as die troon van my heer, koning Dawid.”

³⁸ Daarop het Sadok, die priester, Natan, die profeet, Benaja, seun van Jojada, en die Kreti en Pleti¹ afgegaan, en Salomo laat ry op koning Dawid se muil, en hom na Gihon geneem.³⁹ Sadok, die priester, het die horing met olie uit die tent* geneem en Salomo gesalf.* Hulle het op die ramshoring geblaas en die hele volk het geroep: “Lank lewe koning Salomo!”*⁴⁰ Die hele volk het toe agter hom aan gegaan. Terwyl hulle op fluite blaas, was hulle uitbundig, met krete van vreugde. Die aarde wou skeur van hulle juigkrete.

⁴¹ Adonia en ook al die genooïdes wat by hom was, het dit gehoor net toe hulle klaar geëet het. Toe Joab die geluid van die ramshoring hoor, het hy gesê: “Waarom klink daar so 'n rumoer uit die stad op?”⁴² Hy was nog besig om te praat, toe kom Jonatan, seun van Abjatar,* die priester, skielik daar aan. Adonia sê toe: “Kom in, want jy is 'n bekwame man en jy kan net goeie nuus bring.*”⁴³ *Maar Jonatan het

^k**1:35 leier:** In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

***1:37 Soos ... wees:** Vgl 2 Sam 22:1-51

¹**1:38 Kreti en Pleti:** Dit was waarskynlik huursoldate wat deel was van Dawid se private leër. Die Kreti het vermoedelik van Kreta gekom, en die Pleti was vermoedelik Filistynse soldate.

***1:39 Olie ... tent:** Eks 30:23-32; Ps 89:21

***1:39 Salomo gesalf:** 1 Kron 23:1

***1:39 Lank ... Salomo:** Vgl 1 Kon 1:25

***1:42 Jonatan ... Abjatar:** 2 Sam 15:27,36; 17:17

***1:42 'n bekwame ... bring:** Vgl 2 Sam 18:27

***1:43-45** 1 Kon 1:33-35,38-40

geantwoord en vir Adonia gesê: “Inteendeel! Ons heer, koning Dawid, het Salomo koning gemaak! ⁴⁴ Die koning het saam met hom vir Sadok, die priester, Natan, die profeet, Benaja, seun van Jojada, en die Kreti en Pleti gestuur, en hulle het hom op die koning se muil laat ry. ⁴⁵ Sadok, die priester, en Natan, die profeet, het hom by Gihon as koning gesalf. Hulle het daarvandaan uitbundig opgegaan, en die stad is in rep en roer. Dit is die geluid wat julle hoor. ⁴⁶ * Salomo het nie net op die koninklike troon gaan sit nie, ⁴⁷ maar die amptenare van die koning het ook gekom om ons heer, koning Dawid, geluk te wens met die woorde, ‘Mag u God die roem van Salomo nog groter maak as u roem, en mag sy troon nog groter wees as u troon!’* Die koning het toe op die bed in aanbidding gebuig;* ⁴⁸ hy het ook gesê, ‘Die HERE, die God van Israel, moet geprys word, Hy wat dit so beskik het dat iemand vandag op my troon sit, terwyl ek dit met my eie oë sien.’ ”

⁴⁹ Al die genooïdes wat hulle by Adonia geskaar het, het begin bewe en opgespring; elkeen het sy eie koers ingeslaan. ⁵⁰ * Adonia het Salomo gevrees; hy het opgespring, gegaan en die horings van die altaar vasgegryp.^m ⁵¹ Daar is aan Salomo berig gebring: “Kyk, Adonia vrees koning Salomo! Hy het sowaar die horings van die altaar beetgepak en sê, ‘Koning Salomo moet eers vir my sweer dat hy sy dienaar nie met die swaard sal doodmaak nie.’ ” ⁵² Daarop het Salomo gesê: “As hy 'n betroubare man is, sal daar van hom nie 'n enkele haar op die grond val nie;* maar as daar kwaad in hom gevind word, sal hy sterf.” ⁵³ Koning

* **1:46** 1 Kron 29:23

* **1:47 Mag ... u troon:** 1 Kon 1:37

* **1:47 Die ... gebuig:** Vgl Gen 47:31

* **1:50** 1 Kon 2:28

^m**1:50 horings ... vasgegryp:** 'n Vlugteling kon asiel soek deur aan die uitstaande hoeke van die altaar vas te hou; vgl Eks 21:13-14.

* **1:52 nie 'n ... val nie:** 1 Sam 14:45; 2 Sam 14:11; Hand 27:34

Salomo het toe iemand gestuur om hom van die altaar af te haal. Hy het gekom en diep neergebuig voor koning Salomo. Toe sê Salomo vir hom: “Gaan na jou huis toe!”

2

Dawid se laaste opdragte en sy dood

¹ Toe die tyd nader kom vir Dawid om te sterf, het hy opdragte aan sy seun Salomo* gegee: ² “Ek gaan die weg van die hele aarde.* Wees sterk en wees 'n man. ³ Kom die verpligting na wat die HERE jou God jou oplê. Doen dit deur sy paaie te volg, deur sy vaste voorskrifte, sy gebooie, sy beslissings en bepalings na te kom, soos daar geskryf staan in die Wet van Moses, sodat jy sukses kan behaal in alles wat jy aanpak en oral waarheen jy jou wend. ⁴ *Doen dit, sodat die HERE sy woord wat Hy oor my gespreek het, gestand kan doen, naamlik, ‘As jou seuns let op hulle gedrag deur getrou, met hulle hele hart en hulle hele wese, voor My te leef, dan’ het Hy gesê, ‘sal daar nooit vir jou iemand ontbreek op die troon van Israel nie’.*

⁵ “Jy self weet ook wat Joab, seun van Seruja,* aan my gedoen het,* wat hy aan die twee aanvoerders van die leërs van Israel, aan Abner, seun van Ner,* en aan Amasa, seun van Jeter,* gedoen het. Hy het hulle vermoor en die bloedskuld van oorlog op hom gelaai in vredestryd. Hy

*2:1 sy seun Salomo: 2 Sam 5:14; 12:24

*2:2 Ek ... aarde: Vgl Jos 23:14

*2:4 2 Sam 7:11-16

*2:4 sal ... Israel nie: Ps 132:12

*2:5 Joab ... Seruja: 1 Sam 26:6; 2 Sam 8:1

*2:5 Joab ... gedoen het: 2 Sam 18:5,14

*2:5 Abner ... Ner: 2 Sam 3:27,39

*2:5 Amasa ... Jeter: 2 Sam 20:10

het die bloedskuld van oorlog op die gordel om sy heupe en die sandale aan sy voete laat kom. ⁶ Tree dan op volgens jou wysheid. Sy grys hare mag jy nie in vrede na die •doderyk laat afgaan nie. ⁷ Aan die seuns van Barsillai, die man uit Gilead, * moet jy egter welwillendheid bewys. Hulle moet onder dié wees wat aan jou tafel eet, want so het hulle my ook tegemoetgekom toe ek gevlug het voor jou broer Absalom. ⁸ *Kyk, by jou het jy ook Simeï, seun van Gera, die Benjaminiet uit Bagurim. Hy is die een wat my gruwelik uitgeskel het die dag toe ek na Maganajim gegaan het. Maar hy is ook die een wat afgegaan het om my by die Jordaan te ontmoet, en ek het vir hom by die HERE gesweer en gesê, ‘Ek sal jou nie met die swaard doodmaak nie.’ ⁹ *Maar nou mag jy hom nie ongestraf laat nie. Jy is immers 'n slim man; jy sal self weet wat om aan hom te doen. Jy moet sy grys hare met bloed in die doderyk laat afgaan.”

¹⁰ *Daarna het Dawid by sy voorouers gaan rus, en hy is in die Stad van Dawid* begrawe. ¹¹ *Die tydperk wat Dawid koning was oor Israel, was veertig jaar. In Hebron was hy sewe jaar lank koning, en in Jerusalem was hy drie-en-dertig jaar lank koning.

Salomo op die troon

¹² *Salomo het op die troon van sy vader Dawid gaan sit, en sy koningskap was stewig gevestig. ¹³ Adonia, seun van Gaggit, * het na

***2:7 Barsillai ... Gilead:** 2 Sam 17:27; 19:31-34,38-39

***2:8** 2 Sam 16:5-13; 19:16-23

***2:9** 1 Kon 2:6

***2:10** Hand 2:29; 13:36

***2:10 Stad van Dawid:** 2 Sam 5:7,9; 1 Kon 8:1

***2:11** 2 Sam 2:11; 5:5; 1 Kron 29:27

***2:12** 1 Kon 2:45; 1 Kron 17:14; 29:1,23; 2 Kron 1:1

***2:13 Adonia ... Gaggit:** 2 Sam 3:4; 1 Kon 1:5-10,41-53

Batseba, die ma van Salomo,* gekom. Sy het gevra: “Beteken jou koms vrede?” Hy het geantwoord: “Ja, vrede!”¹⁴ Hy sê toe: “Ek wil graag 'n woord met u praat.” Sy het gesê: “Praat!”¹⁵ Hy sê toe: “U weet self dat die koningskap my toekom, en dat die hele Israel se oë op my gerig was om koning te word. Die koningskap het egter oorgegaan na my broer, omdat dit deur die HERE vir hom bedoel was.*¹⁶ Nou is daar egter een guns wat ek van u vra; moet my dit nie weier nie.” Sy het vir hom gesê: “Praat!”¹⁷ Hy sê toe: “Praat asseblief met koning Salomo, want hy sal u dit nie weier nie, om Abisag uit Sunem* vir my as vrou te gee.”

¹⁸ Daarop sê Batseba: “Goed, ek sal oor jou met die koning praat.”

¹⁹ Batseba gaan toe na koning Salomo om oor Adonia met hom te praat. Die koning het opgestaan, haar tegemoetgegaan en diep voor haar gebuig. Hy het op sy troon gaan sit en vir die koninginmoeder 'n troon laat neersit, en sy het aan sy regterhand gaan sit.²⁰ Sy sê toe: “Daar is een klein gunsie wat ek van jou wil vra — moet my dit nie weier nie.” Die koning het vir haar gesê: “Vra gerus, moeder, want ek sal u dit nie weier nie.”²¹ Daarop sê sy: “Laat Abisag, uit Sunem, aan Adonia, jou broer, as vrou gegee word.”²² Koning Salomo het geantwoord en vir sy ma gesê: “En waarom vra u Abisag, uit Sunem, vir Adonia? Vra dan maar die koningskap ook vir hom, want hy is mos my broer wat ouer is as ek* — ja, vir hom en vir Abjatar, die priester, en vir Joab,* seun van Seruja.”²³ Toe sweer Salomo by die HERE en sê: “Mag God my swaar strafⁿ as Adonia nie hierdie woord ten koste van sy lewe

*2:13 Batseba ... Salomo: 2 Sam 11:2-27; 12:24

*2:15 omdat ... bedoel was: 1 Kron 22:9-10; 28:5-7

*2:17 Abisag uit Sunem: 1 Kon 1:3-4

*2:22 want ... ek: 1 Kon 1:6; 1 Kron 3:2,5

*2:22 Abjatar ... Joab: 1 Kon 1:7

ⁿ2:23 Mag ... straf: In Hebreeus is dit 'n vaste uitdrukking, letterlik ‘So sal God aan my doen en so sal Hy byvoeg’.

gespreek het nie. ²⁴ Daarom, so waar as die HERE leef, wat my aangestel en my op die troon van my vader Dawid laat sit het, en wat vir my 'n koningshuis voorsien het soos Hy beloop het.* Vandag nog word Adonia om die lewe gebring!” ²⁵ Koning Salomo het dit aan Benaja, seun van Jojada, * opgedra. Hy het Adonia aangeval, en hy het gesterf.

²⁶ Vir Abjatar, die priester, het die koning gesê: “Na Anatot moet jy gaan, na jou grond, want jy verdien die dood;^o maar vandag sal ek jou nie doodmaak nie, omdat jy die ark van die HERE, my Heer, voor my vader Dawid gedra het, * en omdat jy jou onderwerp het aan al die vernedering wat my vader moes deurmaak.*” ²⁷ Salomo het Abjatar verdryf, sodat hy nie meer priester van die HERE was nie, om so die woord van die HERE te vervul wat Hy in Silo oor die huis van Eli aangekondig het.*

²⁸ Die berig het Joab bereik, want Joab het hom by Adonia geskaar,* alhoewel hy hom nie by Absalom geskaar het nie.* Joab vlug toe na die tent van die HERE* en gryp die horings van die altaar vas.^{p*} ²⁹ Aan koning Salomo is berig gebring: “Joab het gevlug na die tent van die

*2:24 wat my ... beloop het: 2 Sam 7:11-13

*2:25 Benaja ... Jojada: 2 Sam 8:18; 23:20-23; 1 Kon 4:4

^o2:26 jy verdien die dood: Die Hebreuse idioom kan vertaal word as “jy is man van die dood”.

*2:26 omdat ... gedra het: 2 Sam 15:24,29

*2:26 omdat jy jou ... deurmaak: 1 Sam 22:20-23

*2:27 die woord ... aangekondig het: 1 Sam 2:27-36

*2:28 by Adonia geskaar: 1 Kon 1:7

*2:28 nie by ... het nie: 2 Sam 18:2-14

*2:28 tent ... HERE: 1 Kron 21:29; 2 Kron 1:3

^p2:28 gryp ... vas: 'n Vlugteling kon asiel soek deur aan die uitstaande hoeke van die altaar vas te hou; vgl Eks 21:13-14.

*2:28 Joab vlug ... vas: 1 Kon 1:50

HERE. Kyk, hy is daar langs die altaar!” Salomo stuur toe vir Benaja, seun van Jojada, met die opdrag: “Gaan val hom aan!”

³⁰ Benaja het by die tent van die HERE aangekom en vir Joab gesê: “So sê die koning, ‘Kom uit!’ ” Maar hy het gesê: “Nee, want hier wil ek sterf!” Benaja het toe aan die koning verslag gelewer: “Dit is wat Joab gesê het, en dit is wat hy my geantwoord het.” ³¹ Die koning sê toe vir hom: “Doen dan wat hy gesê het. Val hom aan en begrawe hom, en verwyder so die bloed van my en my familie wat Joab sonder rede gestort het. ³² *Mag die HERE sy bloed op sy eie kop laat neerkom, hy wat twee manne, regverdiger en beter as hy, aangeval en met die swaard vermoor het sonder my vader Dawid se medewete: Abner, seun van Ner, aanvoerder van die leër van Israel, en Amasa, seun van Jeter, aanvoerder van die leër van Juda. ³³ *Mag hulle bloed neerkom op die kop van Joab en op die kop van sy nageslag vir altyd; maar mag daar vir Dawid en sy nageslag, sy huis en sy troon vir altyd voorspoed wees van die kant van die HERE.”

³⁴ Benaja, seun van Jojada, het toe gegaan, hom aangeval en hom doodgemaak. Hy is begrawe by sy huis in die woestyn.^q ³⁵ Die koning het Benaja, seun van Jojada, daarna in sy plek aangestel oor die leër,* en die koning het Sadok, die priester, aangestel in die plek van Abjatar.*

³⁶ Die koning het Simeï* toe ontbied en vir hom gesê: “Bou vir jou 'n huis in Jerusalem en woon daar. Maar jy mag nie uit die stad uitgaan nie, nêrens heen nie. ³⁷ En die dag wanneer jy uitgaan en die Kidrondal

*2:32 Vgl 1 Kon 2:5

*2:33 Num 35:33; Deut 21:8-9; 2 Sam 3:28-29

^q2:34 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

*2:35 Benaja ... leër: 2 Sam 8:16

*2:35 Sadok ... Abjatar: 2 Sam 8:17

*2:36 Simeï: 1 Kon 2:8-9

oorsteek — wees doodseker daarvan dat jy dan beslis sal sterf. Jou bloed sal op jou eie kop wees.”^{r 38} Daarop het Simeï vir die koning gesê: “Die voorwaarde wat my heer die koning stel, is goed; u dienaar sal so maak.”

Simeï het toe vir 'n lang tyd in Jerusalem gebly; ³⁹ maar ná verloop van drie jaar het twee slawe wat aan Simeï behoort, weggeloop na Akis, seun van Maäka,^s die koning van Gat. * Aan Simeï is berig gebring: “Kyk, jou slawe is in Gat.” ⁴⁰ Simeï het toe gereedgemaak, sy donkie opgesaal en na Gat, na Akis, gegaan om sy slawe te soek. So het Simeï dan gegaan en sy slawe teruggebring uit Gat. ⁴¹ Salomo is ingelig dat Simeï uit Jerusalem na Gat gegaan en teruggekeer het. ⁴² Die koning het Simeï ontbied. Hy sê toe vir hom: “Het ek jou nie by die HERE laat sweer en jou gewaarsku, ‘Die dag wanneer jy uitgaan en êrens heen vertrek, moet jy doodseker daarvan wees dat jy beslis sal sterf’ nie? Jy het nog vir my gesê, ‘Die voorwaarde is goed, ek sal luister.’ ⁴³ Waarom het jy nie die eed voor die HERE nagekom, en ook die bevel wat ek jou opgelê het nie?” ⁴⁴ Die koning het ook vir Simeï gesê: “Jy weet self van al die kwaad, waarvan jy diep in jou hart bewus is, wat jy my vader Dawid aangedoen het. * Die HERE laat al jou boosheid op jou eie kop neerkom. * ⁴⁵ Maar koning Salomo is geseënd, en die troon van Dawid sal vir altyd voor die HERE gevestig bly.” ⁴⁶ Die koning het toe vir Benaja, seun van Jojada, opdrag gegee. Hy het uitgegaan en Simeï aangeval, en hy het gesterf. Die koningskap was toe stewig in die hand van Salomo.^t

^r2:37 **Jou ... kop wees:** Dit beteken dat 'n familielid nie die reg sou hê om sy dood te wreek nie.

^s2:39 **Maäka:** In 1 Sam 27:2 is die naam Maok.

*2:39 **Akis ... Gat:** 1 Sam 21:10; 27:2-12; 29:2-3

*2:44 **Jy ... aangedoen het:** 1 Kon 2:8

*2:44 **op ... neerkom:** Vgl 1 Sam 25:39

^t2:46 **Die koningskap ... Salomo:** Hierdie gedeelte van die vers word in sommige vertalings as 1 Kon 2:47 genommer.

3

Salomo se wysheid

¹ Salomo* het die skoonseun van die farao, die koning van Egipte,* geword. Hy het met die dogter van die farao getrou.* Hy het haar na die Stad van Dawid* gebring, totdat hy klaar was met die bou van sy paleis* en die huis van die HERE,* en met die muur rondom Jerusalem.*

² Die volk het nog steeds net op die hoogtes^u geoffer, omdat 'n huis vir die Naam van die HERE tot in daardie tyd nog nie gebou was nie.

³ Salomo het sy liefde vir die HERE getoon deur die vaste voorskrifte van Dawid, sy pa, te volg, behalwe dat ook hy nog steeds op die hoogtes geoffer en wierook gebrand het.

⁴ *Salomo gaan toe na Gibeon om daar te offer, want dit was die belangrikste offerhoogte.^{v*} 'n Duisend brandoffers het Salomo op daardie altaar geoffer.

⁵ *By Gibeon het die HERE in die nag in 'n droom aan Salomo verskyn.

*3:1 Salomo: 2 Sam 5:14; 12:24; 1 Kon 1:13,30,39

*3:1 farao, die ... Egipte: Gen 41:1,14,41; Eks 1:11

*3:1 Hy het met ... getrou: 1 Kon 7:8; 9:16; 11:1

*3:1 Stad van Dawid: 2 Sam 5:7,9; 1 Kon 2:10; 8:1

*3:1 sy paleis: 1 Kon 7:1-7

*3:1 huis ... HERE: 2 Sam 7:12-13; 1 Kon 6:1-38

*3:1 muur ... Jerusalem: 1 Kon 9:15

^u3:2 hoogtes: Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

*3:4 2 Kron 1:3

^v3:4 offerhoogte: 'n Heiligdom op 'n heuwel waar daar geboue kon wees, maar soms net 'n altaar.

*3:4 Gibeon ... offerhoogte: 1 Kron 16:39; 21:29

*3:5-15 2 Kron 1:7-13

God het gesê: “Vra wat Ek vir jou moet gee.”⁶ Salomo het gesê: “U het self aan u dienskneg, my vader Dawid, besonder troue liefde bewys, omdat hy voor U geleef het in waarheid en geregtigheid, en ook met opregtheid van hart teenoor U. U het hierdie besonder troue liefde teenoor hom volgehou en aan hom 'n seun gegee wat op sy troon sit, soos dit vandag is.⁷ En nou, HERE my God, dit is U wat u dienskneg koning gemaak het in die plek van my vader Dawid. Maar ek is 'n jong seun,^{*} ek weet nie hoe om uit te gaan of in te kom nie.⁸ U dienskneg bevind hom onder u volk wat U gekies het, 'n groot volk wat vanweë sy grootte nie bereken of getel kan word nie.^{*}
⁹ Gee dan aan u dienskneg 'n hart wat luister^w om as regter op te tree vir u volk,^x om te kan onderskei tussen goed en kwaad; want wie kan regspraak oor hierdie veeleisende volk van U?”

¹⁰ Dit was goed in die oë van die Heer^y dat Salomo juis dit gevra het.
¹¹ God het vir hom gesê: “Omdat jy hierdie versoek gerig het en nie vir jouself 'n lang lewe gevra het, nie vir jouself rykdom gevra het, en nie die lewens van jou vyande gevra het nie, maar vir jouself onderskeidingsvermoë gevra het om regsake aan te hoor —¹² kyk, Ek voldoen aan jou versoek: Ja, Ek gee aan jou 'n wyse en verstandige hart, sodat daar voor jou niemand was soos jy nie, en ná jou niemand soos jy sal opstaan nie.^{*} ¹³ Ook wat jy nie gevra het nie, gee ek aan jou: sowel rykdom as eer, sodat, solank jy leef, daar onder die konings

^{*}3:7 ek is ... seun: Vgl Jer 1:6; 1 Tim 4:12

^{*}3:8 volk wat vanweë ... word nie: Gen 13:16; 15:5

^w3:9 hart wat luister: Hierdie vaste uitdrukking kom dikwels in Egiptiese wysheidstekste voor en dui die beginpunt van egte lewenswysheid en kundigheid aan.

^x3:9 regter ... u volk: In Israel was die koning die hoogste regterlike gesag. Dit was een van sy belangrikste regeerfunksies.

^y3:10 die Heer: Talle Hebreeuse mss en die •Septuagint lui “die HERE.”

^{*}3:12 Ek gee ... opstaan nie: 1 Kon 4:29-31; 5:12; 10:23-24; Pred 1:16

^{*}3:13 1 Kon 4:21-24; 10:23; Matt 6:33

niemand soos jy sal wees nie. ¹⁴ As jy my paaie volg soos jou vader Dawid, deur my vaste voorskrifte en gebooie na te kom, sal Ek aan jou 'n lang lewe gee.” ¹⁵ Salomo word toe wakker, en sowaar, dit was 'n droom!

Hy het in Jerusalem aangekom en voor die verbondsark* van die Heer^z gaan staan. Hy het brandoffers gebring en maaltydoffers geoffer en 'n feesmaal gehou vir al sy amptenare.

¹⁶ Daarna het twee vroue wat prostitute was, na die koning gekom en voor hom gaan staan. ¹⁷ Die een vrou het gesê: “Asseblief, my heer! Ek en hierdie vrou woon in dieselfde huis. Ek het by haar in die huis geboorte geskenk. ¹⁸ Op die derde dag nadat ek geboorte geskenk het, het ook hierdie vrou geboorte geskenk. Ons was saam; daar was niemand anders by ons in die huis nie, net die twee van ons was in die huis. ¹⁹ Die seuntjie van hierdie vrou is in die nag dood, want sy het op hom gelê. ²⁰ Maar in die middel van die nag het sy opgestaan en my seuntjie langs my gevat terwyl u dienares geslaap het. Sy het hom teen haar bors neergelê, en haar dooie seuntjie het sy teen my bors neergelê. ²¹ Toe ek die oggend opstaan om my seuntjie te voed, toe is hy dood! Maar toe ek hom die oggend goed bekyk, sowaar, toe is dit nie my seuntjie wat ek in die wêreld gebring het nie!” ²² Die ander vrou sê toe: “Nee! My seuntjie is die lewende een! Jou seuntjie is die dooie een!” Die eerste vrou het egter volgehou: “Nee! Jou seuntjie is die dooie een! My seuntjie is die lewende een!” So het hulle voor die koning gestry.

²³ Die koning het gesê: “Hierdie een hou vol, ‘Dit is my seun, die lewende een, en jou seun is die dooie een.’ En daardie een hou vol, ‘Nee! Jou seun is die dooie een, en my seun die lewende.’ ” ²⁴ Toe sê die koning: “Bring vir my 'n swaard.” Hulle bring toe die swaard voor die koning. ²⁵ Daarna sê die koning: “Sny die lewende kind in twee, en gee

***3:15 verbondsark:** 2 Sam 6:17; 2 Kron 1:4

^z**3:15 die Heer:** Vgl voetnoot in 1 Kon 3:10.

die een helfte vir die een vrou en die ander helfte vir die ander vrou.”

²⁶ Maar die vrou wie se kind die lewende een was, praat toe met die koning omdat haar deernis vir haar seuntjie haar oorweldig het. Sy het vir die koning gesê: “Asseblief, my heer! Gee liever die lewende kindjie vir haar — moet hom net nie doodmaak nie.” Maar die ander vrou het volgehou: “Hy sal nie myne nie, maar ook nie joune wees nie. Sny deur!” ²⁷ Daarop het die koning gereageer deur te sê: “Gee vir die eerste vrou die lewende kindjie. Moet hom glad nie doodmaak nie! Sy is sy ma.”

²⁸ Toe die hele Israel hoor van die beslissing wat die koning gelewer het, het hulle vir die koning ontsag gehad, want hulle het gesien dat die wysheid van God in hom was om die reg te handhaaf.*

4

Salomo se amptenare

¹ Koning Salomo* was koning oor die hele Israel. ² Dit was die hoofamptenare wat hy gehad het:

Asarja, seun van Sadok,^a was die hoëpriester;

³ Eligoref en Agija, seuns van Sisa, was sekretarisse;

Josafat, seun van Agilud,* was die herout.^b

⁴ Benaja, seun van Jojada,* was in bevel van die leër;

* **3:28 wysheid ... handhaaf:** 1 Kon 3:9,11,12; Ps 72:1-2; Spr 16:10,12; 20:8

* **4:1 Koning Salomo:** 2 Sam 5:14; 12:24; 1 Kon 1:13,30,39

^a**4:2 Asaria ... Sadok:** Volgens 1 Kron 6:9 was Asarja seun van Agimaäs, en kleinseun van Sadok.

* **4:3 Josafat ... Agilud:** 2 Sam 8:16; 20:24

^b**4:3 herout:** Doen alle aankondigings namens die koning, en dien as skakelbeampte tussen koning en volk.

* **4:4 Benaja ... Jojada:** 2 Sam 8:18; 23:20-23; 1 Kon 2:35

Sadok en Abjatar* was priesters;

⁵ Asarja, seun van Natan, was in bevel van die landvoogde;*

Sabud, seun van Natan, 'n priester, was die vertroueling van die koning;

⁶ Agisar was hoof van die hofhouding;

Adoniram,* seun van Abda, was in bevel van die dwangarbeid.

⁷ Salomo het twaalf landvoogde* oor die hele Israel gehad. Hulle het aan die koning en sy hofhouding kos voorsien. Elkeen moes kos voorsien vir een maand in die jaar. ⁸ Dit was hulle name:

Ben-Gur in die heuweland van Efraim;

⁹ Ben-Deker in Makas, Saälbim, Bet-Semes en Elon-Bet-Ganan;

¹⁰ Ben-Gesed in Arubbot — sy verantwoordelikheid was Soko en die hele Gefergebied;

¹¹ Ben-Abinadab in die hele heuweland van Dor — Tafat, dogter van Salomo, was sy vrou;

¹² Baäna, die seun van Agilud, in Taänak en Megiddo, asook die hele Bet-San wat langs Saretan lê, van onderkant Jisreël af, van Bet-San na Abel-Megola tot anderkant Jokmoam;

¹³ Ben-Geber in Ramot in Gilead — hy was in beheer van Gawwoot-Jair,^c wat in Gilead is; Jair was 'n seun van Manasse; hy was ook in beheer van die landstreek van Argob, wat in Basan is, sestig groot ommuurde stede met bronsluitbalke;*

* 4:4 Sadok en Abjatar: 2 Sam 8:17; 1 Kon 2:27; 2:35

* 4:5 Asarja ... landvoogde: 1 Kon 4:7-19

* 4:6 Adoniram: 2 Sam 20:24; 1 Kon 5:14; 12:18

* 4:7 landvoogde: 1 Kon 4:5

^c 4:13 Gawwoot-Jair: Die naam beteken 'tentdorpe van Jair'.

* 4:13 Argob ... bronsluitbalke: Deut 3:3-5

¹⁴ Aginadab, seun van Iddo, in Maganajim;

¹⁵ Agimaäs in Naftali — ook hy het 'n dogter van Salomo, Basemat, as vrou geneem;

¹⁶ Baäna, seun van Gusai, in Aser en Alot;

¹⁷ Josafat, seun van Paruag, in Issaskar;

¹⁸ Simeï, seun van Ela, in Benjamin;

¹⁹ Geber, seun van Uri, in die landstreek Gilead, die land van Sihon, koning van die Amoriëte, en van Og, die koning van Basan. Daar was net een landvoog in dié gebied.^d

Salomo se rykdom en roem

²⁰ Die mense van Juda en Israel was baie, so talryk soos die sand aan die see, hulle het geëet en gedrink en was gelukkig.

²¹ ^{e*}Salomo was die heerser in al die koninkryke, van die Rivier^f af na die land van die Filistyne, en tot by die grens van Egipte.* Hulle was aan Salomo skatpligtig^g en het hom gedien solank hy geleef het.

²² Die voedsel gelewer aan Salomo vir een dag was dertig kor^h gesifte meelⁱ en sestig kor^j gewone meel; ²³ tien vetgemaakte beeste en twintig

^d4:19 Daar ... gebied: Die •Septuagint lui “en een landvoog wat in die land Juda was”.

^e4:21-34 Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as 1 Kon 5:1-14.

* 4:21 Ps 72:10

^f4:21 die Rivier: Dit verwys na die Eufraat. In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

* 4:21 Salomo ... Egipte: 2 Kron 9:26

^g4:21 was ... skatpligtig: Dit was 'n belasting wat jaarliks gelewer moes word, en gewoonlik bestaan het uit 'n vaste hoeveelheid landbouprodukte, silwer en goud.

^h4:22 30 kor: Ongeveer 6 600 ℓ; •Inhoudsmate.

ⁱ4:22 gesifte meel: Dit verwys nie na hoe fyn die meel gemaal is nie, maar na meel van hoë gehalte.

^j4:22 60 kor: Ongeveer 13 200 ℓ.

beeste van die veld af; 'n honderd stuks kleinvee, afgesien van rooitakbokke, gaselle, hartbeeste en gevoerde pluimvee.^k

²⁴ Ja, hy het oor die hele gebied wes van die Rivier regeer: van Tifsag tot by Gasa, oor al die konings wes van die Rivier. Hy het rondom, aan alle kante, vrede gehad.* ²⁵ Juda en Israel het toe veilig gewoon, elkeen onder sy wingerdstok en sy vyeboom,* van Dan tot Berseba,* so lank as wat Salomo geleef het.

²⁶ Salomo het vierduisend^l stalle vir die perde van sy strydswamag gehad, en die bemanning van sy strydwaens was twaalfduisend.^m

²⁷ Daardie landvoogde* moes kos voorsien aan koning Salomo en aan almal wat by die tafel van koning Salomo aangesit het, elkeen in die maand aan hom toegewys. Hulle het niks laat kortkom nie,²⁸ ook nie die gars en strooi vir die perde van die strydwaens en die pakperde nie. Hulle het dit gebring na die plek waarheen elkeen gewoon was om dit te neem.

²⁹* God het aan Salomo wysheid gegee — 'n besondere insig en begrip so omvangryk soos die sand op die seestrand. ³⁰ Die wysheid van Salomo was omvattender as die wysheid van al die mense uit die ooste,*

^k**4:23 pluimvee:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord, en dit word verskillend vertaal.

* **4:24 Hy ... gehad:** 1 Kron 22:9

* **4:25 onder ... vyeboom:** Miga 4:4; Sag 3:10

* **4:25 Dan tot Berseba:** 2 Sam 3:10

^l**4:26 4 000:** 'n Hebreeuse ms en die Septuagint word hier gevolg in aansluiting by 2 Kron 9:25 en 10:26. Die bronteks lui “veertigduisend”.

^m**4:26 12 000:** Elke strydwa het drie bemanningslede gehad.

* **4:27 landvoogde:** 1 Kon 4:5

* **4:29** 1 Kon 3:9,12; 10:23-24; Pred 1:16

* **4:30 mense ... ooste:** Rig 6:3

en as al die wysheid van Egipte.* ³¹ Hy was wyser as enige mens, wyser as Etan die man uit Esrag,* en as Heman, Kalkol en Darda, seuns van Magol. Hy was beroemd onder al die omliggende nasies. ³² Hy het drieduisend spreuke gedig, en eenduisend-en-vyf liedere. ³³ Hy het gedig oor bome — van die seder wat op die Libanon is tot die marjoleinⁿ wat uit die mure groei. Hy het gedig oor diere, oor voëls, oor kruipende diere en oor visse. ³⁴ Mense uit al die volke het gekom om die wysheid van Salomo te hoor; hulle het gekom van al die konings van die aarde wat van sy wysheid gehoor het.

5

Voorbereidings vir die bou van die tempel

¹ ^o*Hiram, die koning van Tirus, het sy amptenare na Salomo gestuur, want hy het gehoor dat hulle hom as koning gesalf het in die plek van sy pa. Hiram was immers altyd 'n vriend van Dawid.* ² Salomo stuur toe aan Hiram 'n boodskap: ³ “*U weet self dat my vader Dawid nie in staat was om 'n tempel vir die Naam van die HERE sy God te bou nie, vanweë die oorlog wat sy vyande^p aan alle kante teen hom gevoer het,^q totdat

* **4:30 wysheid van Egipte:** Vgl Hand 7:22

* **4:31 Etan ... Esrag:** Ps 88:1; 89:1

ⁿ**4:33 marjolein:** Die volksnaam vir marjolein is *hisop*, wat 'n transliterasie van die Hebreeuse woord vir marjolein is.

^o**5:1-18** Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as 1 Kon 5:15-32.

* **5:1-18** 2 Kron 2:1-16

* **5:1 Hiram was ... Dawid:** 2 Sam 5:11; 1 Kron 14:1

* **5:3** 1 Kron 22:8; 28:3

^p**5:3 sy vyande:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^q**5:3 wat ... gevoer het:** Die bronteks lui “waarmee hulle hom omring het”.

die HERE hulle aan hom onderwerp het.^{r 4} *Maar nou het die HERE my God vir my rus gegee aan alle kante. Daar is geen teenstander en geen dreigende onheil nie.⁵ Kyk, ek dink daaraan om 'n tempel vir die Naam van die HERE my God te bou, soos die HERE vir my vader Dawid gesê het, ‘Jou seun wat Ek in jou plek op jou troon sal plaas, dit is hy wat die tempel vir my Naam sal bou.’*⁶ Gee dan nou opdrag, sodat daar vir my seders gekap word in die Libanon. My dienaars sal u dienaars bystaan. Die loon vir u dienaars sal ek aan u gee, wat ook al u vra. U weet immers self dat daar niemand onder ons is wat weet hoe om bome te kap soos die Sidoniërs nie.”

⁷ Toe Hiram Salomo se woorde hoor, was hy baie ingenome en het gesê: “Die HERE moet vandag geprys word, Hy wat vir Dawid 'n wyse seun gegee het as heersers^s oor hierdie groot volk.”*⁸ Hiram stuur toe vir Salomo die volgende boodskap: “Ek het gehoor wat u my laat weet het. Van my kant af sal ek alles doen wat u verlang in verband met die sederhout en sipreshout.*⁹ My dienaars sal dit vanaf die Libanon afbring na die see, dan sal ek daarvan vlotte maak op die see en dit neem^t tot by die plek waaroor u my sal inlig. Ek sal dit daar uitmekaar haal, dan kan u dit laat haal. U moet doen wat ek verwag deur voedsel aan my hofhouding te verskaf.”

^{5:3} hulle ... onderwerp het: Die bronteks lui “hulle onder sy voetsole geplaas het”.

*^{5:4} 1 Kon 4:24; 1 Kron 22:9

*^{5:5} Jou ... bou: 2 Sam 7:13; 1 Kron 28:6

^{5:7} as heerser: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*^{5:7} Die ... volk: 1 Kon 10:9

*^{5:8} sipreshout: 1 Kon 5:10; 6:34; 9:11; 2 Kron 3:5; Eseg 27:6

^{5:9} en dit neem: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

¹⁰ So het Hiram aan Salomo seder- en sipreshout verskaf, soveel as wat hy wou hê, ¹¹ * en Salomo het vir Hiram twintigduisend kor^u koring gegee as voedselvoorraad vir sy hofhouding, asook twintig kor^v gearste olyfolie. Dit is hoeveel Salomo jaar vir jaar aan Hiram gelewer het.

¹² Dit was die HERE wat wysheid aan Salomo gegee het, net soos Hy hom beloop het. * Daar was vrede tussen Hiram en Salomo, en hulle twee het 'n verdrag gesluit.

¹³ Koning Salomo het uit die hele Israel mense vir verpligte diens opgekommandeer. Die dienswerkers was dertigduisend man. ¹⁴ Hy het hulle na die Libanon gestuur, tienduisend per maand in skofte. Vir 'n maand was hulle op die Libanon, en vir twee maande tuis. Adoniram was in bevel van die dwangarbeid. * ¹⁵ * Dan het Salomo ook sewentigduisend draers en tagtigduisend klipkappers in die bergland gehad. ¹⁶ Dit was afgesien van Salomo se hoofopsieners* oor die werk — drieduisend driehonderd van hulle wat in beheer was van die mense wat die werk moes doen.

¹⁷ * Die koning se opdrag was dat hulle groot klippe, klippe van goeie gehalte, moes uitbreek, sodat hulle die fondament van die tempel met gekapte klip kon lê. ¹⁸ Salomo se bouers, Hiram se bouers en die manne van Gebal^w het die klip reggekap, en die hout en klip voorberei vir die bou van die tempel.

* 5:11 Hand 12:20

^u5:11 20 000 kor: Ongeveer 4 400 000 ℔; •Inhoudsmate.

^v5:11 20 kor: Ongeveer 4 400 ℔.

* 5:12 wysheid ... beloop het: 1 Kon 2:12; 4:29; 10:23-24; Pred 1:16

* 5:14 Adoniram ... dwangarbeid: 1 Kon 4:6

* 5:15-16 1 Kon 9:20-22; 2 Kron 2:17-18

* 5:16 hoofopsieners: Vgl 1 Kon 4:7-19

* 5:17-18 1 Kon 6:7

^w5:18 Gebal: Die stad is ook bekend as Biblos.

6

Bou van die tempel

¹ **In die vierhonderd-en-tagtigste jaar ná die uittog van die Israeliete uit Egipteland, in die vierde jaar van Salomo se regering oor Israel, in die maand Siv — dit is die tweede maand — het hy die tempel vir die HERE begin bou. ² *Die tempel wat koning Salomo vir die HERE gebou het, was sestig el lank, twintig el breed en dertig el^x hoog.

³ Die portaal aan die voorkant van die hoofvertrek van die tempel was, soos die tempel, twintig el breed, en dit was tien el^y lank. Dit was aan die voorkant van die tempel. ⁴ Hy het vir die tempel omraamde vensteropeninge met luike^z gemaak, ⁵ en rondom, teen die buitemuur van die tempel, het hy 'n struktuur opgerig — dit is reg rondom die mure van die tempel, aan die hoofvertrek en aan die heiligdom.^a Hy het rondom sykamers daarin aangebring. ⁶ Die onderste vlak^b van die sykamers was vyf el^c breed, die middelste vlak was ses el^d breed, en die

* **6:1-38** 2 Kron 3:1-17

* **6:1** 2 Sam 7:12-13; Hand 7:47

* **6:2-36** Vgl Eseg 40:2 — 42:20

^x**6:2 60 ... 30 el:** Ongeveer 27 x 9 x 13,5 m; •Lengtemate.

^y**6:3 20 ... 10 el:** Ongeveer 9 x 4,5 m.

^z**6:4 omraamde ... luike:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van hierdie bouterme.

^a**6:5 heiligdom:** Die agterste vertrek van die •tempel, waar die •verbondsark later gestaan het, en wat ook die Allerheiligste genoem word.

^b**6:6 vlak:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van hierdie bouterm. Dit kan ook vertaal word “struktuur”.

^c**6:6 5 el:** Ongeveer 2,25 m.

^d**6:6 6 el:** Ongeveer 2,7 m.

derde vlak was sewe el^e breed; want hy het die tempelmuur aan die buitekant rondom trapsgewys vernou,^f sodat daar nie iets in die tempelmure ingevoeg sou word nie. ⁷*Die tempel self is by die oprigting met onbewerkte klip uit die steengroef gebou. Hamers en bylpikke, enige gereedskap van yster, is glad nie gehoor by die tempel tydens die oprigting nie.

⁸Die ingang na die middelste vlak van die struktuur^g was aan die regterkant van die tempel.^h Met trappeⁱ het 'n mens opgeklim na die middelste vlak, en van die middelste na die derde.

⁹Toe hy die tempelmure klaar gebou het, het hy die tempel bedek met 'n plafon en balke^j van sederhout. ¹⁰Hy het die struktuur opgerig langs die hele tempel,^k elke vlak^l was vyf el hoog, en dit was aan die tempel vas met sederhoutbalke.

¹¹Toe het die woord van die HERE tot Salomo gekom: ¹²*“Aangaande

^e**6:6 7 el:** Ongeveer 3,1 m.

^f**6:6 tempelmuur ... vernou:** Letterlik ‘afsnydings gemaak vir die tempel rondom’. Die buitemuur is op twee hoogtes telkens smaller gebou om lyste aan die buitekant te vorm waarop die tweede en derde vlakke van die buitenste struktuur kon rus.

***6:7** Deut 27:5-6; Jos 8:31; 1 Kon 5:17-18

^g**6:8 struktuur:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^h**6:8 regterkant ... tempel:** Die ruimtelike oriëntasie is vanuit die tempel. Omdat die tempel oos front, beteken dit dat die regterkant suid is.

ⁱ**6:8 Met trappe:** Kan ook vertaal word “Deur valdeure”.

^j**6:9 plafon en balke:** Die bronteks gebruik tegniese bousterme waarvan die betekenis nie meer bekend is nie.

^k**6:10 hele tempel:** Dit verwys net na die sykante en agterkant van die tempel. Die portaal aan die voorkant het nie sykamers gehad nie.

^l**6:10 elke vlak:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***6:12-13** 1 Kon 9:4-5

hierdie tempel wat jy besig is om te bou — as jy my vaste voorskrifte volg, my bepalings uitvoer en al my gebooie nakom deur daarvolgens te leef, sal Ek my belofte oor jou gestand doen, die belofte wat Ek aan jou vader Dawid gemaak het.* ¹³ *Ek sal tussen die Israeliete vertoef en my volk Israel nie verlaat nie.”

¹⁴ *Toe Salomo die tempel klaar gebou het, ¹⁵ het hy teen die mure van die tempel aan die binnekant 'n raamwerk van sederhoutplanke aangebring, van die vloer van die tempel tot by die dakbalke^m van die plafon, en dit toe met hout bedek. Die vloer van die tempel het hy met sipreshout bedek.

¹⁶ Die twintig elⁿ aan die agterkant van die tempel het hy met sederhoutplanke toegebou, van die vloer tot by die dakbalke. Die binnekant daarvan het hy as heiligdom ingerig, as die Allerheiligste. ¹⁷ Die tempel self, dit is die hoofvertrek voor die heiligdom,^o was veertig el^p lank.

¹⁸ Op die sederhout aan die binnekant van die tempel was daar houtsniewerk van kolokwinte en blomkelke. Alles was van sederhout; geen klip was te sien nie. ¹⁹ Die heiligdom binne-in die tempel het hy ingerig om die verbondsark van die HERE daar te plaas. ²⁰ Aan die voorkant was die heiligdom twintig el breed. Dit was twintig el lank en twintig el^q hoog. Hy het die binnekant met bladgoud oorgetrek. Hy het ook 'n sederhoutaltaar oorgetrek. ²¹ Salomo het die binnekant van die

* **6:12 belofte ... gemaak het:** 2 Sam 7:12-16; 2 Kron 22:9-10

* **6:13 Eks 25:8**

* **6:14 Hand 7:47**

^m**6:15 dakbalke:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “mure”.

ⁿ**6:16 20 el:** Ongeveer 9 m.

^o**6:17 voor die heiligdom:** Die Septuagint en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “voor my”.

^p**6:17 40 el:** Ongeveer 18 m.

^q**6:20 20 ... 20 el:** Ongeveer 9 x 9 x 9 m.

tempel met bladgoud oorgetrek. Hy het goue kettings voor die heiligdom gespan en die heiligdom met goud oorgetrek. ²² Die hele tempel het hy met goud oorgetrek — die tempel as geheel. Ook die hele altaar wat by die heiligdom hoort, het hy met goud oorgetrek.

²³ In die heiligdom het hy twee gerubs^r van wilde-olyfhout^s gemaak, tien el hoog. ²⁴ Die een vlerk van die gerub was vyf el lank, en so ook die ander vlerk van die gerub. Daar was tien el tussen die twee vlerkpunte, ²⁵ en ook tien el by die tweede gerub. Die twee gerubs het dieselfde mate en dieselfde vorm gehad: ²⁶ Die hoogte van die een gerub was tien el, en so ook die tweede gerub.

²⁷ Hy het die gerubs in die binnevertrek^t geplaas, met die vlerke van die gerubs oopgesprei, sodat die vlerk van die een aan die een muur geraak het en die vlerk van die ander gerub aan die ander muur. Hulle vlerke het in die middel van die vertrek aan mekaar geraak. ²⁸ Hy het die gerubs met goud oorgetrek.

²⁹ Aan die mure van die tempel het hy reg rondom versierings van gerubs en palmette en blomkelke in houtsnewerk aangebring, aan die binne- en buitekant. ³⁰ Die vloer van die tempel het hy met goud oorgetrek, in die binne- en buitevertreke.^u

³¹ Vir die ingang na die heiligdom het hy deure van wilde-olyfhout

^r**6:23 gerubs:** Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die •verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

^s**6:23 wilde-olyfhout:** Dit verwys waarskynlik na die aleppo-den.

^t**6:27 binnevertrek:** Dit is die Allerheiligste.

^u**6:30 in die ... buitevertreke:** Die bronteks lui “vir die binneste en vir die buitenste”.

gemaak. Die kosyn — dit is die deurstyl — was vyfvlakkig.^{v 32} En die twee deure van wilde-olyfhout, daarop het hy houtsneewerk van gerubs, palmette en blomkelke aangebring, en dit toe met goud bedek. Hy het die goud oor die gerubs en palmette geplet.

³³ Net so het hy vir die ingang na die hoofvertrek deurstyl van wilde-olyfhout maak — dit was viervlakkig^w — ³⁴ en ook twee deure van sipreshout.* Twee vleuels^x van die een deur kon oopswaai, en twee vleuels van die ander deur ook. ³⁵ Hy het gerubs, palmette en blomkelke daarop uitgekerf en dit oorgetrek met goud wat oor die kerfwerk gevorm is.

³⁶ *Toe het hy die binneste voorhof gebou — drie lae gekapte klip en 'n laag sederhoutbalke.

³⁷ *In die vierde jaar is die fondament van die tempel van die HERE gelê, in die maand Siv,^{y 38} en in die elfde jaar, in die maand Bul, dit is die agtste maand, is die tempel voltooi, al die dele en volgens al die vereistes. Salomo het sewe jaar daaraan gebou.

7

Salomo se paleiskompleks

¹ *Aan sy paleis het Salomo dertien jaar lank gebou, en toe was sy hele

^{v6:31} **kosyn ... vyfvlakkig:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Letterlik ‘n vyfde’.

^{w6:33} **viervlakkig:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Letterlik ‘n kwart’.

^{*6:34} **sipreshout:** 1 Kon 5:8,10; 9:11; Eseg 27:6

^{x6:34} **vleuels:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “behangsels”.

^{*6:36} 1 Kon 7:12

^{*6:37} 1 Kon 6:1

^{y6:37} **Siv:** Die tweede maand, April/Mei; •Maande.

^{*7:1} 1 Kon 3:1; 9:10; 2 Kron 8:1

paleis voltooi. ² Hy het die saal genoem Bos van die Libanon,^{z*} gebou met vier rye pilare van sederhout, en balke van sederhout op die pilare; dit was honderd el lank, vyftig el breed en dertig el^a hoog. ³ Dit was bo bedek met sederhout, oor die balke wat op die pilare gerus het. Daar was vyf-en-veertig balke,^b vyftien in 'n ry. ⁴ Daar was drie rye vensteropeninge, telkens regoor mekaar, in groepe van drie. ⁵ Al die ingange en openinge^c het vierkantige rame gehad. Teenoor elke opening was daar 'n opening, in groepe van drie.

⁶ Die suilesaal het hy vyftig el lank en dertig el^d breed gemaak. Daar was 'n portaal aan die voorkant, en pilare met 'n afskorting voor.^e ⁷ Hy het die troonsaal gemaak, die regsaaal, waar hy regspraak moes lewer. Dit was bedek met sederhout van die vloer tot by die dakbalke.^f ⁸ Sy paleis waarin hy sou woon, wat deur 'n ander voorhof vanuit die troonsaal bereik kon word, is op dieselfde wyse gebou. Vir die Farao se dogter met wie Salomo getrou het,^{*} sou hy 'n woning oprig op dieselfde wyse as hierdie saal.

⁹ Al hierdie bouwerk is gedoen^g met klippe van goeie gehalte, volgens

^z7:2 saal ... Libanon: Letterlik 'die huis van die bos van die Libanon'. Word ook vertaal "Paleis van die Bos van die Libanon".

*7:2 Bos ... Libanon: 1 Kon 10:17,21; vgl Jes 22:8

^a7:2 100 ... 30 el: Ongeveer 45 x 22,5 x 13,5 m; •Lengtemate.

^b7:3 balke: Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^c7:5 openinge: Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui "style".

^d7:6 50 ... 30 el: Ongeveer 22,5 x 13,5 m.

^e7:6 Daar ... voor: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^f7:7 tot ... dakbalke: Die •Peshitta en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui "tot by die vloer". Die laaste deel van hierdie vers ontbreek in die Septuagint.

*7:8 Farao ... getrou het: 1 Kon 3:1

^g7:9 bouwerk is gedoen: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

die afmetings van gekapte klip, afgewerk met 'n klipsaag aan die binne- en buitekant — van die fondament af tot by die dakrant en buite tot by die groot voorhof. ¹⁰ Die fondament is gelê met groot klippe van goeie gehalte, klippe van tien el^h en klippe van agt el.ⁱ ¹¹ Van daar af boontoe was dit klippe van goeie gehalte, volgens maat gekap, en sederhout. ¹² *Rondom 'n groot voorhof was daar drie lae gekapte klip en 'n laag sederhoutbalke, net soos by die binneste voorhof van die huis van die HERE en die portaal van die tempel.

Inhoud van die tempel

¹³ Daarna het koning Salomo vir Hiram^j van Tirus af ontbied. ¹⁴ *Hy was die seun van 'n weduwee uit die stam van Naftali, maar sy pa was 'n man uit Tirus, 'n bewerker van brons. Hy het beskik oor die vaardigheid, insig en kennis om alle soorte bronswerk te doen. Hy het by koning Salomo aangekom en al die werk uitgevoer wat aan hom opgedra is.

¹⁵ *Hiram het die twee bronspilare gegiet. Agttien el was die hoogte van elke pilaar, en 'n maatlyn van twaalf el^k kon die tweede pilaar omspan.¹ ¹⁶ Verder het hy twee kapitele van gegote brons gemaak om op die koppe van die pilare te plaas. Die hoogte van die een kapiteel was

^h7:10 10 el: Ongeveer 4,5 m.

ⁱ7:10 8 el: Ongeveer 3,6 m.

*7:12 1 Kon 6:36

^j7:13 Hiram: Dit is nie dieselfde persoon as koning Hiram nie.

*7:14 2 Kron 2:13-14; 4:16

*7:15-22 2 Kron 3:15-17; vgl Eseg 40:49

^k7:15 18 ... 12 el: Ongeveer 8,1 m hoog met 'n omtrek van 5,4 m.

^l7:15 18 ... omspan: Hier het waarskynlik woorde in die bronteks uitgeval. Die Septuagint lui “Agttien el was die hoogte van een pilaar, en 'n lyn van veertien el het dit omspan, en sy dikte (naamlik van die wand) was vier vingers, (en dit was) hol. So was die tweede pilaar ook.”

vyf el,^m en die hoogte van die ander kapiteel was vyf el. ¹⁷ Gevlegte traliewerk en kranse, gevorm met kettinkies, was aan die kapitele wat op die koppe van die pilare was — sewe rye aan die een kapiteel en sewe rye aan die ander kapiteel. ¹⁸ Hy het die pilare gemaak met twee rye granateⁿ om die een strook vlegwerk. Dit was om die kapitele te bedek wat op die kop van die pilare^o was. Hy het net so gemaak met die tweede kapiteel.

¹⁹ Die kapitele wat op die kop van die pilare in die portaal was, was gevorm soos 'n narsing,^p vier el^q hoog; ²⁰ dit is nou die kapitele op albei die pilare aan die bokant, net langs die ronding wat oorloop in die vlegwerk.^r Daar was tweehonderd granate in rye gerangskik, rondom elkeen van die kapitele.^s ²¹ *Hy het die pilare opgerig by die portaal van die hoofvertrek. Hy het 'n pilaar aan die regterkant opgerig en dit Jakin^t genoem; hy het ook 'n pilaar aan die linkerkant opgerig en dit Boas^u genoem. ²² Die bopunt van die pilare het die vorm van 'n narsing gehad. So is die werk aan die pilare afgehandel.

^m7:16 5 el: Ongeveer 2,25 m.

ⁿ7:18 granate: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^o7:18 pilare: Talle Hebreeuse mss, die Septuagint en Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “granate”.

^p7:19 narsing: 'n Veldblom wat algemeen in die lente in die Mediterreense gebied voorkom.

^q7:19 4 el: Ongeveer 1,8 m.

^r7:20 bokant ... vlegwerk: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^s7:20 elkeen ... kapitele: Die bronteks lui “op die tweede pilaar”; vgl egter Jer 52:21-23.

^{*}7:21 2 Kron 3:17

^t7:21 Jakin: Dit beteken ‘hy vestig’.

^u7:21 Boas: Dit beteken waarskynlik ‘in hom is krag’.

²³ *Toe het Hiram die See^v gemaak, 'n gietstuk, tien el van rand tot rand, sirkelvormig en vyf el hoog. 'n Maatlyn van dertig el^w kon dit omspan. ²⁴ Daar was kolokwinte* reg rondom aan die onderkant van die rand, tien kolokwinte per el rondom die See gerangskik. Die twee rye kolokwinte is in een stuk gegiet saam met die See. ²⁵ Die See het gestaan op twaalf beeste* — drie wat noord kyk, drie wat wes kyk, drie wat suid kyk en drie wat oos kyk. Die See het bo-op hulle gerus, en al hulle agterlywe was na binne gekeer. ²⁶ Die dikte van die wand was 'n handbreedte, en die rand was soos dié van 'n beker, soos die kelk van 'n narsing. Dit kon tweeduisend bat^x hou.

²⁷ *Hy het tien verskuifbare staanders van brons gemaak. Elke staander was vier el lank, vier el breed en drie el^y hoog. ²⁸ Dit is hoe die staanders gemaak is: Dit het rame gehad, met raamwerk tussen die dwarssporte.^z ²⁹ Op die raamwerk wat tussen die dwarssporte was, was daar leeus, beeste en gerubs,^a en so ook op die dwarssporte aan die bokant. Aan die onderkant van die leeus en beeste was daar

*7:23-26 2 Kron 4:2-5; vgl 2 Kon 16:17; 25:13; Jer 52:17

^v7:23 See: Die naam van die bronswaskom; vgl Eks 30:17-21.

^w7:23 10 ... 30 el: Ongeveer 4,5 m deursnee en 2,25 m hoog met 'n omtrek van 13,5 m.

*7:24 kolokwinte: 1 Kon 6:18

*7:25 12 beeste: Jer 52:20

^x7:26 2 000 bat: Ongeveer 44 000 ℓ; •Inhoudsmate.

*7:27-37 2 Kon 16:17; 25:13,16; 2 Kron 4:14; Jer 52:17,20

^y7:27 4 ... 3 el: Ongeveer 1,8 x 1,8 x 1,35 m.

^z7:28 rame ... dwarssporte: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^a7:29 gerubs: Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die •verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

randversierings uitgeklop.^b ³⁰ Daar was vier bronswiele aan elke staander, met bronsasse. Die vier hoekstyle het steunpunte gehad. Die steunpunte was onder die waskom vasgegiet; teenoor elkeen was daar randversierings.^c ³¹ Die opening in die staander^d was binne-in die kroonlys, een el^e diep. Die opening was rond, gevorm as 'n voetstuk van een en 'n half el. Selfs aan die opening was daar graveerwerk. Die rame was egter vierkantig, nie rond nie. ³² Die vier wiele was aan die onderkant van die rame, en die asse van die wiele was aan die staander vas. Die hoogte van elke wiel was een en 'n half el. ³³ Die wiele se vorm was dieselfde as dié van 'n strydwa: Die asse, vellings, speke en nawe was alles gegiet. ³⁴ Daar was vier steunstukke aan die vier hoeke van elke staander vas. Dit was 'n deel van die staander. ³⁵ Bo die staander het 'n sirkelvormige rand 'n halwe el hoog uitgestaan. En bo-aan die staander was die handvatsels en rame deel daarvan.

³⁶ Hiram het gerubs, leeus en palmette gegraveer op die plat dele van die handvatsels en die raamwerk, oral waar daar plek was, met randversierings rondom. ³⁷ So het hy dan die tien staanders gemaak, eenders gegiet, met dieselfde mate en dieselfde vorm vir almal.

³⁸ *Daarna het Hiram tien bronswaskomme^f gemaak: elke waskom kon

^b7:29 **randversierings uitgeklop**: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^c7:30 **teenoor ... randversierings**: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^d7:31 **opening ... staander**: Die bronteks lui “sy mond”.

^e7:31 **1 el**: Ongeveer 0,45 m.

^{*}7:38 2 Kron 4:6

^f7:38 **bronswaskomme**: In 1 Kon 7:23; 2 Kron 4:2 die See genoem.

veertig bat^g hou; elke kom was vier el in deursnee^h en op elk van die tien standers was daar een kom. ³⁹ So het hy die verskuifbare standers geplaas: vyf aan die regterkant van die tempel en vyf aan die linkerkant van die tempel. Die See het hy in die regterflank van die tempel geplaas, in die suidoostelike hoek. ⁴⁰ *Daarna het Hiram die houers,ⁱ grafies en offerbakke^{*} gemaak.

So het Hiram al die werk afgehandel wat hy vir koning Salomo in die tempel van die HERE moes doen:

⁴¹ twee pilare;

die twee bolvormige kapitele wat op die kop van die twee pilare was; die twee stelle vlegwerk waarmee die twee bolvormige kapitele wat op die kop van die pilare was, bedek is;

⁴² die vierhonderd granate vir die twee stelle vlegwerk om die twee bolvormige kapitele wat op die koppe van die pilare was, te bedek — twee rye granate vir elke stel vlegwerk;

⁴³ die tien verskuifbare standers; die tien waskomme op die standers;

⁴⁴ die een See; die twaalf beeste onder die See;^k

⁴⁵ die houers, grafies en offerbakke.

^g7:38 40 bat: Ongeveer 880 ℓ.

^h7:38 in deursnee: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^{*}7:40 — 8:9 2 Kron 4:11 — 5:10

ⁱ7:40 houers: Talle Hebreeuse mss, die Septuagint, Peshitta en Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “waskomme”; vgl 1 Kon 7:45.

^j7:40 offerbakke: Dit verwys na houers wat in die •tempel gebruik is vir •drankoffers.

^{*}7:40 houers ... offerbakke: Eks 27:3; 38:3

^k7:44 See: Die naam van die bronswaskom; vgl Eks 30:17-21.

Al hierdie voorwerpe wat Hiram vir koning Salomo gemaak het vir die huis van die HERE was van gepoleerde brons. ⁴⁶ In die omgewing van die Jordaan, tussen Sukkot* en Saretan,* het die koning dit in kleivorms gegiet. ⁴⁷ Omdat al hierdie voorwerpe so uitermate swaar was, het Salomo dit nie geweeg nie. Die gewig van die brons kon nie bereken word nie.

⁴⁸ Salomo het al die voorwerpe wat in die huis van die HERE was, gemaak:

die goue altaar;*

die tafel van goud waarop die vertoonbrode was;*

⁴⁹ *die menoras^l van fyngoud — vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant — voor die goue heiligdom;^m

die goue blomknoppe, lampe en snuiters;

⁵⁰ die bakke, messe,ⁿ offerbakke, skottels en die vuurpanne van fyngoud;

die goue beslag^o vir die deure na die binneste vertrek, die

Allerheiligste,* en vir die deure na die tempel, die hoofvertrek.

*7:46 Sukkot: Gen 33:17

*7:46 Saretan: Jos 3:16

*7:48 goue altaar: Eks 30:1-3; Op 8:3

*7:48 tafel ... was: Eks 25:30; 37:10-14

*7:49 Eks 25:31-38

^l7:49 menoras: Die goue kandelare met sewe arms wat in die tempel gestaan het.

^m7:49 heiligdom: Die agterste vertrek van die •tempel, waar die verbondsark gestaan het, en wat ook die Allerheiligste genoem word.

ⁿ7:50 messe: Dit is gebruik om die lamppitte mee terug te sny.

^o7:50 beslag: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse word. Word ook vertaal “holtes”, waarin die deure dus skarnier.

*7:50 Allerheiligste: 1 Kon 6:16

⁵¹ *Toe al die werk wat koning Salomo aan die huis van die HERE gedoen het, afgehandel was, het Salomo die geheiligde gawes van sy vader Dawid, die silwer en goud en ander voorwerpe, na binne geneem en dit in die skatkamers van die huis van die HERE geplaas.

8

Inwyding van die tempel

¹ Daarna het Salomo die oudstes^p van Israel, al die stamhoofde, die leiers^q van die families van die Israëliete, by hom^r in Jerusalem byeen laat kom om met die •verbondsark van die HERE vanuit die Stad van Dawid, dit is Sion,^{*} op te trek. ² Al die manne van Israel het toe by koning Salomo byeengekom in die feestyd, in die maand Etanim, dit is die sewende maand.^s ³ Toe al die oudstes van Israel daar aangekom het, het die priesters die ark opgetel. ⁴ Hulle het die ark van die HERE, die Tent van Ontmoeting en al die heilige voorwerpe wat in die tent was, opgeneem — die priesters en Leviëte het dit opgeneem.*

⁵ *Koning Salomo en die hele volksvergadering^t van Israel, dié wat by hom saamgetrek het en saam met hom voor die ark was, het kleinvee en

*7:51 — 8:9 2 Kron 5:1-10

^p8:1 oudstes: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^q8:1 leiers: In Hebreeus *nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

^r8:1 by hom: Letterlik 'by koning Salomo'.

*8:1 verbondsark ... Sion: 2 Sam 5:7,9; 6:17; 1 Kon 2:10

^s8:2 feestyd ... 7de maand: Dit verwys na die Huttefees, ook genoem die Fees van die Insameling. Dit was 'n sewedaagse oesfees wat op 15-22 •Tisri, die sewende maand, ook genoem •Etanim, gevier is; vgl Lev 23:34-36; Deut 16:13-15; •Feeste.

*8:3-4 priesters ... opgeneem: Num 4:1-33; Jos 3:3,6

*8:5 2 Kron 1:6

^t8:5 volksvergadering: 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

beeste geoffer wat vanweë hulle veelheid nie getel of bereken kon word nie. ⁶ **Die priesters het die verbondsark van die HERE na sy plek geneem, na die heiligdom van die tempel, na die Allerheiligste, na sy plek onder die vlerke van die gerubs;^u ⁷ want die gerubs het hulle vlerke uitgesprei oor die plek van die ark. Die gerubs het die ark en sy draaghoute van bo af beskut. ⁸ *Die draaghoute was lank, en die punte van die draaghoute was sigbaar uit die heilige deel reg voor die heiligdom. Van buite af was dit egter nie sigbaar nie. Hulle is daar tot vandag toe. ⁹ Daar was niks in die ark nie, behalwe die twee kliptafels wat Moses daarin geplaas het op Horeb, toe die HERE met die Israeliete 'n verbond gesluit het met hulle uittog uit Egipteland.*

¹⁰ *Toe die priesters uitkom uit die heiligdom, het 'n wolk die tempel van die HERE gevul. ¹¹ Die priesters kon vanweë die wolk nie bly staan om diens te doen nie, want die heerlijkheid van die HERE het die huis van die HERE gevul.

¹² *Dit is toe dat Salomo gesê het:

“Die HERE het gesê
dat Hy in diep duisternis vertoef.

¹³ Ek het inderdaad 'n vorstelike woning
vir U gebou,

*8:6-7 Eks 16:33-34; 1 Kon 6:23-28; 8:21

*8:6 Op 11:19

^u8:6 **gerubs:** Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die •verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

*8:8 Eks 25:14-15

*8:9 **behalwe ... Egipteland:** Eks 16:33,34; 25:16,21; 40:20; Deut 31:26; Heb 9:4

*8:10-11 Eks 16:10; 40:34-35; 2 Kron 5:11-14; Op 15:8

*8:12-50 2 Kron 6:1-39

die plek vir u verblyf
in alle ewigheid.*”

¹⁴ Die koning het toe omgedraai na die hele geloofsgemeenskap van Israel en hulle geseën. Terwyl die hele geloofsgemeenskap van Israel daar staan, ¹⁵ het hy gesê: “Die HERE, die God van Israel, moet geprys word, wat met sy mond met my vader Dawid gepraat het, en met sy hand die volgende woorde vervul het, ¹⁶ ‘Van die dag af dat Ek my volk Israel uit Egipte gelei het, het Ek onder al die stamme van Israel nie 'n stad gekies om 'n tempel te bou, sodat my Naam daar sou wees nie; maar Ek het Dawid gekies om oor my volk Israel te wees.*’ ¹⁷ *My vader Dawid was van voorneme^v om 'n tempel te bou vir die Naam van die HERE, die God van Israel. ¹⁸ Maar die HERE het vir my vader Dawid gesê, ‘Jy het jou voorgeneem om vir my Naam 'n tempel te bou. Dit was goed van jou dat jy jou dit voorgeneem het. ¹⁹ Jy is egter nie die een wat die tempel sal bou nie, maar jou seun wat uit jou liggaam sal voortkom, hy sal die tempel vir my Naam bou.’ ²⁰ En die HERE het sy woord wat Hy gespreek het, gestand gedoen, sodat ek in die plek van my vader opgestaan het en op die troon van Israel gaan sit het, soos die HERE gesê het. Ek het die tempel vir die Naam van die HERE, die God van Israel, gebou. ²¹ *Ek het daar 'n plek ingerig vir die ark waarin die verbond van die HERE is, wat Hy met ons voorouers gesluit het toe Hy hulle uit Egipteland gelei het.”

²² Toe het Salomo voor die altaar van die HERE gaan staan, reg voor die

*8:13 u verblyf ... ewigheid: Ps 132:13-14; vgl Matt 23:21

*8:16 Ek het ... wees: 1 Sam 16:1; 2 Sam 7:8; 1 Kron 28:4; Ps 78:70

*8:17-19 2 Sam 7:12-13; 1 Kon 5:3-5; Hand 7:45-47

^v8:17 was van voorneme: Letterlik ‘dit was saam met sy hart’.

*8:21 1 Kon 8:6-7

hele geloofsgemeenskap van Israel. Hy het sy handpalms na die hemel uitgestrek ²³ en gesê:

“HERE, God van Israel,
daar is geen god soos U
in die hemel daar bo
of op die aarde hier onder nie;*
U wat die verbond en troue liefde
in stand hou vir u diensknegte
wat met hulle hele hart voor U leef;
²⁴ U wat ter wille van u dienskneg,
my vader Dawid,
gehou het by dit wat U hom beloof het.

U het dit met u mond beloof
en met u hand vervul, soos dit vandag is.

²⁵ Daarom, HERE, God van Israel,
hou nou ter wille van u dienskneg,
my vader Dawid,
by dit wat U hom beloof het
toe U gesê het,
‘Daar sal nooit iemand
vir jou ontbreek
wat voor my aangesig
op die troon van Israel sit nie,
as jou seuns maar net ag slaan
op hulle optrede deur voor My te leef
soos jy voor My geleef het.’*

*8:23 daar is ... onder nie: Eks 15:11; Deut 33:26; 2 Sam 7:22; Ps 86:8; Jes 40:18; Jer 10:6; Miga 7:18

*8:25 Daar ... geleef het: 2 Sam 7:12-16; 1 Kon 2:4; Ps 132:11-12

²⁶ Daarom, o God van Israel,
laat u belofte wat U aan u dienskneg,
my vader Dawid, gemaak het,
tog waar word.

²⁷ “*Maar kan God werklik op aarde
woon?

Kyk, die hemelruim en die hoogste
hemele^w kan U nie omvat nie —
hoeveel minder hierdie tempel
wat ek gebou het?

²⁸ U moet aandag gee aan die gebed
van u dienskneg,
aan sy smeekbede, HERE my God,
deur te luister na die hulpgeroep,
na die gebed wat u dienskneg
vandag voor U bid,

²⁹ dat u oë dag en nag oop sal wees
na hierdie tempel,
na die plek waarvan U gesê het,

‘My Naam sal daar wees,’*

sodat U sal luister na die gebed
wat u dienskneg in die rigting
van hierdie plek rig.

³⁰ Luister dan na die smeekbede

*8:27 2 Kron 2:6; 6:18; Hand 7:48; 17:24; vgl Op 21:3

^w8:27 hemele: Volgens die antieke wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterreheem en die derde hemel waar God woon.

*8:29 die plek ... wees: Deut 12:11; 1 Kon 8:16

van u dienskneg
en van u volk Israel wat hulle
na hierdie plek toe bid.
U self moet dit hoor tot by die plek
waar U woon, tot in die hemel.
U moet dit hoor, en U moet vergewe.

³¹ “Wanneer iemand teen sy naaste sondig, en dié 'n verwensing uitspreek om 'n vloek oor hom te bring, en hy dan met die vervloeking voor u altaar in hierdie tempel kom, ³² *moet U self hoor in die hemel en optree en die reg handhaaf van u diensknegte deur die skuldige skuldig te verklaar, deur sy optrede op sy eie kop te laat neerkom, en die regverdige regverdig te verklaar deur aan hom te gee wat hy volgens sy regverdige optrede verdien.

³³ “Wanneer u volk Israel deur 'n vyand verslaan word omdat hulle teen U gesondig het, en hulle na U terugkeer, u Naam loof en bid en by U smee in hierdie tempel, ³⁴ moet U self hoor in die hemel. Vergewe dan die sonde van u volk Israel en laat hulle terugkeer na die grond wat U aan hulle voorouers gegee het.

³⁵ “*Wanneer die hemel toegesluit is en daar geen reën val nie omdat hulle teen U gesondig het, en hulle bid dan na hierdie plek toe en loof u Naam en bekeer hulle van hulle sondes omdat U hulle verneder,^x
³⁶ moet U self hoor in die hemel en die sonde van u diensknegte en u volk Israel vergewe, want U leer hulle die goeie pad waarop hulle moet gaan. Gee dan reën oor u land, wat U vir u volk as erfenis gegee het.

* **8:32** Deut 25:1-2

* **8:35-36** Deut 11:17; Jer 3:3; Am 4:7-8

^x**8:35** U hulle verneder: Die •Septuagint en •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui “U hulle antwoord”.

³⁷ “*Wanneer daar hongersnood in die land is, wanneer pessiekte uitbreek, wanneer skroeisiekte, witroes, treksprinkane, kaalvreter toeslaan, wanneer u volk se vyand hom beleër in van sy stede in die land — tydens enige plaag, enige siekte — ³⁸ en enige gebed dan opstyg,^y enige smeekbede wat daar mag wees by enige mens, by enigiemand van u volk Israel wat elkeen die teistering van sy eie hart ken, en hy dan sy handpalms na hierdie tempel uitstrek, ³⁹ moet U self hoor in die hemel, die plek van u verblyf. Vergewe dan en tree op en handel met elkeen volgens al sy dade, omdat U sy hart ken. U alleen ken immers die harte van alle mensekinders. ⁴⁰ *Doen dit, sodat hulle vir U ontsag mag hê solank as wat hulle leef op die grond wat U vir ons voorouers gegee het.

⁴¹ “*En ook die buitelanders wat nie deel van u volk Israel is nie, maar uit 'n ver land kom ter wille van u Naam — ⁴² ja, hulle sal hoor van u groot Naam en u sterk hand en uitgestrekte arm* — wanneer hy dan kom en bid na hierdie tempel toe, ⁴³ moet U self hoor in die hemel, die plek van u verblyf. Tree dan op volgens alles waaroor die buitelanders U aanroep, sodat al die volke van die aarde u Naam mag ken, dat hulle vir U ontsag mag hê,* soos U volk Israel, en sal besef dat dit u Naam is wat uitgeroep is oor hierdie tempel wat ek gebou het.

⁴⁴ “Wanneer u volk uittrek vir oorlog teen sy vyand op die pad waarop U hulle stuur, en hulle bid tot die HERE in die rigting van die stad wat U gekies het, en van die tempel wat ek vir u Naam gebou het, ⁴⁵ moet U in

* **8:37** Lev 26:16,25-26; Deut 28:21-22,27,38,42; 2 Kron 20:9; Am 4:9; Hag 2:17

^y**8:38 dan opstyg:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **8:40** Deut 12:1

* **8:41-42** Jes 56:6-8; Sag 8:20-23; Joh 12:20; Hand 8:27

* **8:42 sterk ... arm:** Deut 11:2; 26:8; Ps 136:2

* **8:43 sodat ... hê:** Ps 102:16

die hemel hulle gebede en smeekbedes hoor en hulle reg handhaaf.

⁴⁶ “Wanneer hulle teen U sondig — want daar is geen mens wat nie sondig nie* — en U vir hulle kwaad word en hulle oorgee aan 'n vyand, en hulle ontvoerders hulle wegvoer na die land van die vyand, ver of naby, ⁴⁷* en hulle tot inkeer kom in die land waarheen hulle weggevoer is en hulle bekeer en by U om genade smee in die land van hulle ontvoerders, met die woorde, ‘Ons het gesondig en afgedwaal, ons is skuldig,’* ⁴⁸ en hulle dan met hart en siel na U terugkeer in die land van hulle vyande wat hulle weggevoer het, en hulle tot U bid in die rigting van hulle land* wat U aan hulle voorouers gegee het, die stad wat U gekies het, en die tempel wat ek vir u Naam gebou het, ⁴⁹ moet U in die hemel, die plek van u verblyf, hulle gebede en smeekbedes hoor en hulle reg handhaaf. ⁵⁰ Vergewe dan u volk dit wat hulle teen U gesondig het, ja, al hulle oortredings waarmee hulle teen U oortree het. Gee dat daar vir hulle barmhartigheid sal wees by hulle ontvoerders, sodat dié barmhartig sal optree teenoor hulle. ⁵¹* Hulle is immers u volk en u erfdeel wat U uit Egipte, uit die ystersmeltoond, uitgelei het.

⁵² “*Laat u oë dan oop wees vir die smeekbede van u dienskneg en die smeekbede van u volk Israel, sodat U na hulle sal luister in alles waaroor hulle U aanroep; ⁵³* want dit is U wat hulle vir U afgesonder het as erfenis onder al die volke van die aarde, soos U beloof het by monde van Moses, u dienskneg, toe U ons voorouers uit Egipte uitgelei het, HERE, my Heer.”

* 8:46 want ... sondig nie: Spr 20:9; Pred 7:20; 1 Joh 1:8,10

* 8:47 Lev 26:33-34; Deut 28:64

* 8:47 Ons ... skuldig: Ps 106:6

* 8:48 bid ... hulle land: Dan 6:11

* 8:51 Deut 9:26,29

* 8:52 2 Kron 7:15; Neh 1:6,11; Ps 130:2

* 8:53 Eks 19:5-6; Deut 9:4-5

⁵⁴ *Toe Salomo hierdie hele gebed en smeekbede tot die HERE klaar gebid het, het hy dadelik opgestaan voor die altaar van die HERE waar hy gekniel en sy handpalms na die hemel uitgestrek het. ⁵⁵ Hy het gaan staan en die hele geloofsgemeenskap van Israel hardop geseën deur te sê: ⁵⁶ “Die HERE moet geprys word, Hy wat aan sy volk Israel 'n rusplek gegee het, presies soos Hy beloop het. Nie een van al sy goeie beloftes wat Hy by monde van sy dienskneg Moses gemaak het, het onvervuld gebly nie. ⁵⁷ Mag die HERE ons God met ons wees, soos Hy met ons voorouers was. Mag Hy ons nie verlaat nie, ons nie in die steek laat nie, ⁵⁸ sodat Hy ons harte na Hom sal wend* om al sy paaie te volg en sy gebooe, vaste voorskrifte en bepalinge na te kom wat Hy ons voorouers beveel het. ⁵⁹ Mag hierdie woorde van my waarmee ek voor die HERE smeek, dag en nag by die HERE ons God wees, sodat Hy die reg van sy dienskneg en van sy volk Israel sal handhaaf, volgens die eis van elke dag, ⁶⁰ *sodat al die volke van die aarde mag besef dat die HERE, dat Hy, God is, niemand anders nie. ⁶¹ En mag julle harte volkome by die HERE ons God wees, deur sy vaste voorskrifte te volg en sy gebooe na te kom soos dit vandag is.”

⁶² *Die koning en die hele volk saam met hom het offers geslag voor die HERE. ⁶³ Salomo het die maaltydoffers geslag wat hy aan die HERE opgedra het: twee-en-twintigduisend beeste en honderd-en-twintigduisend stuks kleinvee. So het die koning en al die Israëliete die huis van die HERE ingewy.

⁶⁴ Op daardie dag het die koning die binnekant van die voorhof wat voor die huis van die HERE was, geheilig; want daar het hy die

*8:54 2 Kron 7:1

*8:58 harte ... wend: Jos 24:23; Ps 119:36

*8:60 Vgl 1 Kon 8:23

*8:62 — 9:3 2 Kron 7:4-12

brandoffers en •graanoffers gebring, asook die vet van die maaltydoffers, omdat die bronsaltaar wat voor die HERE was, te klein was vir die brandoffers, graanoffers en die vet van die maaltydoffers.

⁶⁵ Salomo het in daardie tyd die Huttefees^z gevier. Die hele Israel was saam met hom, 'n groot byeenkoms uit die hele land,^a van Lebo-Hamat^b af tot by die Spruit van Egipte,^c saam voor die HERE ons God, vir sewe dae lank en toe nog sewe dae lank, veertien dae altesaam. ⁶⁶ Op die agtste dag daarna het hy die volk laat gaan; en hulle het die koning geseën. Hulle het na hulle tente gegaan, verheug en met opgeruimde harte oor al die goeie dinge wat die HERE gedoen het aan sy dienskneg Dawid, en aan sy volk Israel.

9

Tweede verskyning van die HERE aan Salomo

¹ Pas nadat Salomo klaar was met die bou van die huis van die HERE en die koninklike paleis,^{*} met alles wat hy beplan het, met alles wat hy graag wou doen, ² het die HERE 'n tweede keer aan Salomo verskyn,^{*} net soos Hy aan hom verskyn het by Gibeon.

³ Die HERE het vir hom gesê: “Ek het jou gebed, jou smeekbede wat jy

^z**8:65 die Huttefees:** Letterlik ‘die fees’. Ook genoem die “Fees van die insameling”, 'n sewedaagse oesfees wat in die sewende maand op 15-22 •Tisri (of •Etanim,) gevier is; •Feeste.

^a**8:65 uit ... land:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^b**8:65 Lebo-Hamat:** Die noordelike grensdorp van die koninkryk van Israel.

^c**8:65 spruit van Egipte:** Dit is 'n diep seisoenale spruit wat 'n natuurlike grens vorm tussen die •Negev en die Sinai-skiereiland.

^{*}**9:1 koninklike paleis:** 1 Kon 7:1

^{*}**9:2 het die ... Salomo verskyn:** 1 Kon 3:5; 11:9

pleitend voor My uitgespreek het, gehoor. Ek het hierdie tempel wat jy gebou het, geheilig deur my Naam vir altyd daar te vestig.* My oë en my hart sal altyd daar wees. ⁴*Wat jou betref, as jy voor My leef soos jou vader Dawid geleef het,* met 'n eerlike hart en in opregtheid, deur op te tree volgens alles wat Ek jou beveel, en my vaste voorskrifte en beslissings nakom, ⁵* sal Ek jou koninklike troon oor Israel vir altyd laat standhou, soos Ek jou vader Dawid beloof het deur te sê, ‘Daar sal vir jou nooit iemand ontbreek op die troon van Israel nie.’

⁶“*As julle wel van My afvallig word, julle of julle nageslag, en nie meer my gebooie, my vaste voorskrifte wat Ek aan julle voorgehou het, nakom nie, maar ander gode gaan dien en voor hulle in aanbidding buig, ⁷ sal Ek Israel uitroei van die grond af wat Ek hulle gegee het, en die tempel wat Ek geheilig het vir my Naam, sal Ek uit my teenwoordigheid verwyder. Dan sal Israel 'n spreuk en 'n spotnaam word onder al die volke, ⁸ en hierdie tempel sal 'n puinhoop word.^d Elkeen wat daar verbygaan, sal verslae wees en fluit en vra, ‘Waarom het die HERE so iets gedoen aan hierdie land en aan hierdie tempel?’ ⁹ Dan sal hulle antwoord, ‘Omdat hulle die HERE hulle God, wat hulle voorouers uit Egipteland uitgelei het, verlaat en ander gode aangehang het, in aanbidding voor hulle gebuig en hulle gedien het — dit is waarom die HERE al hierdie onheil oor hulle gebring het.’ ”

*9:3 my Naam ... vestig: 1 Kon 8:29

*9:4-10 2 Kron 7:17 — 8:1

*9:4 soos ... geleef het: 1 Kon 3:6,14

*9:5 2 Sam 7:12,16; 1 Kon 2:4; Ps 132:12

*9:6-9 Lev 26:33; Deut 28:15,37; 29:24-25; Jer 7:14; 22:8-9; Matt 23:38

^d9:8 hierdie ... puinhoop word: Die •Oudlatynse vertaling, •Peshitta en •Targum (gedeeltelik) word hier gevolg. Die •bronteks lui “hierdie tempel sal verhewe wees”; vgl 2 Kron 7:21.

Salomo se geskenk aan Hiram

¹⁰ Aan die einde van die twintig jaar waarin Salomo die twee geboue, die huis van die HERE en die koninklike paleis, gebou het, ^{* 11 *} gee koning Salomo toe vir Hiram twintig dorpe in die landstreek Galilea. Hiram, die koning van Tirus, het immers vir Salomo bygestaan met sederhout en sipreshout en goud, soveel as wat hy wou hê. ¹² Hiram het uit Tirus vertrek om die dorpe te besigtig wat Salomo vir hom gegee het, maar in sy oë was dit nie goed genoeg nie. ¹³ Hy het gesê: “Wat is hierdie dorpe wat jy vir my gegee het, my broer?” Hy het dit die gebied van Kabul^e genoem, wat tot vandag toe die naam is. ¹⁴ Hiram het immers vir die koning 'n honderd-en-twintig kikar^f goud gestuur.

Salomo se bouwerk

¹⁵ Dít was die doel met die verpligte diens waartoe koning Salomo mense opgeroep het: om die huis van die HERE te bou, ^{*} asook sy eie paleis, die terrasse,^g die stadsmuur van Jerusalem, Hasor, ^{*} Megiddo en Geser. ¹⁶ Die farao, die koning van Egipte, het voorheen opgetrek en Geser ingeneem. Hy het dit afgebrand en die Kanaäniete wat in die stad gewoon het, ^{*} om die lewe gebring. Daarna het hy dit as trougeskenk

^{*}9:10 20 ... gebou het: 1 Kon 6:37-38; 7:1

^{*}9:11 1 Kon 5:1-10

^e9:13 gebied van Kabul: Daar is onsekerheid oor die betekenis van hierdie neerhalende naam. Word ook vertaal “die nikswerd gebied”.

^f9:14 120 kikar: Ongeveer 4 100 kg; •Geldeenhede.

^{*}9:15 Dít ... te bou: 1 Kon 5:13

^g9:15 die terrasse: Letterlik ‘opvulling’. Dit verwys waarskynlik na die sisteem van terrasse aan die oostekant van die Stad van Dawid. Sommige vertalings vertolk dit as 'n pleknaam “die Millo”; vgl Sam 5:9.

^{*}9:15 Hasor: Jos 11:10-13

^{*}9:16 Kanaäniete ... gewoon het: Jos 16:10

aan sy dogter, die vrou van Salomo,* gegee.¹⁷ *Salomo het Geser herbou, ook Bet-Goron-Onder,*¹⁸ Baälat en Tamar^h in die woestynⁱ van die land,¹⁹ asook al die voorraadstede wat aan Salomo behoort het, die stede vir die strydwaens en die stede vir die perde,^j ja, wat Salomo ook al graag wou bou in Jerusalem en in die Libanon, in die hele gebied waaroor hy regeer het.

²⁰ *Al die mense wat oorgebly het van die Amoriëte, die Hetiëte, die Feresiëte, die Hewiëte en die Jebusiëte, wat nie deel was van die Israëliëte nie — ²¹ dit is nou hulle kinders wat ná hulle oorgebly het in die land, en wat die Israëliëte nie met die banvloek^k kon tref nie — het Salomo opgeroep vir verpligte dienswerk, soos dit vandag nog is.

²² Maar van die Israëliëte het Salomo niemand onderwerp aan slawediens nie, want hulle was krygsmanne, sy dienaars, bevelvoerders, adjudante^l en die aanvoerders van sy strydwamag en ruitery.²³ *Hulle was ook die hoofopsieners wat in beheer was van Salomo se bouwerk — vyfhonderd-en-vyftig man wat bevel gevoer het oor die mense wat die

***9:16 sy dogter ... Salomo:** 1 Kon 3:1; 7:8; 11:1

***9:17-28** 2 Kron 8:5-18

***9:17 Bet-Goron-Onder:** Jos 16:3,5

^h**9:18 Tamar:** Die •Masoretiese leestradiësie, talle Hebreeuse mss, die •Septuagint, Peshitta, Targum en •Vulgaat lui “Tadmor”; vgl 2 Kron 8:4.

ⁱ**9:18 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^j**9:19 stede vir die perde:** Word ook vertaal “stede vir die perderuiters”.

***9:20-21** Gen 15:18-21; Jos 15:63; 17:12; Rig 1:21-36

^k**9:21 banvloek:** Die banvloek beteken dat iets volledig aan die HERE behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die tempel of tempelpersoneel se besittings, of dit word, soos in hierdie geval, heeltemal vernietig; •Banvloek.

^l**9:22 adjudante:** In Hebreeus *sjelisjim*, vermoedelik die persone derde in bevel.

***9:23** 1 Kon 5:16

werk moes doen.

²⁴ Eers nadat die dogter van die farao uit die Stad van Dawid opgegaan het na haar paleis wat Salomo vir haar gebou het,* het hy die terrasse herbou.

²⁵ Salomo het drie keer per jaar brandoffers en maaltydoffers gebring op die altaar wat hy vir die HERE gebou het, en daarmee saam het hy wierook gebrand op die altaar^m wat voor die HERE was. Hy het ook die tempel in stand gehou.

Salomo se vloot

²⁶ Koning Salomo het 'n vloot opgebou by Es-jon-Geber wat by Elat* is, aan die kus van die Rietseeⁿ in die gebied van Edom. ²⁷ Saam met Salomo se dienaars, het Hiram sy dienaars, skeepslui wat die see geken het, aan die vloot beskikbaar gestel. ²⁸ *Hulle het na Ofir gegaan en van daar af goud gebring, vierhonderd-en-twintig kikar^o wat hulle aan koning Salomo gelewer het.

10

Koningin van Skeba

¹ **Die koningin van Skeba het telkens gehoor van Salomo se roem, iets

***9:24 dogter ... gebou het:** 1 Kon 3:1; 7:8

^m**9:25 op die altaar:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***9:26 Es-jon-Geber ... Elat:** Deut 2:8

ⁿ**9:26 Rietsee:** In die OT word die Hebreeuse pleknaam vertaal “Rietsee”. Die Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit “•Rooisee”.

***9:28** 1 Kon 10:11

^o**9:28 420 kikar:** Ongeveer 14,5 ton.

***10:1-25** 2 Kron 9:1-24; Matt 6:29

***10:1-13** Matt 12:42; Luk 11:31

wat die Naam van die HERE tot eer gestrek het.^p Sy het toe gekom om hom met raaisels te toets.* ² Sy het in Jerusalem aangekom met 'n baie groot gevolg — kamele gelaai met speserye, groot hoeveelhede goud, asook edelstene. Toe sy by Salomo kom, het sy met hom gepraat oor alles wat sy op die hart gehad het. ³ Salomo het vir haar verklarings gegee vir al die sake wat sy aangeroei het. Daar was geen saak vir die koning verborge nie, geen saak waaroor hy vir haar nie 'n verklaring kon gee nie.

⁴*Toe die koningin van Skeba al die wysheid van Salomo sien, ook die paleis wat hy gebou het, ⁵ die kos op sy tafel, die aansit van sy amptenare, sy bediendes wat gereed staan, hulle uitrustings, sy skinkers^q en die brandoffers wat hy bring in die huis van die HERE, is haar asem weggeslaan. ⁶ Sy sê toe vir die koning: “Die berig wat ek in my land gekry het oor u prestasies en u wysheid was werklik waar. ⁷ Maar ek het die woorde nie geglo nie, totdat ek gekom en dit met my eie oë gesien het. Kyk, die helfte is my nie vertel nie! In wysheid en welvaart oortref u die gerugte wat ek gehoor het. ⁸ Hoe gelukkig is u manne, hoe gelukkig hierdie dienaars van u, hulle wat voortdurend in u diens staan, hulle wat u wysheid aanhoor! ⁹*Die HERE u God moet geprys word, Hy wat u so goedgesind is om u op die troon van Israel te plaas. Omdat die HERE Israel altyd liefhet, het Hy u as koning aangestel om reg en geregtigheid te laat geskied.*”

^p10:1 wat ... gestrek het: Die •bronteks lui “vir die Naam van die HERE”.

*10:1 met ... toets: Vgl Rig 14:12

*10:4-7 Luk 12:27

^q10:5 skinkers: Word ook vertaal “drank”.

*10:9 2 Kron 2:11-12; 9:8; vgl 1 Kon 5:7

*10:9 reg ... geskied: 2 Sam 8:15; Ps 72:2

¹⁰ *Sy het vir die koning honderd-en-twintig kikar^r goud, groot hoeveelhede speserye en edelstene gegee. Daar het nooit weer so 'n groot hoeveelheid speserye die land binnegekom as wat die koningin van Skeba vir koning Salomo gegee het nie.

¹¹ Ook die vloot van Hiram, wat goud uit Ofir vervoer het, het groot hoeveelhede sandelhout en edelstene uit Ofir gebring. ¹² Van die sandelhout het die koning balustrades^s gemaak vir die huis van die HERE en vir die paleis van die koning, asook liere^t en harpe^u vir die sangers. So 'n groot hoeveelheid sandelhout het nog nooit tevore daar aangekom en is nog nooit weer, tot vandag toe, daar gesien nie.

¹³ Koning Salomo weer het vir die koningin van Skeba alles gegee wat sy wou hê en waarvoor sy gevra het, afgesien van wat hy vir haar gegee het soos gepas vir koning Salomo. Daarna het sy omgedraai en na haar land gegaan, sy en haar dienaars.

Salomo se rykdom

¹⁴ *Die gewig van die goud wat in een jaar vir Salomo ingekom het, was seshonderd ses-en-sestig kikar.^v ¹⁵ Dit was afgesien van die goud wat gekom het van die handelsreisigers, van die wins van handelaars, en van al die konings van die Arabiere en die streeksgoewerneys van die land. ¹⁶ Koning Salomo het tweehonderd grootskilde^w gemaak, met

***10:10** Ps 72:10

^r**10:10 120 kikar:** Ongeveer 4,1 ton; •Geldeenhede.

^s**10:12 balustrades:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Die •Septuagint, •Vulgaat en •Targum vertaal dit as “stutmuur”.

^t**10:12 liere:** Driehoekige snaarinstrumente met vier snare.

^u**10:12 harpe:** Driehoekige snaarinstrument met 'n klankbord.

***10:14-29** 2 Kron 9:13-24

^v**10:14 666 kikar:** Ongeveer 22,7 ton; •Geldeenhede.

^w**10:16 grootskilde:** Lang, ovaalvormige skilde van hout, metaal of leer om die hele liggaam te beskerm.

geplette goud daarop. Met seshonderd sikkel^x goud het hy elke skild oorgetrek. ¹⁷ *Hy het ook driehonderd kleinskilde gemaak, met geplette goud daarop. Elkeen van hierdie skilde het hy met drie mina^y goud oorgetrek. Die koning het dit in die saal genoem Bos van die Libanon,^z geplaas.

¹⁸ Toe het die koning 'n groot troon van ivoor gemaak en dit met bladgoud oorgetrek. ¹⁹ Daar was ses trappe vir die troon, en die sitplek het 'n rug met 'n ronde bokant en armleunings aan elke kant gehad. Twee leeus het langs die armleunings gestaan. ²⁰ Twaalf leeus het daar op die ses trappe gestaan, ses aan elke kant. So iets is nog nooit vir enige koninkryk gemaak nie.

²¹ Al die drinkerei van koning Salomo was van goud, en al die toebehore in die saal genoem Bos van die Libanon, was van fyngoud. Daar was nie silwer nie. Silwer is nie in koning Salomo se tyd as waardevol geag nie. ²² Die koning se handelskepe^a was immers op see saam met Hiram se vloot,^{*} en een keer in drie jaar het die handelskepe aangekom, gelaai met goud en silwer, ivoor, bobbejane en ape.^b

²³ So het koning Salomo, wat rykdom en wysheid betref, groter geword as al die konings van die aarde. ²⁴ *Die hele aarde het Salomo se

^x**10:16 600 sikkel:** Ongeveer 7 kg.

^{*}**10:17 1 Kon 14:26-28**

^y**10:17 3 mina:** Ongeveer 1,7 kg.

^z**10:17 Bos ... Libanon:** Letterlik 'die huis van die bos van die Libanon'. Word ook vertaal "Paleis van die Bos van die Libanon"; vgl 1 Kon 7:2; 10:17,21.

^a**10:22 handelskepe:** Kan ook vertaal word "skepe van Tarsis"; vgl 1 Kon 22:49; Ps 48:8; Jes 2:16.

^{*}**10:22 Hiram se vloot:** 1 Kon 9:26-28

^b**10:22 bobbejane en ape:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woorde. Word ook vertaal "ape en poue".

^{*}**10:24 1 Kon 4:34**

teenwoordigheid gereeld opgesoek^c om sy wysheid te hoor wat God vir hom in sy hart gegee het. ²⁵ Elkeen het jaar ná jaar sy geskenk saamgebring: artikels van silwer en goud, kledingstukke, wapens^d en speserye, perde en muile.

²⁶ *Salomo het strydwaens en spanne perde^e bymekaargemaak. Hy het eenduisend vierhonderd strydwaens en twaalfduisend perde gehad.^f Hy het hulle in die strydwastede en by hom, die koning, in Jerusalem gehou. ²⁷ *Die koning het silwer in Jerusalem so volop soos klippe gemaak, en sederhout so volop soos wildevyebome in die Sjefela.^g ²⁸ Die perde wat aan Salomo behoort het, is ingevoer uit Egipte en Kewé.^h Handelaars van die koning het hulle van Kewé teen 'n vasgestelde prys gekry. ²⁹ 'n Strydwa uit Egipte ingevoer, het seshonderd sikkels silwer gekos en 'n perd honderd-en-vyftig sikkels.ⁱ So is deur hulle toedoen strydwaens en perde^j uitgevoer na al die konings van die Hetiete en die konings van Aram.

^c**10:24 teenwoordigheid ... opgesoek:** Dit is 'n vaste Hebreeuse uitdrukking vir 'n koninklike oudiënsie.

^d**10:25 wapens:** Die Septuagint vertaal die Hebreeuse woord as “reukwerk”.

***10:26-29** 1 Kron 1:14-17

^e**10:26 spanne perde:** Word ook vertaal “strydwabemannings”.

^f**10:26 12 000 ... gehad:** Elke strydwa het drie bemanningslede gehad; vgl 1 Kon 4:26.

***10:27** 2 Kron 1:15-16; 9:27-28

^g**10:27 Sjefela:** Die laer liggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina.

^h**10:28 Egipte en Kewé:** Kewé was 'n gebied in Silisië. Daar bestaan twyfel oor die verwysing na Egipte. Met vokaalwysiging kan dit vertaal word “Musri”, 'n plek in Kappadosië waar perde geteel is. Silisië en Kappadosië was geleë in die gebied wat vandag bekend staan as Turkye.

ⁱ**10:29 150 sikkels:** Ongeveer 1,7 kg.

^j**10:29 strydwaens en perde:** Die bronteks lui “hulle”.

11

Salomo se ontrou

¹ *Koning Salomo het baie uitlandse vroue liefgehad. Saam met die dogter van die farao* was daar Moabitiese, Ammonitiese, Edomitiese, Sidoniese en Hetitiese vroue, ² *vroue uit die nasies van wie die HERE vir die Israeliete gesê het: “Julle mag met hulle nie omgaan nie, en hulle mag met julle nie omgaan nie. Hulle sal beslis julle harte verlei om hulle gode te volg.” Salomo was juis aan hierdie gode verknog. ³ Hy het sewehonderd vroue van koninklike stand en driehonderd byvroue gehad. Sy vroue het sy hart verlei. ⁴ Teen die tyd dat Salomo oud was, het sy vroue sy hart verlei om ander gode te volg, en was sy hart nie meer volkome by die HERE sy God, soos wat die hart van sy pa Dawid was nie.* ⁵ Salomo het Astarte,^k die godin van die Sidoniërs,* en Milkom, die verfoeilike god van die Ammoniete, gevolg. ⁶ Salomo het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. Hy het nie die HERE met volharding gevolg soos sy pa Dawid nie. ⁷ *Salomo het toe 'n offerhoogte^l vir die verfoeilike god van Moab gebou op die berg wat oos van Jerusalem lê,^m en ook vir •Molek, die verfoeilike god van die Ammoniete.* ⁸ So het hy

*11:1 Deut 17:17; Neh 13:26

*11:1 dogter ... farao: 1 Kon 3:1; 7:8

*11:2 Eks 34:16; Deut 7:3-4

*11:4 soos ... was nie: 1 Kon 3:6,14; 9:4

^k11:5 Astarte: 'n Vrugbaarheidsgodin wat met liefde en oorlog geassosieer is.

*11:5 Astarte ... Sidoniërs: 1 Sam 7:3; 12:10; 1 Kon 11:33; 2 Kon 23:13

*11:7 1 Kon 11:33; 2 Kon 23:13

^l11:7 offerhoogte: 'n Heiligdom op 'n heuwel waar daar geboue kon wees, maar soms net 'n altaar.

^m11:7 berg ... lê: Dit verwys na die Olyfberg.

*11:7 Molek ... Ammoniete: Lev 18:21; 2 Kon 23:10,13; Sef 1:5

gemaak vir al sy uitlandse vroue, wat gewoonlik reukwerk gebrand en offers geslag het vir hulle gode.

⁹ Die HERE was kwaad vir Salomo, omdat sy hart afgewyk het van die HERE, die God van Israel, wat twee maal aan hom verskyn het,* ¹⁰ en hom juis oor hierdie saak beveel het om nie ander gode te volg nie. Hy het egter nie nagekom wat die HERE beveel het nie. ¹¹ Toe sê die HERE vir Salomo: “Omdat jy hiervan bewus was, en jy nie my verbond en my vaste voorskrifte wat Ek jou beveel het, nagekom het nie, sal Ek beslis die koningskap van jou afskeur en dit vir jou dienaar gee.* ¹² In jou leeftyd sal Ek dit egter nie doen nie, ter wille van jou vader Dawid. Uit jou seun se hand sal ek dit wegskeur. ¹³ Die hele koninkryk sal Ek egter nie wegskeur nie. Een stam sal Ek vir jou seun gee, ter wille van Dawid, my dienskneg, en ter wille van Jerusalem, wat Ek gekies het.*”

Salomo se teenstanders

¹⁴ Daarna het die HERE vir Hadad, die Edomiet, as teenstander van Salomo laat opstaan. Hy was uit die koninklike geslag in Edom. ¹⁵ *Toe Dawid Edom verslaan het,ⁿ het Joab,* die aanvoerder van die leër, terwyl hy opgetrek het om die gesneuweldes te begrawe, elke manlike persoon in Edom neergevel. ¹⁶ Ja, ses maande lank het Joab en die hele Israel daar gebly, totdat hy elke manlike persoon in Edom afgemaai het.

¹⁷ Hadad het egter gevlug, hy en Edomitiese manne, van sy pa se

* **11:9 wat ... verskyn het:** 1 Kon 3:5; 9:2

* **11:10** 1 Kon 6:12; 9:6-7

* **11:11 sal Ek ... gee:** 1 Kon 11:26-40; vgl 1 Sam 15:26

* **11:13 Een ... gekies het:** 1 Kon 11:32,36; 12:20

* **11:15** 2 Sam 8:13-14; 1 Kron 18:12-13; Ps 60:2

ⁿ**11:15 Toe ... verslaan het:** Die •Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die •bronteks lui “Toe Dawid met Edom was”.

* **11:15-16 Joab:** 1 Sam 26:6; 2 Sam 8:16; 11:6

amptenare wat saam met hom was. Hulle wou na Egipte gaan. Hadad was nog 'n jong seun.¹⁸ Hulle het uit Midian vertrek en Paran bereik. Hulle het toe manne uit Paran met hulle saamgeneem en in Egipte aangekom by die farao, die koning van Egipte. Dié het vir hom 'n huis gegee, kosvoorraad aan hom toegesê en ook 'n stuk land vir hom gegee.¹⁹ Die farao het so baie van Hadad gehou dat hy vir hom sy vrou se suster, die suster van Tagpenes, die koningin, as vrou gegee het.²⁰ Die suster van Tagpenes het vir hom sy seun, Genubat, in die wêreld gebring. Tagpenes het hom in die farao se paleis gespeen. Genubat was tussen die farao se seuns in die paleis van die farao.²¹ Maar toe Hadad in Egipte hoor dat Dawid by sy voorouers gaan rus het, en dat Joab, die bevelvoerder van die leër, gesterf het, sê Hadad vir die farao: “Laat my gaan, sodat ek na my land kan terugkeer.”²² Die farao sê toe vir hom: “Maar wat ontbreek jou dan hier by my dat jy nou skielik na jou land wil terugkeer?” Hy antwoord toe: “Niks nie, maar laat my tog maar gaan.”²³ God het vir Salomo nog 'n teenstander laat opstaan — Reson, seun van Eljada, wat gevlug het van sy heer, Hadad-Eser, die koning van Soba.*²⁴ Hy het manne om hom vergader en die aanvoerder van 'n rowerbende geword juis toe Dawid besig was om 'n slagting onder sy mense aan te rig. Hulle het toe na Damaskus* gegaan, daar gaan woon en in Damaskus die bewind oorgeneem.²⁵ Hy was 'n teenstander van Israel solank Salomo geleef het, bo en behalwe die kwaad wat Hadad aangerig het.^o Hy het 'n afsku in Israel gehad en oor Aram regeer.

²⁶ Daar was ook Jerobeam,* seun van Nebat, 'n dienaar van Salomo, 'n

* **11:23 Hadad-Eser ... Soba:** 2 Sam 8:3,7; 10:18

* **11:24 Damaskus:** 2 Sam 8:5-6; 2 Kon 8:7

^o**11:25 aangerig het:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **11:26 Jerobeam:** 1 Kon 12:20; 2 Kon 17:21; 2 Kron 13:6

Efraimiet^p uit Sereda. Die naam van sy ma, 'n weduwee, was Serua. Maar hy het teen die koning in opstand gekom.^q ²⁷ En dit is die rede waarom hy teen die koning in opstand gekom het: Salomo het die terrasse^r herbou en die bres in die muur van die stad van sy pa Dawid toegebou.* ²⁸ Die man Jerobeam was knap. Salomo het gesien dat die jong man iemand is wat 'n taak afhandel. Hy het hom toe aangestel oor al die dwangarbeiders* van die huis van Josef. ²⁹ Gedurende daardie tyd, toe Jerobeam op 'n keer uit Jerusalem uitgaan, kry Agija, die profeet uit Silo,* hom langs die pad. Agija^s het 'n nuwe mantel aangehad. Die twee van hulle was alleen in die veld. ³⁰ Agija gryp toe die nuwe mantel wat om hom was, en skeur dit in twaalf stukke. ³¹ Hy sê toe vir Jerobeam: “Neem vir jou tien stukke, want so sê die HERE, die God van Israel, ‘Kyk, Ek gaan die koningskap uit die hand van Salomo skeur, en tien stamme aan jou gee.* ³² Maar die een stam sal syne wees, ter wille van my dienskneg Dawid en ter wille van Jerusalem, die stad wat Ek gekies het uit al die stamme van Israel. ³³ *Dit is omdat hulle My verlaat het en in aanbidding buig voor Astarte, die godin van die Sidoniërs en voor Kemos, die god van Moab, en voor Milkom, die god van die

^p**11:26 Efraimiet:** Die bronteks lui “Efratiet”; vgl egter Rig 12:5.

^q**11:26 teen ... gekom:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “sy hand gelig teen die koning”.

^r**11:27 die terrasse:** Letterlik ‘opvulling’. Dit verwys waarskynlik na die sisteem van terrasse aan die oostekant van die Stad van Dawid. Sommige vertaal dit 'n pleknaam ‘die Millo’.

* **11:27 Salomo ... toegebou:** 1 Kon 9:15

* **11:28 dwangarbeiders:** 1 Kon 5:13-16

* **11:29 Silo:** Jos 18:1

^s**11:29 Agija:** Letterlik ‘Hy’.

* **11:31 koningskap ... gee:** 1 Kon 11:11,13

* **11:33** 1 Kon 11:5-7

Ammoniete. Hulle het nie op my paaie gebly deur te doen wat reg is in my oë, en my vaste voorskrifte en bepalings uit te voer soos Salomo se^t vader Dawid nie. ³⁴ Ek sal nie die hele koninkryk uit sy hand neem nie, maar hom as leier^u aanstel solank hy leef, ter wille van Dawid, my dienskneg, wat Ek gekies het, hy wat my wette en vaste voorskrifte nagekom het. ³⁵ *Maar Ek sal die koninkryk uit die hand van sy seun neem en dit, die tien stamme, aan jou gee. ³⁶ Aan sy seun sal Ek een stam gee, sodat daar altyd 'n lamp vir Dawid, my dienskneg, voor My sal wees in Jerusalem, die stad wat Ek vir My gekies het om my Naam daar te vestig.* ³⁷ Maar jou sal Ek neem, en jy sal as koning heers oor alles wat jy begeer — jy sal koning wees oor Israel. ³⁸ As jy dan luister na alles wat Ek jou beveel, my paaie volg en doen wat reg is in my oë deur my vaste voorskrifte en gebooie na te kom, soos my dienskneg Dawid gedoen het, sal Ek met jou wees en vir jou 'n bestendige huis bou, soos ek dit vir Dawid gebou het.* Ek sal Israel vir jou gee. ³⁹ Ek sal die nageslag van Dawid verneder as gevolg hiervan. Maar dit sal nie vir altyd wees nie.’ ”

⁴⁰ Salomo het probeer om Jerobeam dood te maak, maar Jerobeam het gereedgemaak en na Egipte gevlug, na Sisak,* die koning van Egipte. Hy was in Egipte tot met die dood van Salomo.

Salomo se dood

⁴¹ *Die verdere geskiedenis van Salomo, alles wat hy gedoen het en sy

^t**11:33 Salomo se:** Letterlik ‘sy’.

^u**11:34 leier:** In Hebreeus *nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

* **11:35** 1 Kon 12:15-17

* **11:36 Jerusalem ... vestig:** 1 Kon 14:21

* **11:38 sal ... gebou het:** 2 Sam 7:11,27

* **11:40 Sisak:** 1 Kon 14:25; 2 Kron 12:2,5,7,9

* **11:41-43** 2 Kron 9:29-31

wysheid, is dit nie opgeteken in die •boekrol van die Geskiedenis van Salomo nie? ⁴² Die tydperk wat Salomo in Jerusalem as koning geheers het oor die hele Israel, was veertig jaar. ⁴³ Salomo het by sy voorouers gaan rus en is begrawe in die Stad van Dawid,* sy pa. Rehabeam, sy seun,* het in sy plek koning geword.

12

Skeuring van die ryk

¹ *Rehabeam* het na Sigem^v gegaan, want dit was na Sigem waarheen die hele Israel gekom het om hom koning te maak. ² *Toe Jerobeam, seun van Nebat, dit hoor — hy was nog steeds in Egipte, waarheen hy van koning Salomo af weggevlug het — het hy in Egipte gebly. ³ Hulle het hom toe ontbied, en Jerobeam en die hele geloofsgemeenskap van Israel het gekom en met Rehabeam gepraat en gesê: ⁴ “U vader het ons juk hard gemaak.* Maar u, maak u nou die harde slawewerk en die swaar juk wat u vader op ons gelê het, ligter, dan sal ons u dien.” ⁵ Hy het vir hulle gesê: “Gaan vir drie dae weg en kom dan terug na my.” Die volk het toe weggegaan.

⁶ Koning Rehabeam vra toe raad by die oudstes^w wat in sy pa, koning Salomo, se diens gestaan het toe dié nog geleef het: “Wat raai julle my aan moet die antwoord aan hierdie volk wees?” ⁷ Hulle het vir hom

*11:43 Stad van Dawid: 2 Sam 5:7,9

*11:43 Rehabeam, sy seun: 1 Kron 3:10; Matt 1:7

*12:1-24 2 Kron 10:1 — 11:4

*12:1 Rehabeam: 1 Kon 11:43; 1 Kron 3:10; Matt 1:7

^v12:1 Sigem: Sigem was 'n belangrike heiligdom van ou Israel; vgl Deut 26:1-27; Jos 24:1-28.

*12:2 1 Kon 11:26,40

*12:4 U ... gemaak: 1 Kon 5:13-14; 9:15

^w12:6 oudstes: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

gesê: “As u vandag 'n dienaar van hierdie volk word en hulle dien, en as u hulle antwoord en mooi met hulle praat, sal hulle altyd u dienaars wees.”⁸ Maar hy het die raad van die oudstes wat hulle hom gegee het, in die wind geslaan en raad gevra by die jong manne^x wat saam met hom grootgeword en in sy diens gestaan het.⁹ Hy het vir hulle gevra: “Wat raai julle my aan moet ons hierdie volk antwoord wat vir my gesê het, ‘Verlig die juk wat u vader op ons gelê het?’”¹⁰ Die jong manne wat saam met hom grootgeword het, sê toe vir hom: “So moet jy sê vir hierdie volk wat vir jou gesê het, ‘U vader het ons juk swaar gemaak; maak u dit ligter op ons!’ So moet jy dit aan hulle stel, ‘My pinkie^y is dikker as my pa se middellyf.¹¹ Daarom, my pa het 'n swaar juk op julle gelê; maar ek gaan by julle juk nog byvoeg. My pa het julle met swepe gekasty; maar ek sal julle met skerpioene^z kasty.’ ”

¹² Jerobeam en die hele volk het toe op die derde dag na Rehabeam toe gekom, soos die koning met hulle afgespreek het deur te sê: “Kom terug na my op die derde dag.”¹³ Die koning het die volk hard geantwoord en die raad wat die oudstes hom gegee het, in die wind geslaan.¹⁴ In ooreenstemming met die raad van die jong manne, het hy hulle aangespreek: “My vader het julle juk swaar gemaak, en ek gaan dit nog erger maak. My vader het julle met swepe gekasty; maar ek sal julle met skerpioene kasty.”¹⁵ Die koning het nie na die volk geluister nie, want dit was 'n beskikking van die HERE, sodat Hy sy belofte wat Hy by monde van Agija, die man uit Silo, aan Jerobeam, seun van Nebat, gemaak het,^{*} gestand kon doen.

^x12:8 jong manne: Kan ook vertaal word “seuns”.

^y12:10 My pinkie: Letterlik ‘my kleintjie’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Sommige is van mening dat dit na die geslagsorgaan verwys.

^z12:11 skerpioene: Dit verwys metafories na 'n slaanding met skerp voorwerpe.

^{*}12:15 belofte ... gemaak het: 1 Kon 11:29-39

¹⁶ Toe die hele Israel sien dat die koning nie na hulle luister nie, het die volk die koning geantwoord:

“Watter aanspraak het ons op Dawid?

Ons het geen erfdeel in die seun van Isai

nie;

elkeen na sy tente toe, Israel!*

Sien nou om na jou eie huis, Dawid!”

Israel het toe na hulle tente gegaan. ¹⁷ *Oor die Israëliete wat in die stede van Juda gewoon het, oor hulle was Rehabeam koning.

¹⁸ Koning Rehabeam het Adoniram,^a wat in bevel van die dwangarbeid was, gestuur, maar die hele Israel het hom met klippe gegooi en hy het gesterf. Koning Rehabeam het daarin geslaag om op sy strydwa te klim om na Jerusalem te vlug. ¹⁹ *So het Israel in verset gekom teen die huis van Dawid. Dit is vandag nog so.

²⁰ Toe die hele Israel hoor dat Jerobeam teruggekeer het, het hulle hom na die volksvergadering^b ontbied en hom koning gemaak oor die hele Israel. * Niemand het die huis van Dawid gevolg nie, behalwe die stam van Juda alleen.

²¹ Toe Rehabeam in Jerusalem aankom, roep hy die hele huis van Juda en die stam van Benjamin byeen — honderd-en-tagtigduisend^c uitgesoektes wat kan oorlog maak — om teen die huis van Israel te veg

***12:16 Watter ... Israel:** Vgl 2 Sam 20:1

***12:17** 1 Kon 11:13,32,36

^a**12:18 Adoniram:** Die •Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “Adoram”; vgl egter 1 Kon 4:6.

***12:19** 2 Kon 17:21

^b**12:20 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

***12:20 Jerobeam ... Israel:** 1 Kon 11:37

^c**12:21 180 000:** Kan ook vertaal word “honderd-en-tagtig afdelings”.

en die koningskap vir Rehabeam, seun van Salomo, terug te kry. ²² Maar die woord van God het tot Semaja, die man van God, gekom: ²³ “Sê vir Rehabeam, seun van Salomo, die koning van Juda, en vir die hele huis van Juda en Benjamin, asook die res van die volk, ²⁴ ‘So sê die HERE: “Julle mag nie optrek nie, en julle mag nie teen julle broers, die Israëliete, veg nie. Keer terug, elkeen na sy huis, want wat gebeur het, is deur my toedoen.” ’ ’ ’ Hulle het die woord van die HERE gehoorsaam en teruggegaan volgens die woord van die HERE.

Jerobeam se beelddiens

²⁵ Jerobeam het Sigem^d in die heuweland van Efraim versterk en daarin gaan woon. Toe het hy daarvandaan uitgetrek en Pniël* versterk. ²⁶ Jerobeam het in sy hart gesê: Nou gaan die koningskap terugkeer na die huis van Dawid. ²⁷ As hierdie volk optrek om offers te bring in die huis van die HERE in Jerusalem,* sal die harte van hierdie volk terugkeer na hulle heer, na Rehabeam, die koning van Juda. Hulle sal my doodmaak en teruggaan na Rehabeam, die koning van Juda.*

²⁸ Nadat die koning raad gevra het, het hy twee goue kalwers laat maak en vir die mense gesê: “Lank genoeg het julle nou na Jerusalem opgetrek! Hier is jou gode, Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het!” ²⁹ Hy het die een in Bet-El* geplaas; die ander een het hy in Dan*

*12:24 want ... toedoen: 1 Kon 12:15

^d12:25 Sigem: Vgl voetnoot in 1 Kon 12:1

*12:25 Pniël: Gen 32:30-31

*12:27 huis ... Jerusalem: 1 Kon 3:1

*12:27 Rehabeam ... Juda: 1 Kon 12:17

*12:28-29 2 Kon 10:29; Hos 13:2

*12:28 Hier ... optrek het: Vgl Eks 32:4

*12:29 Bet-El: Gen 12:8; 28:19; 35:3

*12:29 Dan: Rig 18:29

geplaas. ³⁰ Hierdie saak het tot sonde gelei; die volk het selfs tot in Dan gegaan om voor die een daar te aanbid.^e

³¹ *Verder het Jerobeam tempels op die offerhoogtes^f opgerig en priesters aangestel uit alle dele van die volk. Hulle was nie uit die nageslag van Levi nie. * ³² Jerobeam het 'n fees ingestel in die agtste maand, op die vyftiende dag van die maand, soortgelyk aan die fees wat in Juda gehou is.^g Hy het self op die altaar geklim.^h So het hy in Bet-El gemaak — om te offer aan die kalwers wat hy gemaak het. Hy het in Bet-El die priesters van die offerhoogtes wat hy opgerig het, laat diens doen.

³³ Hy het op die altaar geklim wat hy in Bet-El opgerig het op die vyftiende dag van die agtste maand, in die maand wat hy in sy eie hart versin het. Ja, hy het 'n fees ingestel vir die Israeliete en op die altaar geklim om 'n offer te verbrand.

13

¹ Juis toe kom daar, deur die woord van die HERE, 'n man van God uit

^e**12:30 te aanbid:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **12:31-33** 1 Kon 13:32; 2 Kon 23:15

^f**12:31 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

* **12:31 priesters ... Levi nie:** 2 Kron 11:13-15

^g**12:32 soortgelyk ... is:** Die fees is in Juda in die sewende maand gevier; vgl Lev 23:33-34; Num 29:12; 1 Kon 8:2 asook 1 Kon 12:33.

^h**12:32 op ... geklim:** Die bronteks kan ook vertaal word “op die altaar brandoffers gebring”.

Juda in Bet-El* aan, terwyl Jerobeam op die altaar staanⁱ om die offer te verbrand. ² Hy het, deur die woord van die HERE, uitgeroep teen die altaar en gesê: “Altaar, altaar, so sê die HERE, ‘Kyk, 'n seun word gebore vir die huis van Dawid; Josia is sy naam. Hy sal op jou die priesters van die offerhoogtes^j slag, hulle wat offers op jou verbrand, en die beendere van mense sal op jou verbrand word.*’ ” ³ Hy het op dieselfde dag 'n teken aangekondig: “Dit is die teken waarvan die HERE gepraat het, ‘Kyk, die altaar sal uitmekaarskeur, sodat die vetterige as wat daarop is, gestort word.’ ”

⁴ Toe die koning die woord van die man van God hoor wat hy uitgeroep het teen die altaar in Bet-El, steek Jerobeam sy hand^k bo van die altaar af uit en sê: “Gryp hom!” Maar sy hand wat hy na hom uitgesteek het, het verstyf en hy kon dit nie weer na hom terugtrek nie. ⁵ Die altaar het uitmekaargeskeur en die vetterige as het van die altaar af gestort, ooreenkomstig die teken wat die man van God aangekondig het deur die woord van die HERE. ⁶ Die koning het daarop gereageer

* **13:1 Bet-El:** 1 Kon 12:29,31-33

ⁱ **13:1 op ... staan:** Die altare op die offerhoogtes was gewoonlik groot en sirkelvormig, met 'n deursnee van etlike meter waarop die offers gebring is, en waarop reukofferaltare soms gestaan het; vgl 2 Kron 34:4. Die priester het met trappe teen die altaar opgeklim. Die altare wat vir die HERE gebou is, was kleiner en sonder trappe; vgl Eks 20:26.

^j **13:2 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

* **13:2 Josia ... word:** 2 Kon 23:15-18

^k **13:4 sy hand:** Die Hebreeuse woord verwys na die liggaamsdeel wat strek vanaf die elmboog tot by die hand.

deur vir die man van God te sê: “Soek asseblief die guns van die HERE jou God* en bid vir my, sodat ek my hand kan terugtrek.” Die man van God het toe die guns van die HERE gesoek, en die koning het sy hand teruggetrek, soos dit voorheen was.

⁷ Die koning praat toe met die man van God: “Kom saam met my huis toe en versterk jouself. Ek wil vir jou 'n geskenk gee.” ⁸* Maar die man van God sê vir die koning: “Al gee u my die helfte van u paleis, ek sal nie saam met u ingaan nie — ek mag nie brood eet of water drink op hierdie plek nie. ⁹ Want so is ek deur die woord van die HERE beveel, ‘Jy mag nie brood eet of water drink nie, en jy mag nie terugkeer met die pad waarmee jy gegaan het nie.’ ”

¹⁰ Hy het toe met 'n ander pad geloop; hy het nie teruggekeer met die pad waarmee hy na Bet-El gekom het nie.

Dood van 'n ongehoorsame profeet

¹¹ Daar was 'n ou profeet wat in Bet-El gewoon het.* Sy seuns¹ kom toe en vertel vir hom alles wat die man van God daardie dag in Bet-El gedoen het; wat hy vir die koning gesê het,* ook dit het hulle vir hulle pa vertel. ¹² Toe vra hulle pa vir hulle: “Met watter pad het hy geloop?” Sy seuns wys toe vir hom die pad^m waarmee die man van God wat uit Juda gekom het, geloop het. ¹³ Daarop sê hy vir sy seuns: “Saal vir my

* **13:6 Soek ... jou God:** Eks 8:8,28; 9:28; 10:17; 12:32; Jer 37:3; Hand 8:24; Jak 5:16

* **13:8** Vgl Num 22:18; Est 5:3,6; 7:2; Mark 6:23

* **13:11 profeet ... gewoon het:** 2 Kon 23:18

¹**13:11 Sy seuns:** Die •Septuagint, •Vulgaat en •Peshitta word hier gevolg. Die •bronteks lui “sy seun”.

* **13:11 gedoen ... gesê het:** 1 Kon 13:2-6

^m**13:12 Sy ... pad:** Die Septuagint en verskillende ou vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “sy seuns het die pad gesien”.

die donkie op.” Hulle saal toe vir hom die donkie op. Hy het opgeklim¹⁴ en agter die man van God aan gegaan. Toe hy by hom kom waar hy onder 'n terebintboomⁿ sit, vra hy vir hom: “Is jy die man van God wat van Juda af kom?” Hy het geantwoord: “Ek is.”¹⁵ Hy sê toe vir hom: “Gaan saam met my huis toe en eet iets.”¹⁶ *Maar hy antwoord hom: “Ek kan nie saam met jou teruggaan of saam met jou na binne gaan nie. Ek mag nie saam met jou brood eet of water drink op hierdie plek nie,¹⁷ want die boodskap deur die woord van die HERE aan my was, ‘Jy mag nie daar brood eet of water drink nie; jy mag nie teruggaan met die pad waarmee jy gegaan het nie.’ ”¹⁸ Maar die ou profeet sê vir hom: “Ook ek is 'n profeet, net soos jy. 'n Engel het met my deur die woord van die HERE gepraat en gesê, ‘Bring hom saam met jou terug na jou huis, sodat hy brood kan eet en water kan drink.’ ” Hy het vir hom gelieg.¹⁹ Hy het toe saam met hom teruggegaan en in sy huis brood geëet en water gedrink.

²⁰ Terwyl hulle aan tafel sit, kom die woord van die HERE tot die ou profeet wat hom laat omdraai het.²¹ Hy kondig toe vir die man van God wat uit Juda gekom het, aan: “So sê die HERE, ‘Omdat jy in opstand gekom het teen die bevel van die HERE en nie die opdrag wat die HERE jou God jou gegee het, nagekom het nie,²² maar omgedraai het en brood geëet en water gedrink het op die plek waarvan Hy vir jou gesê het: “Moenie brood eet of water drink nie,” sal jou lyk nie in die graf van jou voorouers kom nie.’ ”

²³ Nadat hy brood geëet het en nadat hy gedrink het, het die ou profeet vir die profeet wat hy laat omdraai het, 'n donkie opgesaal,²⁴ en hy het

ⁿ**13:14 terebintboom:** 'n Siro-Palestynse boom met geveerde blare wat bladwisselend is en rooi bessies dra. Dit word ongeveer 5 m hoog. Dit is gewoonlik alleenstaande bome, wat geassosieer is met heilige plekke.

* **13:16** 1 Kon 13:8-9

vertrek. Maar 'n leeu het op die pad op hom afgekom en hom doodgebyt.* Sy lyk het in die pad bly lê, terwyl die donkie daar langsaan staan, en die leeu langs die lyk staan.²⁵ Juis toe het daar mense verbygegaan; hulle het die lyk in die pad sien lê en die leeu wat langs die lyk staan. Hulle gaan toe en vertel dit in die dorp waar die ou profeet woon.*²⁶ Die profeet wat hom op die pad laat omdraai het, hoor dit toe en sê: “Dit is die man van God wat in opstand gekom het teen die bevel van die HERE. Die HERE het hom aan 'n leeu oorgegee en dié het hom verskeur en doodgemaak, ooreenkomstig die woord van die HERE, soos Hy vir hom gesê het.”

²⁷ Daarop sê hy vir sy seuns: “Saal vir my die donkie op.” Hulle het opgesaal,²⁸ en hy het gegaan en die lyk gekry wat in die pad lê, met die donkie en die leeu wat langs die lyk staan. Die leeu het nie die lyk geëet nie en nie die donkie verskeur nie.²⁹ Die ou profeet tel toe die lyk van die man van God op, sit dit op die donkie en neem dit terug. Die ou profeet het sy dorp binnegegaan om te treur en om die lyk te begrawe.³⁰ Hy het die lyk in sy eie graf neergelê. Hulle het oor hom getreur en gesê: “Helaas, my broer!”³¹ Nadat hy hom begrawe het, het hy vir sy seuns gesê: “Wanneer ek sterf, moet julle my begrawe in die graf waarin die man van God begrawe is. Langs sy beendere moet julle my liggaam neerlê.*³² *Want die boodskap wat hy deur die woord van die HERE uitgeroep het teen die altaar wat in Bet-El is en teen al die tempels op die offerhoogtes^o wat in die stede van Samaria^p is, sal beslis bewaarheid word.”

* **13:24 leeu ... doodgebyt:** Vgl 1 Kon 20:36

* **13:25 dorp ... woon:** 1 Kon 13:11

* **13:31 Wanneer ... neerlê:** 2 Kon 23:17

* **13:32** 2 Kon 23:16

^o**13:32 offerhoogtes:** Vgl voetnoot in 1 Kon 13:2.

^p**13:32 Samaria:** Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

³³ Selfs ná hierdie gebeure het Jerobeam nie teruggedraai van sy verkeerde pad af nie. Hy het weer uit alle dele van die volk priesters vir die offerhoogtes aangestel. Wie ook al wou, het hy as priester gewy, en dan het die persoon een van die priesters van die offerhoogtes geword.

³⁴ *Hierdie saak het die koningshuis van Jerobeam tot sonde gelei, en dit het gelei tot hulle uitwissing en uitdelging van die aardbodem af.

14

Oordeel oor Jerobeam

¹ In daardie tyd het Abia, seun van Jerobeam, * siek geword. ² Jerobeam sê toe vir sy vrou: “Maak asseblief gereed; vermom jouself, sodat hulle nie weet dat jy die vrou van Jerobeam is nie, en gaan dan na Silo.* Kyk, dit is waar die profeet Agija is. Dit is hy wat oor my voorspel het dat ek koning sal word oor hierdie volk.* ³ *Neem tien brode, gebak en 'n kruik heuning saam en gaan na hom toe. Hy sal aan jou bekend maak wat met die seun gaan gebeur.” ⁴ Die vrou van Jerobeam het toe so gemaak. Sy het gereedgemaak, na Silo gegaan en by Agija se huis aangekom. Agija kon nie sien nie, want sy oë was al star vanweë sy ouderdom. ⁵ Die HERE het egter vooraf vir Agija gesê: “Kyk, die vrou van Jerobeam kom om jou te raadpleeg oor haar seun, want hy is siek. Dit en dit moet jy vir haar sê. Wanneer sy inkom, sal sy haar as 'n vreemdeling voordoen.”

⁶ Net toe Agija die geluid van haar voetstappe hoor, terwyl sy by die ingang inkom, sê hy vir haar: “Kom binne, vrou van Jerobeam! Nou hoekom doen jy jou as 'n vreemdeling voor? Ek word na jou gestuur

*13:34 1 Kon 14:10; 2 Kon 17:21-23

*14:1 Jerobeam: 1 Kon 11:26; 12:20

*14:2 Silo: Jos 18:1

*14:2 profeet ... volk: 1 Kon 11:29-37

*14:3 Vgl 1 Sam 9:6-8; 2 Kon 4:42; 8:8

met 'n harde woord. ⁷ Gaan sê vir Jerobeam, ‘So sê die HERE, die God van Israel: “Omdat Ek jou verhef het uit die volk se midde en jou as leier^q oor my volk Israel aangestel het, ⁸ en Ek die koningskap van die huis van Dawid afgeskeur en dit vir jou gegee het, ^{*} maar jy nie was soos my dienskneg Dawid nie, hy wat my gebooie nagekom het en My gevolg het met sy hele hart deur slegs te doen wat reg is in my oë, ^{*} ⁹ ja, omdat jy meer kwaad gedoen het as almal wat voor jou was, en jy gegaan en vir jou ander gode gemaak het, gegote beelde,^{r*} om My uit te tart, en omdat jy My verwerp het,^{s*} ¹⁰ ^{*} daarom: Kyk, Ek gaan onheil bring oor die huis van Jerobeam. Ek sal van Jerobeam die mansmense^t in Israel uitroei, sowel hulle wat gevange is as hulle wat vrygelaat is.^u Ek sal die koningshuis van Jerobeam wegvee^v soos 'n mens drek wegvee, totdat hy heeltemal vernietig is. ¹¹ ^{*} As iemand van Jerobeam in die stad sterf, sal die honde hom vreet; en as iemand van Jerobeam in

^q14:7 leier: In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

^{*}14:8 Ek ... gegee het: 1 Kon 11:31

^{*}14:8 maar ... oë: 1 Kon 11:38

^r14:9 gegote beelde: Dit verwys ook na houtbeelde, oorgetrek met goud- of silwerfoelie.

^{*}14:9 ander ... beelde: 1 Kon 12:28-29

^s14:9 verwerp het: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “agter jou rug gegooi het”.

^{*}14:9 My uit ... verwerp het: Deut 32:21; Neh 9:26; Ps 50:17

^{*}14:10 1 Kon 15:29; vgl 1 Kon 16:3; 21:21-22

^t14:10 mansmense: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “hulle wat teen 'n muur urineer”, wat 'n neerhalende uitdrukking is.

^u14:10 hulle wat gevange ... vrygelaat is: Die Hebreeuse idioom dui daarop dat almal ingesluit is.

^v14:10 die koningshuis ... wegvee: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “agter die huis van Jerobeam wegvee”. Die bedoeling is klaarblyklik dat alle spore van die koningshuis doodgevee sal word.

^{*}14:11 1 Kon 16:4; 21:24

die veld sterf, sal die voëls van die hemel hom vreet.” ’ Ja, die HERE self het dit gesê. ¹² En jy, staan op en gaan na jou huis toe! Wanneer jou voete die stad betree, sal die kind sterf. ¹³ Die hele Israel sal oor hom rou en hom begrawe, want van dié wat aan Jerobeam behoort, sal net hy in 'n graf kom, omdat daar, uit die huis van Jerobeam, in hom iets goeds gevind is deur die HERE, die God van Israel. ¹⁴ *Die HERE gaan vir Hom 'n koning laat opstaan oor Israel wat die huis van Jerobeam sal uitroei; dit is nou die tyd daarvoor. Maar wat is daar nou nog meer?^w ¹⁵ Die HERE gaan Israel tref; hulle sal wees soos 'n riet wat in die water heen en weer swaai. Hy gaan Israel wegruk* van hierdie goeie grond* af wat Hy vir hulle voorouers gegee het en hulle anderkant die Rivier^x verstrooi, omdat hulle asjeras^y gemaak het en die HERE gedurig uitgetart het. ¹⁶ *Hy gaan Israel prysgee oor die sondes van Jerobeam,^z die sondes wat hy gedoen het en waarmee hy Israel laat sondig het.”

¹⁷ Jerobeam se vrou het opgestaan, sy het vertrek en by Tirsa* aangekom. Toe sy oor die drumpel van die paleis trap, het die seun gesterf. ¹⁸ Die hele Israel het hom begrawe en oor hom gerou, ooreenkomstig die woord van die HERE wat Hy gespreek het by monde

*14:14 1 Kon 15:27-30

^w14:14 wat ... meer: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

*14:15 Israel wegruk: Deut 29:28

*14:15 goeie grond: Jos 23:15-16

^x14:15 die Rivier: Dit verwys na die Eufraat. In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

^y14:15 asjeras: 'n Voorwerpe wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin Asjera; •Baäl.

*14:16 1 Kon 12:28-33; 13:34; 2 Kon 10:29; 23:15

^z14:16 sondes van Jerobeam: Dit verwys na die twee goue kalwers by Dan en Bet-El; vgl 1 Kon 12:28-33.

*14:17 Tirsa: 1 Kon 15:21,33; 16:6,8

van sy dienskneg, die profeet Agija.

¹⁹ *Die verdere geskiedenis van Jerobeam, hoe hy oorlog gevoer en regeer het — kyk, dit is opgeteken in die boekrol met die kronieke^a van die konings van Israel. ²⁰ Die tydperk wat Jerobeam koning was, was twee-en-twintig jaar. Hy het by sy voorouers gaan rus, en sy seun Nadab het in sy plek koning geword.

Rehabeam se koningskap

²¹ *Rehabeam, seun van Salomo, was koning in Juda. Rehabeam was een-en-veertig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het sewentien jaar lank as koning geheers in Jerusalem, die stad wat die HERE gekies het uit al die stamme van Israel om sy Naam daar te vestig.* Die naam van Rehabeam se ma was Naäma, die Ammoniet.

²² Juda het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. Hulle het Hom nog meer ontstel met die sondes wat hulle gedoen het as alles wat hulle voorouers gedoen het. ²³ Ook hulle het vir hulleself offerhoogtes,^b gedenkstene^c en asjeras^d opgerig op elke hoë heuwel en onder elke skaduryke boom.* ²⁴ Daar was selfs manlike tempelprostitute^e in die

*14:19 1 Kon 14:30; 2 Kron 13:2-20

^a14:19 **boekrol ... kronieke:** Dit verwys na die koninklike geskiedskrywing, en nie na die boek *Kronieke* nie.

*14:21-22 2 Kron 12:13-14

*14:21 **Jerusalem ... vestig:** 2 Kron 6:6

^b14:23 **offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

^c14:23 **gedenkstene:** Regopstaande klippe wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning moes herdenk.

^d14:23 **asjeras:** Vgl voetnoot in 1 Kon 14:15.

*14:23 **elke hoë ... boom:** Jer 2:20

^e14:24 **manlike tempelprostitute:** In die vrugbaarheidsgodsdiens was daar manne en vroue wat by die tempels as prostitute diens gedoen het; vgl Deut 23:17.

land. Die mense het al die afstootlike dade van die nasies wat die HERE voor die Israëliete uit verdryf het, nagedoen.

²⁵ *In die vyfde regeringsjaar van koning Rehabeam trek Sisak, die koning van Egipte,* toe op teen Jerusalem. ²⁶ *Hy het die skatte van die huis van die HERE en die skatte van die koning se paleis gevat; dit alles het hy gevat. Hy het ook al die goue skilde wat Salomo gemaak het,* gevat.

²⁷ Koning Rehabeam het toe in die plek daarvan bronsskilde gemaak. Hy het dit toevertrou aan die •bevelvoerders van die hardlopers^f wat die ingang na die paleis van die koning bewaak het. ²⁸ Telkens wanneer die koning in die huis van die HERE ingegaan het, het die hardlopers dit gedra en dit daarna weer teruggeneem na die wagkamer van die hardlopers.

²⁹ *Die verdere geskiedenis van Rehabeam, en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke^g van die konings van Juda nie? ³⁰ *Daar was voortdurend oorlog tussen Rehabeam en Jerobeam. ³¹ Rehabeam het by sy voorouers gaan rus, en hy is by sy voorouers begrawe in die Stad van Dawid.* Sy moeder se naam was Naäma, die Ammoniet.* Sy seun Abia^h het in sy plek koning geword.

*14:25 2 Kron 12:2

*14:25 Sisak ... Egipte: 1 Kon 11:40

*14:26-28 2 Kron 12:9-11

*14:26 goue ... gemaak het: 1 Kon 10:16-17; 2 Kron 9:15-16

^f14:27 hardlopers: Persone wat as 'n soort lyfwag opgetree het en beskikbaar was om opdragte van die koning onmiddellik uit te voer.

*14:29-31 2 Kron 2:15-16

^g14:29 boekrol ... kronieke: Vgl voetnoot in 1 Kon 14:19.

*14:30 1 Kon 12:21-24; 15:6

*14:31 Stad van Dawid: 2 Sam 5:7,9

*14:31 Sy moeder ... Ammoniet: 1 Kon 14:21

^h14:31 Abia: Sommige Hebreëuse mss, die •Septuagint, •Peshitta en •Vulgaat word hier gevolg; vgl 1 Kron 3:10. Die bronteks lui “Abiam”; vgl Matt 1:7.

15

Abia koning van Juda

¹*In die agtiende regeringsjaar van koning Jerobeam,* seun van Nebat, het Abia* koning geword oor Juda. ²Hy het drie jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Maäka, dogter van Abisalom.ⁱ ³Hy het volhard met al die sondes van sy pa** wat dié voor hom gedoen het. Sy hart was nie volkome by die HERE sy God, soos die hart van sy voorvader Dawid was nie. ⁴*Maar ter wille van Dawid het die HERE sy God vir Dawid 'n lamp gegee in Jerusalem deur sy nasaat ná hom te vestig en Jerusalem staande te hou. ⁵Want Dawid het gedoen wat reg is in die oë van die HERE en hy het sy lewe lank nie afgewyk van alles wat die HERE hom beveel het nie, behalwe in die geval van Uria, die Hetiet.*
⁶*Daar was oorlog tussen Rehabeam^j en Jerobeam solank hy geleef het. ⁷*Die verdere geskiedenis van Abia, alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke^k van die konings van

*15:1-2 2 Kron 13:1-2

*15:1 koning Jerobeam: 1 Kon 11:26; 12:20; 2 Kon 17:21; 2 Kron 13:6

*15:1 Abia: 1 Kon 14:31; 1 Kron 3:10; Matt 1:7

ⁱ15:2 Maäka ... Abisalom: Hier is waarskynlik 'n skryffout. Volgens 2 Kron 13:2 was Abia se ma “Migaja, dogter van Uriël, uit Gibeä”. Maäka, dogter van Abisalom kon nie die ma wees van Abia en van sy seun Asa nie; vgl 1 Kon 15:10.

*15:3 sy pa: 1 Kon 14:31

*15:3 sondes ... pa: 1 Kon 14:21-24

*15:4 2 Sam 7:12-16; 1 Kon 2:4; 11:36; 2 Kon 8:19

*15:5 behalwe ... Hetiet: 2 Sam 11:3,15-17; 12:9-10

*15:6 1 Kon 14:30

^j15:6 Rehabeam: Enkele Hebreeuse mss en die •Peshitta lui “Abia”.

*15:7-8 2 Kron 14:1

^k15:7 boekrol ... kronieke: Dit verwys na die koninklike geskiedskrywing, en nie na die boek *Kronieke* nie.

Juda nie? Daar was oorlog tussen Abia en Jerobeam. ⁸ Abia het by sy voorouers gaan rus, en hulle het hom in die Stad van Dawid* begrawe. Sy seun Asa* het in sy plek koning geword.

Asa koning van Juda

⁹ In die twintigste regeringsjaar van Jerobeam, koning van Israel,* het Asa koning van Juda* geword. ¹⁰ Hy het een-en-veertig jaar lank as koning geheers in Jerusalem.* Sy moeder se naam was Maäka, dogter van Abisalom.¹ ¹¹ *Asa het gedoen wat reg is in die oë van die HERE, soos sy voorvader Dawid. ¹² Hy het die manlike tempelprostitute^m uit die land laat verwyder en weggedoen met al die afgodsbeelde wat sy voorsate gemaak het. ¹³ *Selfs vir Maäka, sy grootmoeder, vir haar het hy as koninginmoeder verwyder omdat sy 'n gruwelike beeld vir Asjeraⁿ gemaak het. Asa het haar gruwelike beeld afgekap en dit in die Kidrondal verbrand.* ¹⁴ Die offerhoogtes^o is egter nie verwyder nie. Tog was die hart van Asa volkome by die HERE solank hy geleef het. ¹⁵ Hy

*15:8 Stad van Dawid: 2 Sam 5:7,9; 1 Kon 2:10; 8:1

*15:8 Sy seun Asa: 1 Kron 3:10; Matt 1:7

*15:9 Jerobeam ... Israel: 1 Kon 15:1

*15:9 Asa ... Juda: 1 Kon 15:8; 2 Kron 14:2 — 16:14

*15:10 Hy ... Jerusalem: 2 Kron 16:13

¹15:10 Maäka ... Abisalom: Vgl voetnoot in 1 Kon 15:2

*15:11 2 Kron 14:2

^m15:12 manlike tempelprostitute: In die vrugbaarheidsgodsdiens was daar manne en vroue wat by die tempels as prostitute diens gedoen het; vgl Deut 23:17.

*15:13-15 2 Kron 15:16-18

ⁿ15:13 Asjera: 'n Godin wat veral in Fenisië vereer is, maar ook in Palestina waar sy beskou is as die vrou van •Baäl.

*15:13 beeld vir ... verbrand: Vgl Eks 32:20; 2 Kon 23:4,6,12

^o15:14 offerhoogtes: Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

het die •heilige gawes van sy pa en sy eie heilige gawes in die huis van die HERE ingeneem — silwer en goud en gebruiksartikels.

¹⁶ *Daar was voortdurend oorlog tussen Asa en Baesa, koning van Israel.* ¹⁷ *Baesa, koning van Israel, het teen Juda opgetrek en Rama* versterk om verkeer van en na Asa, koning van Juda, te verhinder.

¹⁸ Asa neem toe al die silwer en goud wat oorgebly het in die skatkamers van die huis van die HERE* en in die skatkamers van die paleis van die koning, en vertrou dit aan sy dienaars toe. Koning Asa stuur dit toe na Ben-Hadad, seun van Tabrimmon, seun van Ges-jon, koning van Aram, wat sy setel in Damaskus gehad het,* met dié woorde: ¹⁹ “Daar is 'n verdrag tussen my en u, tussen my vader en u vader. Kyk, ek stuur hiermee vir u 'n geskenk — silwer en goud. Verbreek dan u verdrag met Baesa, koning van Israel, sodat hy van my af wegtrek.”

²⁰ Ben-Hadad het gehoor gegee aan koning Asa en die aanvoerdere van sy krygsmag teen die dorpe van Israel gestuur. Hulle het Ijon, Dan en Abel-Bet-Maäka aangeval, asook die hele Gennesaret en die hele gebied van Naftali.

²¹ Toe Baesa dit hoor, het hy dadelik opgehou om Rama te versterk en in Tirsa* gebly. ²² Koning Asa, daarenteen, het die hele Juda opgeroep — niemand is verskoon nie — en hulle het die klip van Rama waarmee Baesa gebou het, asook die hout, weggedra. Daarmee het koning Asa

* 15:16 Vgl 1 Kon 14:30; 15:6

* 15:16,33 Baesa ... Israel: 1 Kon 15:28

* 15:17-22 2 Kron 16:1-6

* 15:17 Rama: 1 Sam 1:19; 7:17; 28:3

* 15:18 silwer ... HERE: 1 Kon 14:26; 15:15; 2 Kron 15:18

* 15:18 Ben-Hadad ... gehad het: 2 Kron 16:2; vgl Jer 49:27; Am 1:4-5

* 15:21,33 Tirsa: 1 Kon 14:17; 16:6,8

toe Geba, in Benjamin, en Mispa^{p*} versterk.

²³ *Die volle verdere geskiedenis van Asa, al sy magtige daade, alles wat hy gedoen het en die stede wat hy gebou het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke^q van die konings van Juda nie? Op sy oudag het hy egter aan 'n voetkwaal gely. ²⁴ Asa het by sy voorouers gaan rus, en hy is by sy voorouers begrawe in die Stad van Dawid, sy voorvader. Sy seun Josafat* het in sy plek koning geword.

Nadab koning van Israel

²⁵ Nadab, seun van Jerobeam, het koning geword oor Israel* in die tweede regeringsjaar van Asa, koning van Juda.* Hy het vir twee jaar as koning geheers oor Israel. ²⁶ *Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. Hy het die pad van sy pa gevolg en het volhard met sy pa se sonde waarmee hy Israel laat sondig het.

²⁷ *Baesa, seun van Agija, van die huis van Issaskar, het 'n komplot teen hom gesmee. Baesa het hom neergevel by Gibbeton, wat aan die Filistyne behoort. Nadab en die hele Israel was besig om Gibbeton te beleër. ²⁸ Baesa het hom doodgemaak in die derde regeringsjaar van Asa, koning van Juda, en in sy plek koning geword. ²⁹ Pas nadat hy koning geword het, het hy die hele huis van Jerobeam laat ombring. Hy

^p**15:22 Mispa:** 'n Aanbiddingsplek in Israel, ongeveer 12½ km noordwes van Jerusalem.

***15:22 Geba ... Mispa:** Jos 18:24,26

***15:23-24** 2 Kron 16:11-14

^q**15:23 boekrol ... kronieke:** Vgl voetnoot in 1 Kon 15:7.

***15:24 Sy seun Josafat:** 2 Kron 17:1; Matt 1:8

***15:25 Nadab ... geword oor Israel:** 1 Kon 14:20

***15:25 Asa ... Juda:** 1 Kon 15:9

***15:26** 1 Kon 12:28-33; 13:34; 2 Kon 10:29

***15:27** 1 Kon 14:14

het vir Jerobeam niks wat asemhaal, laat oorbly nie, totdat hy Jerobeam uitgeroei het. Dit was ooreenkomstig die woord van die HERE wat Hy gespreek het by monde van Agija, die man van Silo,* sy dienskneg,³⁰ oor die sondes van Jerobeam^r wat hy gedoen het en waarmee hy Israel laat sondig het, deur sy uittartende houding waarmee hy die HERE, die God van Israel uitgedaag het.³¹ Die verdere geskiedenis van Nadab, alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke^s van die konings van Israel nie?³² *Daar was voortdurend oorlog tussen Asa en Baesa, koning van Israel.

Baesa koning van Israel

³³ In die derde regeeringsjaar van Asa, koning van Juda,* het Baesa, seun van Agija, koning geword oor die hele Israel in Tirsa, vier-en-twintig jaar lank.³⁴ Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. Hy het die pad van Jerobeam gevolg en het volhard met Jerobeam se sonde^t waarmee hy Israel laat sondig het.*

16

¹ Die woord van die HERE teen Baesa* het toe tot Jehu, seun van Ganani,* gekom: ²“Omdat Ek jou uit die stof opgehef en jou aangestel

*15:29 Agija ... Silo: 1 Kon 14:2,10,14

^r15:30 sondes van Jerobeam: Dit verwys na die twee goue kalwers by Dan en Bet-El; vgl 1 Kon 12:28-33.

^s15:31 boekrol ... kronieke: Vgl voetnoot in 1 Kon 15:7.

*15:32 1 Kon 15:16; vgl 1 Kon 14:30

*15:33 Asa ... Juda: 1 Kon 15:9

^t15:34 Jerobeam se sonde: Die •bronteks lui “sy sonde”. Dit verwys na die twee goue kalwers by Dan en Bet-El.

*15:34 Jerobeam ... sondig het: 1 Kon 15:26

*16:1 Baesa: 1 Kon 15:28,33

*16:1 Jehu ... Ganani: Vgl 2 Kron 19:2; 20:34

het as leier^u oor my volk Israel, maar jy toe die pad van Jerobeam^{*} gevolg en my volk Israel laat sondig het deurdat hulle My getart het met hulle sondes, ³* gaan Ek Baesa en sy koningshuis binnekort wegvee.^v Ek sal jou huis maak soos die koningshuis van Jerobeam, seun van Nebat. ⁴* As iemand van Baesa in die stad sterf, sal die honde hom vreet; en as iemand van hom in die veld sterf, sal die voëls van die hemel hom vreet.”

⁵ Die verdere geskiedenis van Baesa, wat hy gedoen het en sy magtige dade, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke^w van die konings van Israel nie? ⁶ Baesa het by sy voorouers gaan rus, en hy is in Tirsa^{*} begrawe. Sy seun Ela het in sy plek koning geword. ⁷ Daarby was die woord van die Here by monde van die profeet Jehu, seun van Ganani, teen Baesa en sy huis gerig oor al die kwaad wat hy gedoen het in die oë van die HERE deur Hom te tart met sy handewerk, sodat hy soos die huis van Jerobeam geword het, en ook omdat hy die familie van Jerobeam^x afgemaai het.*

^u**16:2 leier:** In Hebreeus *naghied*. Dit dui gewoonlik op iemand wat deur God geroep is.

^{*}**16:2 pad van Jerobeam:** 1 Kon 12:28-33; 13:34; 2 Kon 10:29

^{*}**16:3** 1 Kon 15:29; 21:22; 2 Kon 9:9

^v**16:3 Baesa ... wegvee:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “agter Baesa en sy huis wegvee”. Die bedoeling is klaarblyklik dat alle spore van Baesa en sy koningshuis doodgevee sal word.

^{*}**16:4** Vgl 1 Kon 14:11

^w**16:5 boekrol ... kronieke:** Dit verwys na die koninklike geskiedskrywing, en nie na die boek *Kronieke* nie.

^{*}**16:6 Tirsa:** 1 Kon 14:17; 15:21,33

^x**16:7 familie van Jerobeam:** Die bronteks lui “dit” (naamlik die huis).

^{*}**16:7 familie ... het:** 1 Kon 15:27,29

Ela koning van Israel

⁸ In die ses-en-twintigste regeringsjaar van Asa, koning van Juda, * het Ela, seun van Baesa, koning geword oor Israel* in Tirsa, en twee jaar lank regeer. ⁹ Sy dienaar Simri, aanvoerder van die helfte van die strydswaamag, het egter 'n komplot teen hom gesmee. Terwyl Ela in Tirsa, in die huis van Arsa, hoof van die hofhouding in Tirsa, besig was om hom dronk te drink, ¹⁰ het Simri binnegegaan, hom aangeval en hom doodgemaak. Dit was in die sewe-en-twintigste regeringsjaar van Asa, koning van Juda. Hy het in sy plek koning geword. ¹¹ Toe hy koning geword het, pas nadat hy die troon bestyg het, het hy die hele huis van Baesa afgemaai. Hy het vir hom nie 'n enkele mansmens^y laat oorbly nie, ook nie sy bloedwrekers^z of sy vertroueling nie. ¹² Simri het die hele huis van Baesa uitgeroei, ooreenkomstig die woord van die HERE wat Hy tot Baesa gerig het by monde van Jehu, die profeet,* ¹³ en wel oor al die sondes van Baesa en die sondes van Ela, sy seun, wat hulle gedoen het en waarmee hulle Israel laat sondig het deur die HERE, die God van Israel te tart met hulle nietige afgode. ¹⁴ Die verdere geskiedenis van Ela, en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke^a van die konings van Israel nie?

***16:8 Asa ... Juda:** 1 Kon 15:8; 1 Kron 3:10

***16:8 Ela ... Israel:** 1 Kon 16:6

^y**16:11 mansmens:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “hy wat teen 'n muur urineer”, wat 'n neerhalende uitdrukking is.

^z**16:11 bloedwrekers:** Dit was die naaste manlike familieledede se plig om iemand wat onskuldig doodgemaak is, se dood te wreek deur die moordenaar om die lewe te bring; vgl Num 35:12-27.

***16:12 ooreenkomstig ... profeet:** 1 Kon 16:1-4

^a**16:14 boekrol ... kronieke:** Vgl voetnoot in 1 Kon 16:5.

Simri koning van Israel

¹⁵ In die sewe-en-twintigste regeringsjaar van Asa, koning van Juda, het Simri koning geword* in Tirsa, en sewe dae lank regeer. Die manskappe was besig om Gibbeton,* wat aan die Filistyne behoort, te beleër. ¹⁶ Toe die manskappe wat laer getrek het, die berig kry, “Simri het 'n komplot gesmee en hy het selfs die koning neergevel”, het die hele Israel op daardie dag in die kamp vir Omri, die aanvoerder van die leër, koning gemaak oor Israel.* ¹⁷ Daarna het Omri, en die hele Israel saam met hom, van Gibbeton af opgetrek en Tirsa beleër. ¹⁸ Toe Simri sien dat die stad ingeneem is, het hy dadelik na die vesting van die koninklike paleis^b gegaan en die paleis bo hom aan die brand gestee en gesterf. ¹⁹ Dit was oor sy sondes wat hy gepleeg het deur te doen wat verkeerd is in die oë van die HERE toe hy die pad van Jerobeam gevolg en volhard het met sy sonde^c wat hy gedoen het om Israel te laat sondig. ²⁰ Die verdere geskiedenis van Simri en die komplot wat hy gesmee het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke^d van die konings van Israel nie?

Omri koning van Israel

²¹ Die manskappe van Israel is toe in twee verdeel. Die een helfte van die manskappe het Tibni, seun van Ginat, ondersteun om hom koning te maak, en die ander helfte het Omri ondersteun. ²² Maar die manskappe wat Omri ondersteun het, het die oorhand gekry oor die manskappe wat

* **16:15 Simri ... geword:** 1 Kon 16:10,14

* **16:15 Gibbeton:** 1 Kon 15:27

* **16:16 Omri ... Israel:** 1 Kon 16:23-28

^b**16:18 vesting ... paleis:** Dit was 'n versterkte deel van die paleiskompleks wat as laaste skuilplek tydens 'n aanval gedien het.

^c**16:19 sy sonde:** Dit verwys na die twee goue kalwers by Dan en Bet-El.

^d**16:20 boekrol ... kronieke:** Vgl voetnoot in 1 Kon 16:5

Tibni, seun van Ginat, ondersteun het. Tibni het gesterf en Omri het koning geword.

²³ In die een-en-dertigste regeringsjaar van Asa, koning van Juda, het Omri koning geword oor Israel, en twaalf jaar lank regeer. In Tirsa was hy ses jaar lank koning. ²⁴ Toe het hy die berg Samaria gekoop vir twee kikar^e silwer by Semer. Hy het op die berg gebou, en die stad wat hy gebou het, Samaria genoem, na die naam van Semer, die eienaar van die berg.

²⁵ Omri het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE; hy het meer kwaad aangerig as al sy voorgangers. ²⁶ Hy het die pad van Jerobeam, seun van Nebat, in alle opsigte gevolg en volhard met sy sondes waarmee hy Israel laat sondig het, deur die HERE, die God van Israel, te tart met hulle nietige afgode. ²⁷ Die verdere geskiedenis van Omri, wat hy gedoen het en sy magtige dade wat hy verrig het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke^f van die konings van Israel nie? ²⁸ Omri het by sy voorouers gaan rus, en hy is in Samaria begrawe. Sy seun Agab het in sy plek koning geword.

Agab koning van Israel

²⁹ Agab, seun van Omri, het koning geword oor Israel in die agt-en-dertigste regeringsjaar van Asa, koning van Juda. Agab, seun van Omri, het twee-en-twintig jaar lank as koning geheers oor Israel in Samaria.^g

³⁰ Agab, seun van Omri, het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE,^{*} meer nog as al sy voorgangers. ³¹ *En asof dit maar sommer 'n

^e16:24 2 kikar: Ongeveer 69 kg; •Geldeenhede.

^f16:27 boekrol ... kronieke: Vgl voetnoot in 1 Kon 16:5.

^g16:29 geheers ... Samaria: Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

*16:30 Agab ... HERE: Miga 6:16

*16:31 Op 2:20

kleinigheid was om met die sondes van Jerobeam,^h seun van Nebat, te volhard, neem hy toe as vrou Isebel, dogter van Etbaäl, die koning van die Sidoniërs.* Hy het Baälⁱ gaan dien en in aanbidding voor hom gebuig.³²* Hy het vir Baäl 'n altaar opgerig in die tempel van Baäl wat hy in Samaria gebou het.³³ Agab het ook 'n asjera^j gemaak. So het Agab meer gedoen om die HERE, die God van Israel, uit te tart as al die konings van Israel wat voor hom daar was.

³⁴ In sy regeringstyd het Giël, 'n man uit Bet-El, Jerigo herbou. Ten koste van Abiram, sy eersgeborene, het hy die fondament gelê, en ten koste van Segub, sy jongste, het hy die poortdeure opgerig. Dit was ooreenkomstig die woord van die HERE wat Hy by monde van Josua, seun van Nun, gespreek het.*

17

Elia die profeet

¹* Elia,* 'n man uit Tisbe, een van die nedersetters in Gilead, het vir Agab* gesê: “Sowaar as die HERE, die God van Israel, in wie se diens ek staan, leef, daar sal in die komende jare geen dou of reën wees nie,

^h**16:31 sondes van Jerobeam:** Dit verwys na die twee goue kalwers by Dan en Bet-El; vgl 1 Kon 12:28-33.

***16:31 Isebel ... Sidoniërs:** Eks 34:16; Deut 7:3-4; vgl 1 Kon 11:1

ⁱ**16:31 Baäl:** Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod, wat veral vereer is omdat geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21.

***16:32** 2 Kon 10:21,26-27

^j**16:33 asjera:** 'n Voorwerp wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin Asjera; •Baäl.

***16:34 Ten ... gespreek het:** Vgl Jos 6:26

***17:1** Luk 4:25; Jak 5:17; Op 11:6

***17:1 Elia:** 1 Kon 17:1; 2 Kon 1:8

***17:1 Agab:** 1 Kon 16:28-29

behalwe op gesag van my woord.”

² Die woord van die HERE kom toe daarna tot hom: ³ “Gaan weg hiervandaan; draai oos en gaan kruip weg by die spruit Krit, wat oos van die Jordaan is. ⁴ Uit die spruit kan jy drink, en vir die kraaie sal Ek opdrag gee om jou daar van kos te voorsien.” ⁵ Hy het gegaan en gemaak soos die HERE gesê het. Hy het by die spruit Krit gaan bly wat oos van die Jordaan is. ⁶ Die kraaie het telkens vir hom brood en vleis in die oggend gebring, en brood en vleis teen die aand; en uit die spruit kon hy drink. ⁷ Maar ná verloop van baie dae het die spruit opgedroog, want daar was geen reën in die land nie. ⁸ Die woord van die HERE kom toe tot hom: ⁹ ** “Maak gereed, gaan na Sarfat, wat aan Sidon behoort, en bly daar. Kyk, Ek het 'n weduwee daar beveel om jou van kos te voorsien.”

¹⁰ Hy maak toe gereed en gaan na Sarfat. Toe hy by die ingang van die dorp kom, is 'n weduwee juis daar besig om stukkies hout bymekaar te maak. Hy roep toe na haar en sê: “Bring asseblief vir my 'n bietjie water in 'n houer, sodat ek kan drink.” ¹¹ Terwyl sy gaan om dit te kry, roep hy na haar en sê: “Bring asseblief vir my 'n stukkie brood saam!” ¹² Maar sy antwoord: “So waar as die HERE u God leef, ek het niks behalwe 'n handvol meel in 'n kruik en 'n bietjie olyfolie in 'n fles nie. Ek was juis besig om 'n paar stukkies hout bymekaar te maak; dan gaan ek binnetoe en berei dit voor vir my en my seun, sodat ons dit kan eet en sterf.”

¹³ Elia sê toe vir haar: “Moenie bang wees nie! Gaan binnetoe en doen wat jy gesê het. Maar maak net eers vir my 'n klein roosterkoekie daarvan en bring dit vir my. Vir jou en jou seun kan jy daarna iets voorberei. ¹⁴ Want so sê die HERE, die God van Israel, ‘Die kruik met meel sal nie leeg raak nie, en die fles met olyfolie sal nie leeg loop nie,

*17:9-24 Matt 10:41

*17:9 Luk 4:26

tot op die dag dat die HERE reën op die aarde gee.’ ” ¹⁵ Sy het toe gegaan en gemaak soos Elia gesê het. En sy het geëet, sy en hy en haar huisgesin, dae lank. ¹⁶ Die kruik met meel het nie leeg geraak nie, en die fles met olyfolie het nie leeg geloop nie, ooreenkomstig die woord van die HERE wat Hy by monde van Elia gespreek het.

¹⁷ *Ná hierdie gebeure het die vrou, die eienares van die huis, se seun siek geword. Sy siekte het so erg geword dat daar nie meer asem in hom oor was nie. ¹⁸ *Sy sê toe vir Elia: “Wat het jy teen my, man van God?^k Het jy na my gekom om my sondeskuld bloot te lê en my seun te laat sterf?” ¹⁹ Hy het haar geantwoord: “Gee jou seun vir my.” Toe neem hy die seun uit haar arms en dra hom op na die bovertrek waar hy tuisgegaan het. Hy het hom op sy bed neergelê, ²⁰ tot die HERE geroep en gesê: “HERE my God, bring U selfs oor die weduwee by wie ek my as vreemdeling bevind, onheil deur haar seun te laat sterf?” ²¹ *Toe het hy hom drie keer bo-oor die kind uitgestrek en tot die HERE geroep en gesê: “HERE my God, laat die lewe van hierdie kind asseblief na hom terugkeer.” ²² Die HERE het geluister na Elia se smeekbede, en die lewe van die kind het na hom teruggekeer, en hy het geleef. ²³ *Elia het die kind geneem, hom uit die bovertrek na die huis afgeneem en hom vir sy ma gegee. Elia het gesê: “Kyk, jou seun leef!” ²⁴ Daarop sê die vrou vir Elia: “Nou is ek daarvan oortuig dat u 'n man van God is en dat die woord van die HERE uit u mond betroubaar is.”

*17:17-24 Vgl 2 Kon 4:32-37

*17:18 Vgl Matt 8:29; Mark 5:7

^k17:18 Wat ... God: Daar is onsekerheid oor die vertaling van hierdie Hebreeuse idioom. Word ook vertaal “wat het ons met mekaar te doen”.

*17:21 Hand 20:10

*17:23 Vgl Luk 7:15; Heb 11:35

Elia en die profete van Baäl

¹ 'n Geruime tyd later, in die derde jaar, het die woord van die HERE tot Elia* gekom: “Gaan verskyn aan Agab,* sodat Ek reën kan gee op die aarde.” ² Elia gaan toe om aan Agab te verskyn.

Die hongersnood was erg in Samaria,^{1 3}* en Agab het Obadja, die hoof van die hofhouding, ontbied. Obadja het groot ontsag vir die HERE gehad. ⁴ Toe Isebel* die profete van die HERE uitgeroei het, het Obadja 'n honderd profete geneem en hulle weggesteek — vyftig man in 'n grot — en hulle van brood en water voorsien. ⁵ Agab sê toe vir Obadja: “Gaan deur die land na al die waterfonteine en al die spruite. Dalk kry ons êrens gras, sodat ons die perde en muile aan die lewe kan hou, en nie van die diere van kant hoof te maak nie.”* ⁶ Hulle verdeel toe die land tussen hulle om dit deur te gaan: Agab het op sy eie in 'n rigting gegaan en Obadja het op sy eie in 'n ander rigting gegaan.

⁷ Terwyl Obadja op pad was, kom Elia hom onverwags teen. Obadja het hom herken en neergeval met sy gesig teen die grond. Hy sê toe: “Is dit werklik u, my heer Elia?” ⁸ Hy het hom geantwoord: “Dit is ek! Gaan sê vir jou heer, ‘Elia is hier’.” ⁹ Maar hy sê: “Wat het ek gesondig dat u u dienaar in die hand van Agab oorgee, sodat hy my kan doodmaak? ¹⁰ So waar as die HERE, u God, leef, daar is nie 'n nasie of koninkryk waarheen

* **18:1** 1 Kon 17:1; vgl Luk 4:25; Jak 5:17

* **18:1 Elia:** 1 Kon 17:1; 2 Kon 1:8

* **18:1 Agab:** 1 Kon 16:28-33

¹**18:2 Samaria:** Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

* **18:3-4** 1 Kon 18:12-13

* **18:4 Isebel:** 1 Kon 16:31

* **18:5 Gaan ... maak nie:** Joël 1:18

my heer nie boodskappers gestuur het om u te soek nie. As hulle gesê het, ‘Hy is nie hier nie’, het hy dié koninkryk of dié nasie laat sweer dat hulle u nie kon vind nie. ¹¹ En nou sê u, ‘Gaan sê vir jou heer: “Elia is hier!” ’ ¹² As ek hiervandaan sou weggaan en die Gees van die HERE neem u weg* — waarheen weet ek nie — en ek kom en vertel vir Agab, en hy vind u nie, sal hy my doodmaak. U dienaar het ontsag vir die HERE van sy jeug af.* ¹³ *Is daar nie vir my heer vertel wat ek gedoen het toe Isebel die profete van die HERE uitgemoor het nie? Ek het 'n honderd man van die HERE se profete weggesteek, vyftig hier en vyftig man daar, in grotte, en hulle van brood en water voorsien. ¹⁴ Nou sê u, ‘Gaan sê vir jou heer: “Elia is hier!” ’ Hy gaan my doodmaak.” ¹⁵ Maar Elia het gesê: “So waar as die HERE, Heerser oor alle magte, leef, Hy in wie se diens ek staan, ek sal beslis vandag nog voor hom verskyn.”

¹⁶ Obadja het Agab tegemoetgegaan en hom ingelig. Daarop het Agab gegaan om Elia te ontmoet. ¹⁷ *Toe Agab vir Elia sien, sê Agab vir hom: “Is dit jy, die een wat Israel in die ongeluk stort?*” ¹⁸ Maar hy antwoord: “Ek het Israel nie in die ongeluk gestort nie, maar dit is jy en jou familie, deurdat julle die gebooie van die HERE verontagsaam het, en deurdat jy agter die Baäls^m aangeloop het.* ¹⁹ Daarom, stuur boodskappers uit, bring die hele Israel by my byeen op die berg Karmel,* ook die vierhonderd-en-

*18:12 Gees ... weg: 2 Kon 2:16; vgl Eseg 3:12,14; 11:1; 43:5; Hand 8:39

*18:12 U dienaar ... af: 1 Kon 18:3

*18:13 1 Kon 18:4

*18:17 Jos 7:25; 1 Kon 21:20

*18:17 Israel ... stort: Vgl Jos 6:18; 7:25; Jer 38:4; Hand 16:20

^m18:18 Baäls: Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat mense geglo het dat hy die reën beheer. Die meervoud “Baäls” verwys na verskillende plaaslike uitbeeldings van die afgod.

*18:18 agter ... aangeloop het: 1 Kon 16:31

*18:19 berg Karmel: 2 Kon 2:25; 4:25

vyftig profete van Baäl en die vierhonderd profete van Asjeraⁿ wat aan die tafel van Isebel eet.”

²⁰ Agab het boodskappers uitgestuur na al die Israëliete, en die profete byeengebring by die berg Karmel. ²¹ Elia het nadergegaan na die hele volk en gesê: “Hoe lank gaan julle nog op twee krukke bly hink?^o As die HERE God is, volg Hom; as dit Baäl is, volg hom.*” Maar die volk het hom nie met 'n enkele woord geantwoord nie. ²² Toe sê Elia vir die volk: “Ek alleen het oorgebly as die profeet van die HERE,^{*} maar die profete van Baäl is vierhonderd-en-vyftig man. ²³ Hulle moet vir ons twee bulle gee. Hulle moet vir hulle 'n bul kies, dit opsny en op die hout neersit, maar kole vuur mag hulle nie gebruik nie. Ek sal die ander bul voorberei en op die hout plaas, maar kole vuur sal ek nie gebruik nie. ²⁴ *Dan moet julle die naam van julle god aanroep, en ek sal die Naam van die HERE aanroep. Die god wat met vuur antwoord, Hy is God.*” Die hele volk het daarop gereageer en gesê: “Dit is goed so.”

²⁵ Toe sê Elia vir die profete van Baäl: “Kies vir julle 'n bul en berei eerste voor, want julle is die meeste. Roep dan die naam van julle god aan, maar kole vuur mag julle nie gebruik nie.” ²⁶ Hulle neem toe die bul wat vir hulle gegee is, berei dit voor en roep van die oggend tot die middag die naam van Baäl aan, met die woorde: “Baäl, antwoord ons!” Maar daar was geen stem nie en niemand wat antwoord nie. Hulle het hink-hink gedans by die altaar wat voorberei is. ²⁷ Teen die middag het

ⁿ**18:19 Asjera:** 'n Godin wat veral in Fenisië vereer is, maar ook in Palestina, waar sy beskou is as die vrou van •Baäl.

^o**18:21 hink:** Die woord “hink” is 'n spottende verwysing na dienaars van Baäl se dans om die altaar; vgl 1 Kon 1:26.

^{*}**18:21 As die ... hom:** Vgl Jos 24:15

^{*}**18:22 Ek ... HERE:** 1 Kon 19:10,14; Rom 11:3

^{*}**18:24-39** Op 13:13

^{*}**18:24 Die god ... God:** 1 Kon 18:38

Elia hulle gespot en gesê: “Roep harder, want hy is mos 'n god! Hy is dalk ingedagte, of hy sonder hom af,^p of is op pad. Dalk is hy aan die slaap en moet wakker word.”²⁸ Hulle het toe harder geroep en, soos hulle gewoonte was, hulleself met swaarde en steekspiese stukkend gekerf totdat die bloed oor hulle geloop het.*²⁹ Ná die middag het hulle waansinnig te kere gegaan,^q totdat dit tyd was vir die bring van die •graanoffer.* Daar was egter geen stem nie, nie een wat antwoord nie, en geen reaksie nie.

³⁰ Toe sê Elia vir die hele volk: “Kom nader na my toe!” Die hele volk het nader gestaan na hom toe. Hy herstel toe die altaar van die HERE wat afgebreek was.³¹ Elia het twaalf klippe geneem, in ooreenstemming met die getal van die stamme van die seuns van Jakob,* vir wie die HERE gesê het: “Israel sal jou naam wees.”*³² Hy het met die klippe in die Naam van die HERE 'n altaar gebou en 'n watervoor wat ongeveer twee sea^r saad kon hou, rondom die altaar gegrawe.³³ Hy het die hout gerangskik, die bul opgesny en op die hout neergesit.³⁴ Toe sê hy: “Maak vier kruike vol water en gooi dit uit oor die brandoffer en die hout.” Hy sê toe: “Doen dit weer!” Hulle het dit weer gedoen. Daarna sê hy: “Doen dit 'n derde keer!” Hulle het dit 'n derde keer gedoen.³⁵ Die water het rondom die altaar geloop. Die water het selfs die voor volgemaak.

^p**18:27 sonder hom af:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Dit kan beteken ‘hy ontas’.

***18:28 gewoonte ... geloop het:** Deut 14:1; Jer 16:6; 41:5; 47:5; Hos 7:14

^q**18:29 waansinnig ... gegaan:** Dieselfde woord word in 1 Sam 18:10 gebruik vir die waansinnige optrede van Saul, en in 1 Sam 10:5-6 vir die geestesvervoering waarin profete soms was. Dit word ook vertaal “geprofeteer”.

***18:29 tyd ... graanoffer:** Eks 29:41; Lev 2:1-15

***18:31 twaalf ... Jakob:** Gen 35:22-26

***18:31 Israel ... wees:** Gen 32:28

^r**18:32 2 sea:** Ongeveer 15 ℓ; •Inhoudsmate.

³⁶ Toe dit tyd was vir die bring van die graanoffer, het Elia, die profeet, na vore getree en gesê: “HERE, God van Abraham, Isak en Israel,* laat dit vandag bekend word dat U God is in Israel* en dat ek u diensknecht is, en dat dit op gesag van u woord is dat ek al hierdie dinge gedoen het.

³⁷ Antwoord my, HERE, antwoord my, sodat hierdie volk kan weet dat U, HERE, die God is, en dat dit U is wat hulle harte weer laat terugkeer.”

³⁸ *Toe slaan die vuur van die HERE neer en verteer die brandoffer, die hout, die klippe en die los grond. Dit het selfs die water wat in die sloot was, opgelek. ³⁹ Toe die hele volk dit sien, val hulle neer met hulle gesigte teen die grond en sê: “Die HERE, Hy is God! Die HERE, Hy is God!” ⁴⁰ *Elia sê toe vir hulle: “Gryp die profete van Baäl! Niemand van hulle moet wegstroom nie!” Hulle het hulle gegryp, en Elia het hulle afgeneem na die spruit Kison en hulle daar omgebring.^s

⁴¹ Daarna sê Elia vir Agab: “Gaan! Eet en drink,^t want ek hoor die geruis van reën.” ⁴² *Agab het gegaan om te eet en drink, maar Elia het na die kruin van Karmel opgegaan en geboë op die grond gaan sit met sy kop tussen sy knieë. ⁴³ Hy het vir sy dienaar gesê: “Gaan asseblief boontoe en kyk uit in die rigting van die see.” Hy gaan toe boontoe en kyk uit, maar sê: “Daar is niks nie.” Elia sê toe: “Gaan weer! Doen dit sewe keer!” ⁴⁴ Die sewende keer sê hy toe: “Daar kom 'n wolkie so klein soos die palm van 'n man se hand uit die see op!”* Toe sê Elia: “Gaan!

***18:36 God ... en Israel:** Gen 28:13; Eks 4:5; Deut 6:3; 1 Kron 29:18; 2 Kron 30:6; Matt 22:32; Hand 7:32

***18:36 laat ... in Israel:** Jos 4:24; 1 Sam 17:46; 1 Kon 20:13

***18:38** 1 Kon 18:24; Vgl Lev 9:24; 1 Kron 21:26; 2 Kron 7:1

***18:40** Deut 13:5; 2 Kon 10:23-25

^s**18:40 omgebring:** Letterlik ‘afgeslag’.

^t**18:41 Eet en drink:** In tye van droogte is daar dikwels gevas.

***18:42-45** Jak 5:18

***18:44 Daar ... op:** Vgl Luk 12:54

Sê vir Agab, ‘Span in en gaan af, sodat die reën jou nie terughou nie.’ ”

⁴⁵ In 'n oogwink het die hemelruim donker geword van wolke en wind, en 'n geweldige reënbui het uitgesak. Agab het op sy strydwa geklim en na Jisreël* gegaan. ⁴⁶ Die hand van die HERE het van Elia besit geneem. Hy het sy kleed opgebind en voor Agab uit gehardloop tot by Jisreël.

19

Elia by Horeb

¹ Toe Agab* vir Isebel* alles vertel wat Elia gedoen het en hoe hy al die profete met die swaard doodgemaak het,* ² stuur Isebel 'n boodskapper na Elia om vir hom te sê: “Mag die gode my swaar straf^u as ek nie môre teen hierdie tyd jou lewe maak soos die lewe van een van hulle nie.”

³ Hy het bang geword,^v gereedgemaak en uit vrees vir sy lewe padgegee. Toe hy in Berseba,* wat aan Juda behoort, aankom, het hy sy dienaar daar agtergelaat.

⁴ Hy self het egter die woestyn^w in gegaan, 'n dagreis ver. Daar aangekom, het hy onder 'n witbesembos^x gaan sit en gevra dat sy lewe

*18:45 Jisreël: 1 Kon 21:1; 2 Kon 8:29; 9:16

*19:1 Agab: 1 Kon 16:28-29

*19:1 Isebel: 1 Kon 16:31; 18:4

*19:1 Elia ... doodgemaak het: 1 Kon 18:40

^u19:2 Mag ... straf: In Hebreeus is dit 'n eedformule wat lui “Mag gode so doen en so byvoeg”.

^v19:3 Hy ... geword: Enkele Hebreeuse mss, die •Septuagint, •Peshitta en •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui (met ander vokale) “en hy het gesien”.

*19:3 Berseba: Gen 21:31; 22:19

^w19:4 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^x19:4 witbesembos: Ongeveer 2 m hoog.

tot 'n einde moet kom. Hy het gesê: “Dit is nou genoeg, HERE! Neem my lewe,* want ek is nie beter as my voorouers nie.”⁵ Hy het gaan lê en aan die slaap geraak onder die enkele witbesembos.

Skielik was daar 'n engel wat hom aanraak en vir hom sê: “Staan op, eet!”⁶ Toe hy rondkyk, is daar sowaar by sy kop 'n roosterkoek op gloeiende kole gebak en 'n fles met water. Hy het geëet en gedrink en weer gaan lê.⁷ Maar die engel van die HERE^y het 'n tweede keer teruggekom, hom aangeraak en gesê: “Staan op, eet! Want die reis gaan vir jou te veeleisend wees.”⁸ Hy het toe opgestaan, geëet en gedrink. Met die krag van daardie voedsel het hy veertig dae en veertig nagte* geloop, tot by Horeb, die berg van God.*⁹ Daar het hy in 'n grot ingegaan en daar oornag.

En kyk, die woord van die HERE het tot hom gekom. Hy het vir hom gesê: “Wat maak jy hier, Elia?”¹⁰ Hy het geantwoord: “Ek het my volle ywer getoon vir die HERE, die God wat Heerser is oor alle magte, want die Israeliete het u verbond verlaat, u altare het hulle afgebreek en u profete met die swaard om die lewe gebring.* Ek alleen het oorgebly,* en hulle soek my lewe om dit te neem.*”¹¹ Maar Hy sê: “Gaan uit en staan op die berg voor die HERE.* Kyk, die HERE sal weldra verbygaan.”

*19:4 Neem my lewe: Vgl Num 11:15; Job 7:16; Jona 4:3,8

^y19:7 die engel van die HERE: Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat bloot opdragte uitvoer of boodskappe oordra. Dit word ook vertaal “die boodskapper van die HERE”.

*19:8 40 dae ... nagte: Eks 24:18; 34:28; Matt 4:2

*19:8 Horeb ... God: Eks 3:1; 1 Kon 8:9; Ps 106:19; vgl Sinai in Eks 19:11-23

*19:10 profete ... gebring: 1 Kon 18:4

*19:10,14 Ek alleen het oorgebly: 1 Kon 18:22; Rom 11:3

*19:10 die Israeliete ... neem: Rom 11:3

*19:11 Gaan ... voor die HERE: Vgl Eks 24:12; 34:2

Daar was 'n geweldige sterk wind*
wat die berge geskeur het,
wat die rotse verbrysel het voor die HERE;
in die wind was die HERE nie.
Ná die wind was daar 'n aardbewing;
in die aardbewing was die HERE nie.
¹²Ná die aardbewing was daar vuur;
in die vuur was die HERE nie.
Ná die vuur was daar 'n sagte gesuis.

¹³Toe Elia dit hoor, het hy dadelik sy gesig met sy mantel bedek.* Hy het uitgegaan en by die ingang van die grot gaan staan.

Meteens was daar 'n stem wat vir hom vra: “Wat maak jy hier, Elia?”

¹⁴Hy het geantwoord: “Ek het my volle ywer getoon vir die HERE, die God wat Heerser is oor alle magte, want die Israëliete het u verbond verlaat, u altare het hulle afgebreek en u profete met die swaard om die lewe gebring. Ek alleen het oorgebly, en hulle soek my lewe om dit te neem.” ¹⁵Toe sê die HERE vir hom: “Gaan terug op jou pad deur die woestyn, na Damaskus.* Wanneer jy daar aankom, moet jy Gasael as koning self oor Aram.* ¹⁶Jehu, seun van Nimsi, moet jy self as koning oor Israel,* en Elisa, seun van Safat, uit Abel-Megola, moet jy self as profeet in jou plek.* ¹⁷Wie aan die swaard van Gasael* ontkom —

* 19:11 geweldige ... wind: Vgl Jes 66:15; Eseg 1:4; Hand 2:2

* 19:13 sy ... bedek: Eks 3:6

* 19:15 Damaskus: 1 Kon 11:24; 2 Kon 8:7

* 19:15 Gasael ... Aram: 2 Kon 8:12-13

* 19:16 Jehu ... Israel: 2 Kon 9:2-3,6,13

* 19:16 Elisa ... plek: 1 Kon 19:19

* 19:17 swaard van Gasael: 2 Kon 13:3,22

Jehu sal hom doodmaak,* en wie aan die swaard van Jehu ontkom — Elisa sal hom doodmaak.¹⁸ *Maar Ek het in Israel sewentigduisend laat oorbly. Dit is al die knieë wat nie voor Baäl gebuig het nie en elke mond wat hom nie gesoen het nie.”

Elisa as Elia se opvolger

¹⁹ Elia het daarvandaan weggegaan en Elisa, seun van Safat, aangetref terwyl hy ploeg. Twaalf pare osse was voor hom aan die werk;^z hy was self by die twaalfde paar. Elia gaan toe na hom en gooi sy mantel oor hom.²⁰ Hy het die osse net daar gelaat, agter Elia aan gehardloop en gesê: “Ek wil asseblief my pa en ma met 'n soen gaan groet, dan sal ek u volg.”* Maar hy antwoord hom: “Gaan terug, want wat het ek aan jou gedoen?”²¹ Hy draai toe om agter hom, neem een paar osse, slag hulle en maak die vleis gaar met die osse se trekgoed. Hy gee dit toe vir die mense, en hulle het dit geëet. Toe maak hy gereed en volg Elia. Hy het sy helper geword.*

20

Oorlog tussen Agab en Ben-Hadad

¹ Ben-Hadad, die koning van Aram,* het sy hele leër byeengebring. Daar was twee-en-dertig konings saam met hom, met perde en strydwaens. Hy het opgetrek, Samaria* beleër en teen hulle geveg.² Hy

***19:17 Jehu sal hom doodmaak:** 2 Kon 9:7 — 10:28

***19:18 Rom 11:4**

^z**19:19 aan die werk:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***19:20 Ek ... volg:** Matt 8:21; Luk 9:61

***19:21 Hy het ... geword:** 2 Kon 3:11

***20:1 Ben-Hadad ... Aram:** 2 Kon 6:24; 8:7-15

***20:1 Samaria:** 1 Kon 16:23-24

stuur toe boodskappers na die stad, na Agab, koning van Israel. ³ Hy het vir hom laat weet: “So sê Ben-Hadad, ‘Jou silwer en jou goud behoort aan my, en jou vroue en die keur van jou seuns behoort aan my.’ ” ⁴ Die koning van Israel het daarop gereageer en gesê: “Dit is soos u sê, my heer die koning. Aan u behoort ek met alles wat myne is.”

⁵ Die boodskappers het toe teruggekom en gesê: “So sê Ben-Hadad, ‘Ek het wel vir jou laat weet: “Jou silwer en goud en jou vroue en seuns moet jy vir my gee.” ⁶ Maar môre teen hierdie tyd sal ek my dienaars na jou stuur, en hulle sal jou paleis en die huise van jou dienaars deursoek. Hulle sal op alles wat jy kosbaar ag, beslag lê en dit wegneem.’ ”

⁷ Die koning van Israel het toe al die oudstes^a van die land ontbied. Hy het vir hulle gesê: “Neem tog kennis hiervan, en sien in dat hierdie man moeilikheid soek; want hy het vir my 'n boodskap gestuur in verband met my vroue en my seuns, my silwer en my goud, en ek het hom dit nie geweier nie.” ⁸ Daarop sê al die oudstes en die hele volk vir hom: “U moet nie gehoor gee nie; u mag nie instem nie.” ⁹ Hy sê toe vir die boodskappers van Ben-Hadad: “Sê vir my heer die koning, ‘Alles wat u aanvanklik vir u dienaar laat weet het, sal ek doen, maar aan hierdie eis kan ek nie voldoen nie.’ ” Die boodskappers het toe gegaan en die antwoord aan hom oorgedra.

¹⁰ Ben-Hadad stuur toe aan hom dié boodskap: “Mag die gode my swaar straf^b as die stof van Samaria genoeg sal wees vir die bak hande van al die manskappe wat in my spore volg.” ¹¹ Maar die koning van

^a**20:7 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^b**20:10 Mag ... straf:** In Hebreeus is dit 'n vaste uitdrukking wat vertaal kan word as “So sal die gode doen en so sal hulle byvoeg”.

Israel het daarop gereageer en gesê: “Sê vir hom, ‘Wie hom omgord, moet nie spog soos die een wat al losmaak nie.’”^c ”¹² Toe Ben-Hadad hierdie boodskap hoor waar hy besig was om te drink, hy en die konings in die tydelike skuilings, sê hy vir sy amptenare: “Stel die oorlogstuig^d op!” Hulle het toe die oorlogstuig opgestel teen die stad.

¹³ Juis toe kom 'n sekere profeet by Agab, koning van Israel, aan en sê: “So sê die HERE, ‘Sien jy hierdie hele groot menigte? Kyk, Ek gaan hulle vandag in jou hand gee, sodat jy kan weet dat Ek die HERE is.’”^{*} ”¹⁴ Agab vra toe: “Deur wie?” Daarop antwoord hy: “So sê die HERE, ‘Deur die bestuurders^e van die provinsies se jong manne.’ ” Toe vra hy: “Wie moet die stryd aanknoop?” En hy antwoord: “U moet.”

¹⁵ Agab monster toe die bevelvoerders van die provinsies se jong manne. Hulle was tweehonderd twee-en-dertig. En agter hulle stel hy die hele leer op, al die Israeliete, seweduisend van hulle.¹⁶ Hulle het teen die middag uitgetrek, terwyl Ben-Hadad besig was om hom dronk te drink in die tydelike skuilings, hy en die konings, die twee-en-dertig konings wat hom moes help.¹⁷ Die bevelvoerders van die provinsies se jong manne het op die voerpunt uitgetrek.

Ben-Hadad het skildwagte^f uitgeplaas en hulle lig hom toe in: “Daar het manne uit Samaria uitgetrek.”¹⁸ Hy sê toe: “As hulle vir vrede uitgetrek het, moet julle hulle lewendig vang, en as hulle vir oorlog

^c**20:11 Wie ... losmaak nie:** Die spreekwoord beteken ‘Wie gereed maak vir oorlog, moet nie spog asof hy reeds oorwin het nie’; Vgl Spr 27:1.

^d**20:12 die oorlogstuig:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel. Die bronteks lui “stel op!”. Tydens 'n beleëring is stormramme gebruik, asook apparaat om klippe oor die stadsmuur te gooi.

^{*}**20:13 Ek die ... is:** Eks 7:5; 10:2; 14:4,18; vgl Eks 6:6

^e**20:14 bestuurders:** Dit dui die eerste verteenwoordigers van die koning aan.

^f**20:17 skildwagte:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

uitgetrek het, moet julle hulle lewendig vang.”¹⁹ Toe daardie manne uit die stad uittrek — die bevelvoerders van die provinsies se jong manne, met die leër agter hulle —²⁰ het elkeen sy teenstander verslaan. Aram het op die vlug geslaan en Israel het hulle agternagesit. Maar Ben-Hadad, koning van Aram, het op 'n perd ontvlug saam met die ruitery.²¹ Die koning van Israel het uitgetrek en die perde en strydwaens aangeval. Hy het Aram 'n groot nederlaag toegedien.

²² Daarna kom die profeet* by die koning van Israel en sê vir hom: “Gaan, wees dapper! Oorweeg dit en kyk wat u moet doen, want teen die jaarwending^g sal die koning van Aram weer teen u optrek.*”

²³ Die amptenare van die koning van Aram het vir hom gesê: “Hulle gode is berggode, daarom was hulle te sterk vir ons. Maar as ons op die vlakte teen hulle veg, sal ons beslis sterker wees as hulle.*²⁴ Doen dít: Verwyder die konings, elkeen uit sy pos, en stel streeksgoewerneurs in hulle plekke aan.²⁵ U kan dan self vir u 'n leër saamstel^h soos die leër wat vir u in die steek gelaat het, ook perde soos daardie perde, en strydwaens soos daardie strydwaens. Laat ons dan teen hulle veg op die vlakte; ons sal beslis sterker wees as hulle.” Hy het na hulle geluister en so gemaak.

²⁶ *Teen die jaarwending het Ben-Hadad die Arameërs gemonster en opgetrek na Afek* om teen Israel oorlog te voer.²⁷ Die Israëliete was

*20:22 die profeet: 1 Kon 20:13

^g20:22 jaarwending: Dit verwys na die begin van die lente. Die graanoeste was dan pas ingesamel en kosvoorrade was beskikbaar vir 'n groot leër.

*20:22 want ... optrek: 1 Kon 20:26

*20:23 Hulle gode ... as hulle: Ps 139:7-12

^h20:25 saamstel: Die Hebreeuse woord kan ook vertaal word “tel”. Dit verwys dan na die manskappe wat in groepe van vyftig, honderd en duisend opgedeel word.

*20:26 1 Kon 20:22

*20:26 Afek: 1 Sam 4:1; 29:1; 2 Kon 13:17

reeds gemonster en van voedsel voorsien. Hulle het vertrek om teen hulle te staan te kom. Die Israeliete het teenoor hulle kamp opgeslaan, maar was soos twee troppies bokke, terwyl die Arameërs die land vol was. ²⁸ Die man van God het egter na vore getree en vir die koning van Israel gesê: “So sê die HERE, ‘Omdat die Arameërs gesê het “Die HERE is 'n berggod; hy is nie 'n god van die valleie nie”, * gee Ek hierdie hele groot menigte in jou hand, sodat julle kan weet dat Ek die HERE is.’ ”

²⁹ Sewe dae lank het hulle so teenoor mekaar in kampe gestaan, en op die sewende dag het die oorlog uitgebreek. Die Israeliete het die Arameërs verslaan — honderdduisendⁱ voetsoldate op een dag. ³⁰ Dié wat oor was, het na Afek gevlug, na die stad; maar die stadsmuur het op die sewe-en-twintigduisend^j wat oor was, ingeval.

Ben-Hadad het ook gevlug en in die stad ingegaan, van een binnekamer na die ander. ³¹ Sy amptenare sê toe vir hom: “Kyk, ons het gehoor dat die konings van die huis van Israel welwillende konings is. Kom ons bind rouklere^k om ons heupe^{*} en toue om ons koppe^l en gaan uit na die koning van Israel. Miskien spaar hy u lewe.” ³² Hulle het toe rouklere om hulle heupe gebind en toue om hulle koppe, en uitgegaan na die koning van Israel. Hulle het gesê: “U dienaar Ben-Hadad sê, ‘Spaar asseblief my lewe!’ ” Die koning het gevra: “Leef hy dan nog? Hy is my broer!^m” ³³ Die manne het dit as 'n goeie teken gesien en hulle

***20:28 Die HERE ... valleie nie:** 1 Kon 20:23

ⁱ**20:29 100 000:** Kan ook vertaal word “honderd afdelings”.

^j**20:30 27 000:** Die bronteks kan ook vertaal word “sewe-en-twintig afdelings”.

^k**20:31 rouklere:** As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

***20:31 rouklere ... heupe:** Gen 37:34; 2 Sam 3:31; 1 Kon 21:27; Ps 35:13; Joël 1:13

^l**20:31 toue ... koppe:** 'n Tou om die kop was klaarblyklik 'n teken van oorgawe.

^m**20:32 my broer:** Dit beteken dat Agab nie meer Ben-Hadad se ondergeskikte is nie; vgl die aanspreekvorm “my heer die koning” in 1 Kon 20:4.

gehaas om dit van sy kant bevestig te kry.ⁿ Hulle het gesê: “Ja, u broer, Ben-Hadad!” Hy sê toe: “Gaan haal hom!” Ben-Hadad het uitgekóm na hom, en Agab het hom op sy strydwa laat klim.

³⁴ Daarop sê Ben-Hadad vir hom: “Die dorpe wat my pa van jou pa afgeneem het,* gee ek terug, en jy kan vir jou markte in Damaskus* aanlê, soos my pa dit in Samaria gedoen het.” “En ek,” het Agab gesê,^o “ek sal jou ná 'n ooreenkoms vrylaat.” Hy het toe 'n ooreenkoms met hom gesluit en hom vrygelaat.

³⁵ 'n Sekere man van die profetegroep^p het deur die woord van die HERE vir sy vriend gesê: “Slaan my asseblief!” Maar die man het geweier om hom te slaan. ³⁶ Hy sê toe vir hom: “Omdat jy nie na die stem van die HERE geluister het nie, gaan 'n leeu jou aanval sodra jy van my af weggaan.” Toe hy van hom af weggaan, kry 'n leeu hom en val hom aan.* ³⁷ Hy kry toe iemand anders en sê vir hom: “Slaan my asseblief!” Dié man het hom so geslaan dat hy hom verwond het.

³⁸ Daarop het die profeet die koning op die pad gaan voorstaan. Hy het hom vermom met 'n verband oor sy oë. ³⁹ Terwyl die koning verbygaan, roep hy na die koning^q en sê: “U dienaar het opgetrek in die oorlog.

ⁿ**20:33 bevestig te kry:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

***20:34 dorpe ... afgeneem het:** 1 Kon 15:20

***20:34 Damaskus:** 1 Kon 11:24

^o**20:34 het Agab gesê:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^p**20:35 profetegroep:** In die vertellings oor Elisa tree die profete dikwels as 'n groep op met een as die leier; vgl 2 Kon 4:38.

***20:36 leeu hom ... aan:** 1 Kon 13:24

^q**20:39 roep ... koning:** Die Hebreeuse werkwoord word dikwels gebruik wanneer iemand hom op die koning as die hoogste regterlike gesag beroep vir 'n beslissing; vgl 1 Kon 20:40.

Iemand tree toe skielik uit die gevegslinie, bring 'n man na my en sê, 'Bewaak hierdie man! As hy enigsins vermis word, sal dit jou lewe vir sy lewe wees, of jy sal 'n kikar^r silwer moet betaal.'⁴⁰ Maar terwyl u dienaar hier en daar met iets besig was, was hy net nie meer daar nie." Die koning van Israel sê toe vir hom: "Presies dit is jou vonnis; jy het dit self bepaal."

⁴¹ Hy haal toe vinnig die verband van sy oë af, en die koning van Israel herken hom as een van die profete. ⁴² Hy sê toe vir die koning: "So sê die HERE, 'Omdat jy die man op wie my banvloek^s rus, uit jou hand vrygelaat het, sal dit jou lewe in die plek van sy lewe wees, en jou volk in die plek van sy volk.' " ⁴³ Daarna het die koning van Israel na sy paleis gegaan, nors en woedend. So het hy in Samaria aangekom.

21

Nabot se wingerd

¹ Hierna het die volgende gebeur: Nabot, 'n man van Jisreël, het 'n wingerd gehad in Jisreël langs die paleis van Agab, koning van Samaria.^{t*} ² Agab praat toe met Nabot en sê: "Gee vir my jou wingerd, sodat dit my groentetuin kan word, want dit is reg langs my paleis. Ek sal vir jou in die plek daarvan 'n wingerd gee wat beter is as dié een. Of, as jy dit verkies, sal ek vir jou die prys daarvoor in silwer betaal."

³ Maar Nabot het Agab geantwoord: "Mag die HERE dit verhoed dat ek die erfgrond van my voorgeslagte aan u gee!"

^r20:39 kikar: Ongeveer 34,2 kg; •Geldeenhede.

^s20:42 banvloek: Dit beteken dat iets volledig aan die HERE behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die tempel of tempelpersoneel se besittings, of dit word, soos in hierdie geval, heeltemal vernietig.

^t21:1 Jisreël ... Samaria: Die "paleis" in Jisreël was waarskynlik 'n seisoenale tuiste van die koning, wie se permanente verblyf in Samaria was.

*21:1 Agab ... Samaria: 1 Kon 16:28-29

*21:3 erfgrond ... gee: Lev 25:23; Num 36:7; Eseg 46:18

⁴ Agab is toe huis toe, nors en woedend* oor die antwoord wat Nabot, die man van Jisreël, hom gegee het toe hy gesê het: “Ek sal nie die erfgrond van my voorouers vir u gee nie.” Hy het op sy bed gaan lê, sy gesig weggedraai en niks geëet nie.* ⁵ Isebel, sy vrou, het na hom gekom en vir hom gevra: “Nou hoekom is jy so nors en eet jy niks?” ⁶ Hy sê toe vir haar: “Omdat ek met Nabot, die man van Jisreël, gepraat en vir hom gesê het, ‘Verkoop aan my jou wingerd vir silwer; of as jy wil, sal ek self vir jou 'n wingerd in die plek daarvan gee,’ maar hy het my geantwoord, ‘Ek sal nie vir jou my wingerd gee nie.’ ” ⁷ Daarop sê sy vrou Isebel vir hom: “Jy is tog nou die een wat heerskappy voer oor Israel! Staan op, eet iets en wees vrolik. Ék sal vir jou die wingerd van Nabot, die man van Jisreël, gee.”

⁸ *Sy skryf toe briewe in die naam van Agab, verseël dit met sy rolseël^u en stuur die briewe aan die oudstes^v en hoëlui^w wat in sy dorp was, wat saam met Nabot gewoon het. ⁹ In die briewe het sy geskryf:

Roep 'n vasdag uit, en laat Nabot voor tussen die mense sit.

¹⁰ Laat twee manne, booswigte, teenoor hom sit en teen hom getuig:* “Jy het God en die koning gevloek!” Neem hom dan uit die dorp^x en stenig hom, sodat hy sterf.*

*21:4 Agab ... woedend: 1 Kon 20:43

*21:4 niks geëet nie: Vgl 1 Sam 28:23

*21:8 Vgl Est 3:12

^u21:8 rolseël: 'n Silindervormige voorwerp waarmee 'n persoon se kenmerkende seël op klei of was afgerol is, en wat aan 'n toutjie of kettinkie om die nek of arm gedra is; vgl Hoogl 8:6.

^v21:8 oudstes: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^w21:8 hoëlui: Die ryk grondbesitters en leidende figure in die gemeenskap.

*21:10 teen hom getuig: Eks 20:16; 23:1; Deut 5:20

^x21:10 die dorp: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*21:10 Jy ... sterf: Lev 24:15-16; Hand 6:11

¹¹ Die manne van sy dorp, die oudstes en hoëlui wat in sy dorp gewoon het, het toe opgetree ooreenkomstig die boodskap wat Isebel vir hulle gestuur het, net soos geskryf is in die briewe wat sy vir hulle gestuur het. ¹² Hulle het 'n vasdag uitgeroep en Nabot voor tussen die mense laat sit. ¹³ Die twee manne, die booswigte, kom toe en gaan sit teenoor hom. Die booswigte getuig toe voor die mense teen Nabot en sê: “Nabot het God en koning gevloek.” Hulle neem toe vir Nabot uit die dorp uit en gooi hom met klippe; en hy het gesterf. ¹⁴ Daarna laat weet hulle vir Isebel: “Nabot is gestenig en hy is dood.”

¹⁵ Toe Isebel hoor dat Nabot gestenig is en gesterf het, gaan sê sy dadelik vir Agab: “Staan op! Neem Nabot, die man van Jisreël, se wingerd in besit wat hy geweier het om aan jou te verkoop,^y want Nabot leef nie meer nie, ja, hy is dood.” ¹⁶ Toe Agab hoor dat Nabot dood is, het hy dadelik opgestaan om af te gaan na Nabot, die man van Jisreël, se wingerd, om dit in besit te neem.

¹⁷ Maar die woord van die HERE het tot Elia, die man uit Tisbe,^{*} gekom: ¹⁸ “Maak gereed, gaan af om Agab, die koning van Israel, wat in Samaria^{*} woon, te ontmoet. Kyk, hy is in Nabot se wingerd, waarheen hy afgegaan het om dit in besit te neem. ¹⁹ Sê dan vir hom, ‘So sê die Here: “Het jy moord gepleeg en ook nog erfgoed in besit geneem?” ’ Sê verder vir hom, ‘So sê die Here: “Op die plek waar die honde Nabot se bloed opgelek het, sal die honde ook jóú bloed oplek.”^{* ’ ’}”

²⁰ Agab het vir Elia gesê: “Het jy my gekry, my vyand?”^{*} Hy het geantwoord: “Ek het jou gekry, want jy het jouself daaraan oorgegee om

^y21:15 om ... verkoop: Die bronteks lui “om aan jou te gee vir silwer”.

^{*}21:17 Elia ... Tisbe: 1 Kon 17:1; 2 Kon 1:8

^{*}21:18 Samaria: 1 Kon 16:23-24

^{*}21:19 Op ... oplek: 1 Kon 22:38; 2 Kon 9:25

^{*}21:20 Het jy ... vyand: Vgl 1 Kon 18:17

te doen wat verkeerd is in die oë van die HERE. ²¹ Die HERE het gesê,^z ‘Kyk, ek gaan onheil oor jou bring. Ek gaan jou wegvee.^a Ek sal van Agab die mansmense^b in Israel uitroei, dié wat gevange is en dié wat vrygelaat is.^c ²² Ek sal jou koningshuis maak soos die koningshuis van Jerobeam,^{*} seun van Nebat, en soos die koningshuis van Baesa,^{*} seun van Agija, oor die uittarting waarmee jy My getart het en oor jy Israel laat sondig het.’^{*} ²³ *Ook in verband met Isebel het die HERE uitspraak gelewer, ‘Die honde sal Isebel verslind by die verdedigingswal^d van Jisreël. ²⁴ *As iemand van Agab in die stad sterf, sal die honde hom verslind; en as iemand van Agab in die veld sterf, sal die voëls van die hemel hom verslind.’ ”

²⁵ Daar was werklik niemand wat hom soos Agab daaraan oorgegee het om te doen wat verkeerd is in die oë van die HERE nie, want sy vrou Isebel het hom daartoe aangespoor. ²⁶ *Hy het uiters afstootlik opgetree deur agter die afgodsbeelde aan te loop,

^z**21:21 Die ... gesê:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^a**21:21 jou wegvee:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “agter jou wegvee”. Die bedoeling is klaarblyklik dat alle spore van die koningshuis doodgevee sal word.

^b**21:21 mansmense:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “hulle wat teen 'n muur urineer”, wat 'n neerhalende uitdrukking is.

^c**21:21 dié wat gevange ... vrygelaat is:** Die Hebreeuse idioom dui daarop dat almal ingesluit is.

^{*}**21:22 soos ... Jerobeam:** 1 Kon 15:29

^{*}**21:22 en soos ... Baesa:** 1 Kon 16:3,11

^{*}**21:22 oor die ... sondig het:** 1 Kon 6:30-33

^{*}**21:23** 2 Kon 9:10,36-37

^d**21:23 by die verdedigingswal:** Verskeie Hebreeuse mss, die •Peshitta, •Targum en •Vulgaat lui “op die stuk grond”; vgl 2 Kon 9:36.

^{*}**21:24** 1 Kon 14:11

^{*}**21:26** Eks 23:23-24,33; Deut 8:19; 12:30; Jos 24:15; Rig 6:10

net soos die Amoriete gedoen het, hulle vir wie die HERE voor die Israelite uit verdryf het.

²⁷ Toe Agab hierdie woorde hoor, het hy sy klere geskeur,* rouklere^e aangetrek* en gevas.* Hy het in rouklere geslaap en neerslagtig rondgeloop. ²⁸ Die woord van die HERE kom toe tot Elia, die man uit Tisbe: ²⁹ “Het jy gesien dat Agab homself voor My verneder het? Omdat hy hom voor My verneder het, sal Ek nie die onheil in sy tyd bring nie. In die tyd van sy seun sal Ek die onheil oor sy huis bring.*”

22

Agab se dood

¹ Vir drie jaar was dit rustig.^f Daar was nie oorlog tussen Aram en Israel nie. ²* In die derde jaar het Josafat, die koning van Juda,* afgegaan na die koning van Israel.^g ³ Die koning van Israel het vir sy amptenare gesê: “Besef julle dat Ramot in Gilead* aan ons behoort, maar ons huiwer om dit uit die hand van die koning van Aram te neem?” ⁴ Hy vra toe vir Josafat: “Sal jy saam met my gaan vir die geveg

***21:27 klere geskeur:** Gen 37:9; 44:13; 2 Kon 2:12; 6:30

^e**21:27 rouklere:** As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

***21:27 rouklere aangetrek:** Gen 37:34; 2 Sam 3:31; 1 Kon 20:31; Ps 35:13; Joël 1:13

***21:27 gevas:** 1 Kron 10:12; Est 4:3; Matt 4:2

***21:29 In die ... bring:** 2 Kon 9:24-25

^f**22:1 was dit rustig:** Die •bronteks lui “het hulle gesit”.

***22:2-35** 2 Kron 18:2-34

***22:2 Josafat ... Juda:** 1 Kon 15:24; 22:41-51; 2 Kron 18:1

^g**22:2 koning van Israel:** Agab; 1 Kon 15:28-33

***22:3 Ramot in Gilead:** Deut 4:43; Jos 20:8; 2 Kon 8:28; 9:1; 2 Kron 18:2

by Ramot in Gilead?” Josafat het die koning van Israel geantwoord: “Ek is soos jy; my manskappe is soos jou manskappe, my perde is soos jou perde.”⁵ Josafat sê toe vir die koning van Israel: “Raadpleeg net eers die woord van die HERE.”

⁶ Daarop het die koning van Israel die profete byeengebring, ongeveer vierhonderd man, en vir hulle gesê: “Moet ek teen Ramot in Gilead optrek vir die geveg, of moet ek daarvan afsien?” Hulle antwoord was: “Trek op! My Heer gee dit in die hand van die koning.”⁷ Josafat sê toe: “Is hier nie nog 'n profeet van die HERE nie, sodat ons deur hom die HERE kan raadpleeg?”⁸ Die koning van Israel het Josafat geantwoord: “Daar is nog een man deur wie ons die HERE kan raadpleeg. Maar wat my betref, ek het 'n weersin in hom, want hy profeteer niks goeds oor my nie, net onheil. Dit is Miga, seun van Jimla.” Josafat sê toe: “Die koning moet nie so sê nie.”⁹ Die koning van Israel ontbied toe 'n lid van sy paleispersoneel^h en sê: “Gaan haal gou vir Miga, seun van Jimla.”

¹⁰ Terwyl die koning van Israel en Josafat, koning van Juda, elkeen op sy troon gesit het, geklee in koninklike drag, op 'n dorsvloer by die ingang van die stadspoort van Samaria,^{*} was al die profete voor hulle in geestesvervoering.ⁱ ¹¹ Sedekia, seun van Kenaäna, het vir hom ysterhorings^{*} gemaak en gesê: “So sê die HERE, ‘Hiermee gaan u die Arameërs gaffel

^{*}22:4 Ek ... jou perde: 2 Kon 3:7

^{*}22:7 Vgl 2 Kon 3:11

^h22:9 lid ... paleispersoneel: In Hebreeus *saris*. 'n Belangrike amptenaar aan die koninklike hof. Indien hy in die harem van die koning moes werk, was hy gewoonlik 'n ontmande.

^{*}22:10 Samaria: 1 Kon 16:23-24

ⁱ22:10 in geestesvervoering: Dieselfde woord word in 1 Sam 18:10 gebruik vir die waansinnige optrede van Saul; vgl ook 1 Sam 10:5-6; 1 Kon 18:29. Dit word ook vertaal “profeteer”.

^{*}22:11 ysterhorings: Vgl Deut 33:17

totdat hulle vernietig is.’ ”¹² Al die ander profete was besig om dieselfde te profeteer en het gesê: “As u optrek na Ramot in Gilead, sal u sukses behaal!^j Die HERE sal dit in die hand van die koning gee.”

¹³ Die boodskapper wat gegaan het om Miga te ontbied, het vir hom gesê: “Kyk, die woorde van die profete is, asof uit een mond, gunstig vir die koning. Laat jou woorde asseblief wees soos een van hulle se woorde. Voorspel iets goeds!”¹⁴ Maar Miga het geantwoord: “So waar as die HERE leef, wat die HERE vir my sê, dit sal ek oordra.”*

¹⁵ Toe hy by die koning aankom, sê die koning vir hom: “Miga, moet ons na Ramot in Gilead gaan vir die geveg of moet ons daarvan afsien?” Hy antwoord hom toe: “As u optrek, sal u sukses behaal! Die HERE sal dit in die hand van die koning gee.”¹⁶ Daarop sê die koning vir hom: “Hoeveel keer moet ek jou laat sweer dat jy in die Naam van die HERE met my niks anders as die waarheid sal praat nie?”

¹⁷ Toe sê Miga: “Ek het die hele Israel gesien, uitmekaar gedryf op die berge soos 'n kudde wat nie 'n herder het nie.* Die HERE het gesê, ‘Hierdie mense het geen gesagvoerder nie. Laat elkeen van hulle in vrede terugkeer na sy huis.’ ”¹⁸ Daarop sê die koning van Israel vir Josafat: “Het ek dit nie vir jou gesê nie? Hy profeteer oor my niks goeds nie, net onheil.”

¹⁹* Maar Miga het verder gesê: “Daarom, hoor die woord van die HERE! Ek het die HERE sien sit op sy troon,* met die hele hemelse leër* wat by Hom staan, aan sy regter- en aan sy linkerkant.²⁰ Toe sê die HERE, ‘Wie

^j**22:12 As ... behaal:** Word ook vertaal “Trek op na Ramot in Gilead en wees suksesvol!”

***22:14 So ... oordra:** Vgl Num 22:18,38

***22:17 Ek het ... het nie:** Num 27:16-17; Matt 9:36; 26:31; Mark 6:34

***22:19** Op 4:2,9-10; 5:7,13; 7:10; 19:4; 21:5

***22:19 Ek ... troon:** Jes 6:1; Dan 7:9-10

***22:19 met ... leër:** Job 1:6; 2:1; Heb 1:7,14; 12:2; Op 9:16

sal Agab mislei, sodat hy optrek en val by Ramot in Gilead?’ Die een het dit voorgestel en die ander dat. ²¹ 'n Gees tree toe na vore, gaan staan voor die HERE en sê, ‘Ek is die een wat hom sal mislei.’ Toe vra die HERE vir hom, ‘Hoe?’ ²² Hy het geantwoord, ‘Ek sal uitgaan en 'n leuengees wees in die mond van al sy profete.’ Daarop sê die HERE, ‘Jy sal hom mislei en ook slaag. Gaan maak so!’ ²³ Daarom, kyk, die HERE het 'n leuengees geplaas in die mond van al hierdie profete* van u. Die HERE het onheil teen u gelas.”

²⁴ Daarop het Sedekia, seun van Kenaäna, na vore gekom; hy het Miga op die wang geslaan* en gesê: “Nou waar het die Gees van die HERE dan van my af na jou oorgegaan om met jou te praat?” ²⁵ Maar Miga het gesê: “Kyk, jy gaan dit ervaar op daardie dag wanneer jy van een binnekamer na die ander gaan om weg te kruip.”

²⁶ *Toe sê die koning van Israel: “Neem Miga en laat hom teruggaan na Amon, die stadsbestuurder, en Joas, die seun van die koning, ²⁷ en sê, ‘So sê die koning: “Sit hierdie man in die gevangenis, en gee hom 'n karige rantsoen brood en water^k totdat ek ongedeed terugkom.*” ’ ” ²⁸ Maar Miga het gesê: “As u inderdaad ongedeed terugkom, het die HERE nie deur my gesprek nie.” Hy sê toe ook nog: “Mense, luister, almal van julle!”

²⁹ Daarna het die koning van Israel en Josafat, koning van Juda, opgetrek

*22:23 leuengees ... profete: Jes 19:14; Jer 4:10; Eseg 14:9; 2 Thess 2:11

*22:24 op ... geslaan: Matt 26:67; Mark 14:65; Joh 18:22; Hand 23:2

*22:26-27 Heb 11:36

^k22:27 gee ... water: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “laat hom brood van verdrukking en water van verdrukking eet”. Die uitdrukking het vermoedelik sy oorsprong by die beleëring van 'n stad wanneer kos en water gerantsoeneer is.

*22:27 totdat ... terugkom: 1 Kon 22:37

na Ramot in Gilead. ³⁰ Die koning van Israel het vir Josafat gesê: “Ek gaan vermom* in die geveg in, maar dra jy jou koninklike drag.” So het die koning van Israel hom vermom en in die geveg ingegaan.

³¹ Die koning van Aram het die aanvoeders van sy strydswamag, twee-en-dertig van hulle, opdrag gegee: “Moet niemand, belangrik of onbelangrik, die stryd aansê nie, behalwe die koning van Israel alleen.” ³² Toe die aanvoeders van die strydswamag Josafat sien, sê hulle: “Dit is beslis die koning van Israel!” Hulle het na hom weggedraai om te veg, maar Josafat het om hulp geroep. ³³ En toe die aanvoeders van die strydswamag sien dat hy nie die koning van Israel is nie, het hulle agter hom omgedraai.

³⁴ Iemand het egter lukraak sy boog gespan en die koning van Israel getref tussen die skubbe en die pantser.¹ Hy sê toe vir die drywer van sy strydwa: “Ruk die perde om^m en neem my uit die geveg, want ek is swaar gewond.” ³⁵ Die geveg het egter daardie dag hewig geword, en die koning is staande gehou op sy strydwa teenoor die Arameërs. Teen die aand het hy gesterf. Die bloed van sy wond het in die strydwa se bak uitgeloop. ³⁶ Net nadat die son ondergegaan het, het 'n harde uitroep deur die kamp weerklink: “Elkeen na sy stad, elkeen na sy grond!”

³⁷ So het die koning gesterf en dood in Samaria aangekom. Hulle het die koning in Samaria begrawe. ³⁸ *Toe hulle die strydwa afgespoel het by die dam van Samaria, terwyl die prostitute gewas het, het die honde sy bloed opgelek,ⁿ ooreenkomstig die woord van die HERE wat Hy

***22:30 Ek gaan vermom:** Vgl 1 Sam 28:8; 2 Kron 25:22

¹**22:34 skubbe ... pantser:** Die gevegsharnas het waarskynlik bestaan uit 'n soort pantserhemp oor die bors en metaalskubbe oor die arms.

^m**22:34 Ruk ... om:** Letterlik ‘keer jou hand om’. Dit verwys na een van die hande wat die teuels vashou.

***22:38** 1 Kon 21:19

ⁿ**22:38 terwyl ... opgelek:** Die •Septuagint lui “die varke en honde het sy bloed gelek en die prostitute het daarin gebad”.

gespreek het.

³⁹ Die verdere geskiedenis van Agab, alles wat hy gedoen het, die paleis met ivoorinleg* wat hy gebou het en al die stede wat hy versterk het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke^o van die konings van Israel nie? ⁴⁰ Agab het by sy voorouers gaan rus, en sy seun Ahasia het in sy plek koning geword.

Josafat koning van Juda

⁴¹ ** Josafat, seun van Asa,* het in die vierde regeringsjaar van Agab, koning van Israel, koning geword oor Juda. ⁴² Josafat was vyf-en-dertig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het vyf-en-twintig jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Asuba, dogter van Silgi. ⁴³ Hy het die pad van sy pa Asa* in alle opsigte gevolg. Hy het nie daarvan afgewyk nie, en gedoen wat reg is in die oë van die HERE. ⁴⁴ Die offerhoogtes^p is egter nie verwyder nie.* Die volk het nog steeds geslag en offers verbrand by die offerhoogtes. ⁴⁵ * Josafat het 'n vredesooreenkoms gehad met die koning van Israel. ⁴⁶ * Die verdere geskiedenis van Josafat, sy magtige daade wat hy verrig het en die

***22:39 paleis met ivoorinleg:** Am 3:15

^o**22:39 boekrol ... kronieke:** Dit verwys na die koninklike geskiedskrywing, en nie na die boek *Kronieke* nie.

***22:41-46** 2 Kron 20:31-34

***22:41** 1 Kon 15:24; 22:2; 2 Kron 17:1

***22:41 Asa:** 1 Kon 15:8-14

***22:43 pad ... Asa:** 1 Kon 15:11

^p**22:44 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

***22:44 Die offerhoogtes ... verwyder nie:** 1 Kon 15:14

***22:45** 1 Kon 22:4

***22:46** 2 Kron 20:34

oorloë wat hy gevoer het, is dit nie opgeteken in die boekrol met die kronieke^q van die konings van Juda nie?

⁴⁷ *Die res van die manlike tempelprostitute,^r dié wat oorgebly het uit die tyd van sy pa Asa, het hy van die aarde af verdelg. ⁴⁸ Daar was nie 'n koning in Edom* nie; 'n landvoog het as koning opgetree. ⁴⁹ *Josafat het handelskepe^s gebou om goud in Ofir* te gaan haal, maar dit het nie gebeur nie, want die skepe het by Es-jon-Geber* vergaan. ⁵⁰ Toe het Ahasia,* seun van Agab,* vir Josafat gesê: “Laat my dienaars saam met jou dienaars op die skepe gaan.” Maar Josafat wou nie.

⁵¹ Josafat het by sy voorouers gaan rus, en hy is begrawe by sy voorouers in die Stad van Dawid,* sy voorvader. Sy seun Jehoram^{tu} het in sy plek koning geword.

^q22:46 boekrol ... kronieke: Vgl voetnoot in 1 Kon 22:39.

*22:47 1 Kon 15:12

^r22:47 manlike tempelprostitute: In die vrugbaarheidsgodsdiens was daar manne en vroue wat by die tempels as prostitute diens gedoen het; vgl Deut 23:17.

*22:48 Edom: 2 Sam 8:13-14

*22:49-51 2 Kron 20:36 — 21:1

^s22:49 handelskepe: Kan ook vertaal word “skepe van Tarsis”; vgl 1 Kon 10:22; Ps 48:8; Jes 2:16.

*22:49 Ofir: 1 Kon 9:28

*22:49 Es-jon-Geber: 1 Kon 9:26; 2 Kron 8:17

*22:50 Ahasia: 1 Kon 22:40,52-54; 2 Kon 1:2-18

*22:50 Agab: 1 Kon 16:29-33; 18:1 — 22:40

*22:51 Stad van Dawid: 2 Sam 5:7,9; 1 Kon 2:10; 8:1

^t22:51 Jehoram: Die name Jehoram en Joram kom in die bronteks afwisselend voor vir hierdie koning van Juda, en ook vir 'n koning van Israel. Om verwarring te voorkom, word die naam Jehoram gebruik vir die koning van Juda, en Joram vir die koning van Israel.

^u22:51 Sy seun Jehoram: Matt 1:8 gebruik die naam Joram.

Ahasia koning van Israel

⁵² Ahasia, seun van Agab,^{*} het in Samaria^v koning geword oor Israel in die sewentiende regeringsjaar van Josafat, koning van Juda.^{*} Hy het twee jaar lank as koning geheers oor Israel. ⁵³ Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. Hy het die pad gevolg van sy pa en sy ma^{*} en van Jerobeam, seun van Nebat, wat Israel laat sondig het.^w ⁵⁴ Hy het Baäl^x gedien en voor hom in aanbidding gebuig. Hy het die HERE, die God van Israel, getart, presies soos sy pa dit gedoen het.

^{*}22:52 Ahasia ... Agab: 1 Kon 22:50

^v22:52 Samaria: Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

^{*}22:52 Josafat ... Juda: 1 Kon 22:2

^{*}22:53 pad ... ma: 1 Kon 16:30-33; 21:25-26

^w22:53 Jerobeam ... sondig het: Dit verwys na die twee goue kalwers by Dan en Bet-El; vgl 1 Kon 12:28-33.

^x22:54 Baäl: Baäl was 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21.